

„'n Sosiologiese Onderzoek van die  
Huislike Agtergrond van Onbeheerbare  
Jeugdige, gebaseer op die Amptelike  
Rekords van die Streekkantoor van die  
Departement van Volkswelsyn te  
Pretoria”

DEUR

C. D. ROODE, B.A. HONS.

Klas T 364.2 Roo

Nr. 61035

UNIVERSITEIT  
O.V.S.



BIBLIOTEEK

1107967340222000010



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK



11107967340222000010

h SOSIOLOGIESE ONDERSOEK VAN DIE  
HUISLIKE AGTERGROND VAN ONBEHEERBARE  
JEUGDIGES, GEBASEER OP DIE AMPTELIKE  
REKORDS VAN DIE STREEKKANTOOR VAN  
DIE DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN TE  
PRETORIA.

deur

CHRISTIAAN DAWFRE ROODE.

---

Voorgelê ter vervulling van h gedeelte  
van die vereistes vir die graad  
MAGISTER ARTIUM  
in die Fakulteit van Lettere en  
Wysbegeerte, aan die Universiteit van  
die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Januarie 1961.

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-  
FRYSLAAT  
BLOEMFONTEIN

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Handwritten notes and stamps, including a date stamp "15 AUG 1961" and a library number "610345".

Universiteit van die Oranje-Fryslaat  
BLOEMFONTEIN  
15 AUG 1961  
KLAS No. T 364. 2 Roo  
No. 610345  
BIBLIOTEEK

## VOORWOORD.

Dit is my h behoefte van die hart om, naas die Allerhoogste, die volgende persone en instansies te bedank wat my op een of ander wyse hulp verleen het by die voltooiing van hierdie verhandeling:

My ouers, wat my in staat gestel het om my studies te begin en tot hier te voltooi, en wie se belangstelling en entoesiasme my h riem onder die hart was;

my vrou, sonder wie se aanmoediging, hulp en bystand die voltooiing van hierdie werk op hierdie tydstip beswaarlik moontlik sou gewees het;

hooggeagte prof.dr. J. de W.Keyter, grondlegger van die sosiologie by my en onder wie se leiding die verhandeling voltooi is - sy diepe lewensinsig, kennis van en opoffering vir die Sosiologie, stel steeds h navolgingswaardige voorbeeld wat moeilik, indien wel, oortref kan word; wat u vir my persoonlik beteken het, prof. Keyter, kan beswaarlik in woorde omskryf word;

my voormalige kollegas by die Pretoria-streekkantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, en in besonder mnr. J.Immelman, vir hulle gewaardeerde hulp by die insameling van die gegewens;

die Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene vir die toestemming om gebruik te maak van die gegewens vir die doeleindes van hierdie verhandeling;

alle ander persone wat direk of indirek hulp verleen het by die voltooiing van die werk.

DIE SKRYWER,  
PIETERSBURG, Januarie 1961.

---

## INHOUDSOPGAWE.

### HOOFSTUK I - INLEIDING.....pp. 1 - 11.

1. Doel van Studie.....p: 1
2. Begripsbepaling.....p. 3
3. Omvang en Metode van Studie..... p. 8
4. Probleme ondervind i.v.m. Studie.... p. 10

### HOOFSTUK II - DIE VERBROKKELING VAN DIE GESINSBANDE IN DIE MODERNE SAMELEWING..... pp.12 - 19.

### HOOFSTUK III - DIE HUISLIKE AGTERGROND VAN DIE ONBEHEERBARE KIND..... pp.20 - 122.

#### A. DIE BINNE-HUISLIKE OMGEWING:

- (a) Inleiding..... p. 20
- (b) Die Ontrederde (onvolledige)  
huisgesin..... p. 22
- (c) Gesinsverhoudinge en ouerlike  
dissipline..... p. 34
  - (i) Ongunstige gesinsverhoudinge..p. 34
  - (ii) Defektiewe ouerlike dissi-  
pline..... p. 39
- (d) Die Morele Peil van die Ouers..... p. 45
  - (i) Drankmisbruik..... p. 45
  - (ii) Sedeloosheid of immorele ge-  
drag van die ouers..... p. 48
  - (iii) Kriminaliteit aan die kant  
van die ouers..... p. 52
  - (iv) Samevatting i.v.m. die morele  
peil van die ouers..... p. 55
- (e) Die Ekonomiese Status van die  
Ouers..... p. 59
  - (i) Armoede..... p. 59
  - (ii) Die Grootte van die Gesin.... p. 66
  - (iii) Behuisingsfaktore..... p. 74
- (f) Ander Ekonomies Na-verwante faktore..p. 79
  - (i) Inleiding..... p. 79
  - (ii) Die Werkende Moeder..... p. 80
  - (iii) Werksrekord van die Vader.... p. 83
  - (iv) Die Aard van die Vader se  
Werk..... p. 86

/ (G) Religieuse

(Inhoudsopgawe vervolg) :

- (g) Religieuse Aspekte..... p. 90
- (h) Ouderdomsaspekte van die Gesinslewe..... p. 95
- (j) Addisionele besonderhede i.v.m. die Gesinslewe..... p. 103

B. DIE BUIITE-HUISLIKE OMGEWING:

- (a) Inleiding..... p. 107
- (b) Omgewingsfaktore..... p. 108
- (c) Die Invloed van Swak Maats op die gedrag van die Kind..... p. 112
- (d) Vryetydsbesteding en die Onbeheerbare Kind..... p. 119

HOOFSTUK IV - DIE PERSOONLIKE AGTERGROND VAN DIE ONBEHEERBARE KIND..... pp.123 - 161.

- (a) Inleiding..... p. 123
- (b) Die Ouderdomme van Onbeheerbare Jeugdige..... p. 124
- (c) Die Intelligensie van die Onbeheerbare Jeugdige..... p. 130
- (d) Skolastiese peil en Skoolbesoek.. p. 138
- (e) Die Aard van die Wangedrag en Oortredings..... p. 145
- (f) Die Geboorteposisie van die Onbeheerbare Kind..... p. 154
- (g) Die Gesondheid van die Onbeheerbare Kind..... p. 159

HOOFSTUK V - SLOTOPMERKINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS..... pp.162 - 185

- (a) Die Oorsake van Misdaad en Jeugwangedrag..... p. 162
- (b) Verdere Gevolgtrekkings..... p. 167
- (c) Aanbevelings..... p. 174
  - (i) Oueropvoeding..... p. 174
    - 1. Opvoeding deur middel van die radio en die pers.... p. 175
    - 2. Opvoeding deur middel van die Skool..... p. 177



(Inhoudsopgawe vervolg) :

- (ii) Konstruktiewe Gesinsorg.... p. 182
- (iii) Regte Vryetydsbesteding.... p. 182
- (iv) Verdere Navorsing..... p. 183

BIBLIOGRAFIE..... pp.186 - 190.

---

T A B E L L E.

TABEL I -

Die Krimineel-geneigdheid al dan nie  
van die Totale aantal Gevalle..... p. 9

TABEL II -

Die Volledigheid van die huisgesinne  
van die Totale aantal Kinders..... p. 23

TABEL III -

Die Aard van die Gesinsverhoudinge in  
die Gesinne van die Totale aantal  
Kinders..... p. 36

TABEL IV -

Die Aard van die Ouerlike Dissipline  
soos dit by die onbeheerbare kinders  
in hierdie ondersoek voorkom..... p. 39

TABEL V -

Aard van Defektiewe Ouerlike Dissipline  
by onbeheerbare Kinders..... p. 41

TABEL VI -

Drankmisbruik by die Ouers van Onbe-  
heerbare Jeugdiges..... p. 46

TABEL VII -

Immoraliteit by die Ouers van Onbe-  
heerbare Jeugdiges..... p. 49

TABEL VIII -

Positiewe/Negatiewe Korrelasie tussen  
die Ouers se Immoraliteit en die Kin-  
ders se Immoraliteit..... p. 51

TABEL IX -

Kriminele neigings van die Ouers van  
Onbeheerbare Jeugdiges..... p. 53

/ TABEL X

(Inhoudsopgawe vervolg) :

TABEL X -

Positiewe/Negatiewe korrelasie tussen  
kriminaliteit van die ouers en van die  
kinders..... p. 54

TABEL XI --

Samevattende gegewens omtrent die mo-  
rele peil van die ouers se leefwyse..... p. 56

TABEL XII --

Ontleding van hoedanig drankmisbruik,  
immoraliteit en kriminaliteit in same-  
hang met mekaar voorkom..... p. 57

TABEL XIII -

Inkomste van die Gesinne waaruit onbe-  
heerbare Kinders afkomstig is..... p. 62

TABEL XIV -

Die Ekonomiese Peil van die Ouerhuise  
van Onbeheerbare Kinders..... p. 63

TABEL XV -

Die Aantal Kinders in gesinne waaruit  
Onbeheerbare Jeugdige afkomstig is..... p. 69

TABEL XVI -

h Vergelyking van die Gesinsinkomste  
en die Gesinsgrootte in die Huisgesinne  
waaruit Onbeheerbare Kinders afkomstig  
is.....pp.70 - 71

TABEL XVII -

Die Gemiddelde aantal Kinders in die  
Gesinne waaruit Onbeheerbare Jeugdige  
afkomstig is..... p. 73

TABEL XVIII -

Die Aard van die Behuisingsomstandig-  
hede waaronder Onbeheerbare Jeugdige  
lewe..... p. 76

TABEL XIX -

Die Persentasie Moeders wat buitens-  
huise arbeid verrig het..... p. 81

TABEL XX -

Die Werksrekord van die Vaders van  
Onbeheerbare Kinders..... p. 84

(Inhoudsopgawe vervolg) :

TABEL XXI -

Die Aard van die Werk van die Vaders  
van Onbeheerbare Jeugdige..... p. 87

TABEL XXII -

Klassifikasie van die Beroepe van die  
Vaders van Onbeheerbare Jeugdige..... p. 88

TABEL XXIII -

Die Kerkbesoek van die Ouers van On-  
beheerbare Kinders..... p. 92

TABEL XXIV -

Die Kerkverband van die Ouers van On-  
beheerbare Kinders..... p. 92

TABEL XXV -

Ouderdomme van die Ouers van die Kin-  
ders in hierdie Onderzoek..... p. 95

TABEL XXVI -

Die Gemiddelde Ouderdomme van die Ouers  
van die kinders in hierdie ondersoek.... p. 95

TABEL XXVII -

Die Ouderdomsverskille tussen die ouers  
en kinders in hierdie ondersoek..... p. 96

TABEL XXVIII -

Die Verskil in Ouderdom tussen die Ouers  
van Onbeheerbare Jeugdige.....pp. 100 - 101

TABEL XXIX -

Die Huistaal van die Gesinne waaruit  
die Kinders in hierdie ondersoek afkom-  
stig was..... p. 103

TABEL XXX -

(Die Deelname aan Sosiale bedrywighede  
deur die Ouers van Onbeheerbare Jeug-  
dige..... p. 105

TABEL XXXI -

Die Omgewingstoestande waarin die Kin-  
ders in hierdie Onderzoek geleef het.... p. 109

TABEL XXXII -

Die Maats van Onbeheerbare Jeugdige.... p. 113

(Inhoudsopgawe vervolg) :

TABEL XXXIII -

Die Deelname aan gesonde aktiwiteite gedurende hul vryetyd deur Onbeheerbare Jeugdige..... p. 119

TABEL XXXIV -

Die Verskil in die gemiddelde Ouderdomme van die Krimineel-geneigde en die nie-krimineel-geneigde Kinders..... p. 128

TABEL XXXV -

Die Intelligensie van die Jeugdige in hierdie ondersoek..... p. 133

TABEL XXXVI -

Die Intelligensiegesteldheid op h normaal/onder-normaal basis bereken.... p. 134

TABEL XXXVII -

Die Skolastiese Peil van die Jeugdige in hierdie ondersoek..... p. 139

TABEL XXXVIII -

Die Verskil in Skolastiese Peil van die krimineel- en die nie-krimineel-geneigde Kinders..... p. 139

TABEL XXXIX -

Die Skoolbywoning van die Jeugdige wat in die ondersoek opgeneem is..... p. 141

TABEL XL -

Die Aard van die Wangedrag van die krimineel-geneigde groep..... p. 145

TABEL XLI -

Die Aard van die Wangedrag van die nie-krimineel-geneigde groep Kinders..... p. 147

TABEL XLII -

Die Geboorteposisies van die Jeugdige in hierdie ondersoek..... p. 154

TABEL XLIII -

Die Gesondheidstoestand van die Jeugdige in hierdie ondersoek..... p. 160

TABEL XLIV -

Negatiewe faktore wat in die agtergrond van die Onbeheerbare Jeugdige in hierdie ondersoek aangetref is..... p. 164

G R A F I E K E.

GRAFIEK I -

Grafiese voorstelling van die gemiddelde aantal kinders per inkomstegroep in die gesinne van Onbeheerbare Jeugdiges..... p. 72

GRAFIEK II -

Die Ouderdomme van die Ouers by die geboorte van die Kinders..... p. 97

GRAFIEK III -

Die Ouderdomme van die Seuns en Dogters respektiewelik in hierdie ondersoek..... p. 124

GRAFIEK IV -

Die Ouderdomme van die Totale aantal gevalle in hierdie ondersoek..... p. 125

GRAFIEK V -

Vergelyking van die aard van die wangedrag van die seuns en dogters in hierdie ondersoek..... p. 148

---

---

## HOOFSTUK 1.

### INLEIDING.

---

1. Doel van Studie: Die probleem van wangedrag van die jeug geniet al vir etlike eeue die aandag van filosowe, sosioloë, sielkundiges, opvoedkundiges, godsdienslike leiers en doskundiges op ander gebiede, en is beslis goon nuwe probleem slegs konmerkend van die hedendaagse moderne samelewing nie. "The problem is not new - there have always been 'bad' boys and girls..."<sup>(1)</sup> Dog ten spyte hiervan, is dit onteenseglik waar dat die probleem vandag sulke afmetings aanneem, dat dit steeds meer aandag verg. Sielkundiges is meer as ooit besig met die studie van die sg. probleemkind - vir hulle die kind uitmekaargeskeur deur innerlike konflikte en h gebrek aan sekuriteit; die sosioloë bestudeer die probleem as h toestand wat die samelewingsolidariteit bedreig; die predikant hou hierdie jeugdige voor as die voorbeeld van alles wat goddelooslik is; die opvoedkundige vra hulle self af wat van die wêreld sal word as hierdie jeugdige eendag self die rol van opvoeders moet speel. Almal beklemtoon die feit dat daar h oplossing vir die probleem gevind moet word, omdat dit een van die grootste kankers in ons samelewing is,

"...threatening, as it does, the very future of society,"<sup>(2)</sup>

Dit is egter nie slegs die deskundiges wat in die probleem gefinteresseerd is nie - die gewone mens word vandag meer as ooit onder die indruk van die probleem gebring deur middel van die pers, radio, en ander kommunikasiemiddele. Die gevolg is "geen gesprek vind meer tussen ouers of vriende plaas sonder dat kopskuddend verwys word na die hedendaagse jongmense nie."<sup>(3)</sup>

/Saam

---

1) Banay, Ralph S : Youth in Despair, p.1.

2) Ibid. p.1.

3) Venter, H.J. : Die Jeug - Waarheen? p.11.

Saam met die bewuswording van die probleem, het die "ontdekking" van oorsake gegaan, en is talle moontlike oplossings vir die probleem aan die hand gedoen. So het h onderwyser die aktiewe deelname aan sosiale bedrywighede deur die ouers, voorgelou as die enigste oorsak van die probleem; h ander het drankmisbruik deur die ouers as enigste oorsak gestel, en so onlangs nog as 18 Maart 1960 verklaar ene Dorothy Mason in h artikel, getitel "Sy is die ma van die Eendstert": "Aan die geëmansipeerde vrou skryf ek toe, aan haar alleen, die eendstert - daardie allerdringendste probleem van die hedendaagse samelewing."<sup>(1)</sup>

Hierdie byna paniekbevange soeke na h oorsak, het dan ook in die meeste gevalle gelei tot die verklaring van een enkele negatiewe faktor tot die oorsak van jeugwangedrag, en is uit die oog verloor dat ook in hierdie geval, net soos in die geval van alle sosiaal-patologiese verskynsels, daar h hele aantal faktore bestaan wat tot h mindere of meerdere mate die gedrag van die kind beïnvloed. Hierdie aspek word egter in h latere hoofstuk volledig behandel, en behoef dus op hierdie stadium geen verdere aandag nie.

Net soos die probleem nie beperk is tot ons hedendaagse samelewing nie, is dit ook nie beperk tot slegs h enkele land nie - feitlik alle lande, en veral die draers van die Westerse beskawing, ondervind die aanslag van hierdie toestand. Die V.V.O. se Buro vir Sosiale Aangeleenthede verklaar dan ook: "...the prevention of juvenile delinquency has been of concern to many countries...."<sup>(2)</sup> Verskeie navorsers in verskillende lande het dan ook navorsingsprojekte in hierdie verband onder-

/neem

1) Die Huisgenoot, 18 Maart 1960, p.55.

2) International Survey of Programmes of Social Development - prepared by the Bureau of Social Affairs, United Nations Secretariat, United Nations, New York, p. 109.

neem, en hulle bevindinge bly steeds van groot belang vir h beter begrip van die probleem oor die algemeen. Ook hier in Suid-Afrika is ondersoek gedoen na die omstandighede van hierdie jeugdiges, omdat die verskynsel ook hier ter lande in al sy felheid waargeneem is. Waar Engeland sy "Teddy Boys" en "Molly Girls", Australië sy "Rodgies" en "Widgies", en Duitsland en die Balkanstate hulle "Schwarze Jacken" en "Stiljags" onderskeidelik, gehad het, het Suid-Afrika sy "Ducktails" en "Sheilas" gekry. Dog onder watter naam die groep nou ook al bekend staan, en in watter land hulle nou ook al voorkom, was en is hulle gedrag in feitlik alle gevalle ooreenstemmend - h bandelose opstand teen erkende morele en sedelike kodes.

Daar bestaan h verskil tussen die terme "wangedrag", "jeugmisdaad" en "onbeheerbaarheid" soos verderaan aangedui sal word, en waar ander ondersoekers, beide hier en oorsee hoofsaaklik aandag geskenk het aan die eersgenoemde twee verskynsels, word vertrou dat hierdie ondersoek lig sal werp op die omstandighede van onbeheerbare jeugdiges.

Die doel van die ondersoek is dus in die eerste plek om te bepaal watter faktore in die persoonlike en huislike agtergrond van die kind, moontlik tot onbeheerbaarheid aanleiding kan gee, en in die tweede plek, deur middel van vergelykings met die ondersoeke van ander navorsers, te bepaal watter, indien enige, verskille daar bestaan tussen die omstandighede van die kind wat hom aan wangedrag skuldig maak, die jeugmisdadiger en die onbeheerbare jeugdige.

2. Begripsbepaling: In enige ondersoek of navorsingsprojek is dit van uiterste belang dat daar volkome duidelikeheid moet bestaan omtrent die begrippe wat gebruik word. Begrippe is inderdaad die hoekstene waarop navorsing op alle terreine gegrondves is - deur die gebruik van bepaal-  
/de basiese



de basiese begrippe word die aard en terrein van die ondersoek nie alleen duidelik afgebaken nie, dog dit is ook die medium waardeur die gegewens vertolk word ten einde enige wetmatighede bloot te lê. Inderdaad sou h navorsingsprojek, sonder die duidelike afbakening van die begrippe wat gebruik word, tot h doellose en verwarrende hoeveelheid gegewens en bevindinge, sonder enige wetenskaplik-deurdagte en -erkende gevolgtrekkings aanleiding gee.

"A conceptual tool is an instrument of precision in defining and understanding human problems..... The skilled artisan is known by the kind and condition of the tools that he uses. Likewise the tools of the societal scientist denote his calibre. Improved tools make possible more refined products, whether in artisanry or in social science."

(1)

- (a) Die Kinderwet: Alhoewel die nuwe Kinderwet (Wet nr. 33 van 1960) reeds van krag is, is deurgaans van die ou Kinderwet (Wet nr. 31 van 1937) in hierdie verhandeling gebruik gemaak omdat al die gevalle wat in hierdie ondersoek opgeneem is, nog onder die ou Kinderwet behandel is.
- (b) Die begrip Onbeheerbaar: In hierdie verband is daar streng gehou by die omskrywing in die Kinderwet, nl. h kind wat nie deur sy ouers of voog of die persoon in wie se bewaring hy is, beheer kan word nie.
- (c) Jeugmisdaad: h Jeugdige wat reeds in die Jeughof skuldig bevind is aan h kriminele oortreding. (Sien (1) vir die begrip "jeugdige"). Die verskil tussen jeugmisdaad en onbeheerbaarheid is dus duidelik - dit is nie sinonieme begrippe

-----  
1) Bogardus, E.S. : Contemporary Sociology, p.19. /nie  
2) Wet nr. 31 van 1937, artikel 1 - omskrywing van die term "sorgbehoewende kind."

nie; alhoewel sommige jeugmisdadigers onbeheerbaar mag wees, en vice versa.

(d) Wangedrag: Hieronder verstaan ons enige vorm van antisosiale gedrag. Dit behels dus beide die voorafgaande begrippe, d.w.s. jeugdige wat hulle aan gedragswyses skuldig maak wat as asosiaal bestempel kan word, sonder om in botsing met die gereg te kom, sowel as diegene wat wel in botsing met die gereg kom en as "jeugmisdadigers" bestempel kan word. Al diegene wat hulle aan wangedrag skuldig maak, is natuurlik nie onbeheerbaar, ingevolge die begripbepaling van "onbeheerbaar" soos in (b) uiteengesit, nie. Daarenteen maak alle onbeheerbare hulle op een of ander wyse gewoonlik skuldig aan wangedrag - dit is juis die rede waarom die betrokke geval onder die zandag van die welsynsowerhede kom. Na aanleiding van die uiteensetting in (b), moet ons dus noukeurig onderskei tussen "on gehoorsaamheid" en "onbeheerbaarheid". Wanneer 'n kind ongehoorsaam is tuis, dog hom aan geen antisosiale gedragswyses skuldig maak nie, kan hy/sy nie sondermeer as onbeheerbaar bestempel word nie, aangesien daar dan tog nog een of ander beherende invloed van die ouers uitgaan, al is dit onbewus.

Wanneer die kind egter ongehoorsaam is tuis, hom skuldig maak aan herhaalde antisosiale gedrag, en dit duidelik is dat daar geen beherende invloed van die ouers uitgaan nie, hetsy bewustelik of onbewustelik, dan word hy of sy as "onbeheerbaar" beskou.

Wat die verhouding tussen jeugmisdad en wangedrag betref, is dit duidelik uit wat hierbo uiteengesit is, dat alle jeugmisdadigers /hulle

hulle aan wangedrag skuldig maak, alhoewel alle vorme van wangedrag nie noodwendig jeugmisdaad is nie.

Samevattend kan dus gestel word dat wangedrag as die oorkoepelende begrip beskou kan word, aangesien dit beide onbeheerbaarheid en jeugmisdaad insluit. Daar mag selfs h groep wees wat hulle aan wangedrag skuldig maak wyl hulle nóg onbeheerbaar, nóg jeugmisdaadigers is, in die lig van die begrippe "onbeheerbaar", "jeugmisdaad" en "wangedrag" soos hierbo uiteengesit.

- (e) Probleemgedrag: Hierdie begrip en "wangedrag" word as sinoniem beskou.
- (f) Afwykende gedrag: Dieselfde begrip as wangedrag.
- (g) Delinkwente gedrag: (Delinquent behaviour).

Ook hierdie begrip word sinoniem gebruik met "wangedrag", en nie met "jeugmisdaad" nie. Volgens Banay is "...a delinquent child....a child (a) who violates any law or any municipal ordinance or who commits any act which, if committed by an adult, would be a crime not punishable by death or life-imprisonment; (b) who is incorrigible, ungovernable or habitual disobedient and beyond the control of his parents, guardian, custodians or other lawful authority; (c) who is habitually truant; (d) who, without just cause and without the consent of his parents, guardians or other custodian, repeatedly deserts his home or place of abode; (e) who engages in any occupation which is in violation of law, or who associates with immoral or vicious persons; (f) who frequent visits any place, the existence of which is in violation of law; (g) who habitually uses /obscene

obscene or profane language; (h) who begs or solicits alms or money in public places under any pretense; or (i) who so deports himself as to wilfully injure or endanger the morals or health of himself or others." (1)

Omdat alle onbeheerbare kinders dus beskou word as kinders wat hulle aan een of ander vorm van wangedrag skuldig maak, hulle dus as h bepaalde groep in hierdie kategorie beskou kan word, en wangedrag en delinkwente gedrag as sinonieme begrippe beskou word, soos hierbo uiteengesit, kan daar dus met veiligheid vergelykings getref word tussen bevindinge van hierdie ondersoek, en bevindinge van navorsers wat "delinquent" groepe bestudeer het.

- (h) Kind: Hier geld die Kinderwet se omskrywing van h kind, nl. h persoon onder die ouderdom van negentien jaar. (2)
- (i) Jeugdige: Waar daar in hierdie verhandeling gebruik gemaak word van hierdie term, word dit in dieselfde begripsverband gebruik as "kind", soos in (h) omskryf.
- (j) Amptelike rekords: Wanneer hierna verwys word, word bedoel gevalllestudie-verslae wat deur verskillende proefbeampes aan Kinder- en Jeughowe geskryf is, asook enige ander feite en gegewens wat in die betrokke gevalleleer voorkom.
- (k) Streekkantoor van die Departement van Volkswel-syn te Pretoria: Die Streekkantoor te Pretoria het drie Takkantore (te Rustenburg, Pietersburg en Witbank) wat direk onder hom resorteer en die volgende Landdrosdistrikte bedien: (3)

/KANTOOR

- 1) Banay, Ralph S : Op. cit, p.6. (Aangehaal uit die "Children's Court Act", New York, sedert 1923 van krag.)
- 2) Wet 31 van 1937, artikel 1 - woordomskrywing.
- 3) Uiteengesit in die Bylae tot Omsendbrief 57 van 1955 van die Departement van Volkswelsyn.

KANTOOR

LANDDROSDISTRIK.

---

Streekkantoor Pretoria.	Pretoria.
Takkantoor Rustenburg.	Rustenburg, Brits, Marico.
Takkantoor Pietersburg.	Pietersburg, Warmbad, Potgietersrust, Letaba, Soutpansberg, Sibasa en Waterberg.
Takkantoor Witbank.	Witbank, Nelspruit, Lydenburg, Middelburg (Tvl.), Bronkhorst- spruit, Groblersdal, Barberton, Belfast en Pelgrimsrust.

Dit beteken dus dat die Streekkantoor Pretoria die grootste gedeelte van die Oos-Transvaal, h groot gedeelte van die Wes-Transvaal, en die hele Noord-Transvaal, insluitende Pretoria, bedien. Die drie takkantore resorteer direk onder die Streekkantoor Pretoria, en moet afskrifte van alle verslae wat deur die proefbeampte in die betrokke kantoor geskryf word, aan die Streekkantoor stuur. Op hierdie wyse het ondersoeker by die Streekkantoor dus insae gehad in die verslae van die drie takkantore, en kon van hulle gegewens gebruik gemaak word.

3. Omvang en Metode van Studie: Die gegewens wat vir die ondersoek gebruik is, is verkry vanuit gevalliestudie-verslae wat in die Streekkantoor Pretoria nagegaan is. Dit sluit gevalle van die drie takkantore ook in. Alle verslae omtrent onbeheerbare kinders, wat in die tydperk 1 Maart 1957 tot 29 Februarie 1960 in die hele streek geskryf is, is in die opname opgeneem, en dit het dan geblyk dat h totaal van 156 gevalle in bogemelde tydperk voorgekom het, wat dan ook almal by hierdie ondersoek ingesluit is. Van hierdie 156 gevalle het 120 in Pretoria voorgekom, terwyl 16 deur die Rustenburgkantoor behartig is, en 10 elk deur die Pietersburg en Witbankkantore onderskeidelik. Van die 156 was daar 89 seuns en 67 dogters,  
/57.1%

(57.1% en 42.9% onderskeidelik).

Gevalle wat by hierdie ondersoek ingesluit is, is op drie maniere onder die aandag van die betrokke kantoor gebring: (i) Daar was gevalle wat by wyse van klagtes direk by die kantoor ingedien is, deur h proefbeampte ondersoek is, en h verslag opgestel is; (ii) sommige gevalle is deur die Kommissaris van Kindersorg na die kantoor verwys vir ondersoek en verslag; en (iii) ander was gevalle wat in die Jeughof verskyn het, waar die betrokke Landdros om h proefbeampteverslag gevra het, en waar die proefbeampte in die verslag tot die gevolgtrekking gekom het dat die kind as onbeheerbaar beskou kan word ingevolge die Kinderwet se omskrywing van onbeheerbaarheid. (In sodanige gevalle wat in die ondersoek opgeneem is, is die betrokke kind ingevolge die Strafproseswet direk na h (1) Verbeteringskool of Gesertifiseerde inrigting verwys, of ingevolge dieselfde wet is die verhoor gestaak en gelas dat die kind voor die Kommissaris van Kindersorg gebring word (2) vir optrede ingevolge die Kinderwet. (3))

Dit volg dus dat sommige van die gevalle wat in die ondersoek opgeneem is, kriminele neigings geopenbaar het deurdad hulle reeds in botsing met die gereg was. Onderstaande tabel gee h duideliker beeld hiervan:

**TABEL 1.**  
**DIE KRIMINEEL-GENEIGDHEID AL DAN NIE**  
**VAN DIE TOTALE AANTAL GEVALLE.**

	SEUNS		DOGTERS		TOTAAL	
	Aantal gevalle.	Persentasie.	Aantal gevalle.	Persentasie.	Aantal gevalle.	Persentasie.
Krimineel-geneigdes.	42	47.2	7	10.4	49	31.4
Nie-krimineel-geneigdes.	47	52.8	60	89.6	107	68.6
<b>TOTAAL</b>	<b>89</b>	<b>100.0</b>	<b>67</b>	<b>100.0</b>	<b>156</b>	<b>100.0</b>

/In

1) Wet nr. 56 van 1955 - artikel 342.  
 2) Ibid. artikel 159.  
 3) Wet nr. 31 van 1937 - artikel 29.

In enkele tabelle in hierdie verhandeling is die gegewens in verband met die krimineel-geneigdes en die nie-krimineel-geneigdes apart weergegee (soos bv. waar die kriminele neigings van die ouers bespreek word, die ouderdom van die kinders, ens.) omdat die feit of die betrokke kind kriminele neigings openbaar, in daardie gevalle veelseggend mag wees. Daar is nie deurgaans van hierdie onderskeiding gebruik gemaak nie, omdat dit moontlik aanleiding kan gee tot sekere gevolgtrekkings in verband met jeugmisdaad in die algemeen, terwyl die hoeveelheid gevalle van jeugmisdadigers wat wel gekwalifiseer het vir die doeleindes van hierdie verhandeling, geensins verteenwoordigend geag kan word van die totale aantal gevalle van jeugmisdaad wat in die betrokke gebied voorgekom het nie, en dus geen wetenskaplike gevolgtrekkings moontlik maak nie.

Verder is ook alleenlik blanke gevalle by die opname ingesluit - die rede hiervoor is dat die verslae omtrent nie-blankegevalle nie alleen baie minder volledig is as die verslae van die blanke gevalle nie, en dus enige gevolgtrekkings baie sal bemoeilik nie, dog vanweë die verskil in lewensstandaard, kulturele agtergrond, algemene leefwyse, ens. tussen die blanke en die nie-blanke, sal enige gevolgtrekking omtrent samegestelde gegewens, beslis verwarrend wees.

Die metode wat gevolg is by die insameling van die gegewens, is dan die ontleding van gevallestudie-verslae, opgestel deur proefbeamptes van die Departement Volkswelsyn, streekkantoor Pretoria, oor 'n tydperk soos vroeër uiteengesit. Enkele van die gevalle is deur ondersoeker self ondersoek gedurende die tydperk wat hy in die betrokke kantoor as proefbeampte werksaam was.

4. Probleme ondervind in verband met die ondersoek: Die belangrikste probleem wat ondervind is ten tye van die /ondersoek

ondersoek, is die feit dat hoofsaaklik staat gemaak moes word op die gegewens en bevindinge van ander ondersoekers. Die probleem het dan ook veral gegaan om gegewens wat nie kwantitatief berekenbaar is nie, soos bv. omgewingstoestand, wat bloot as „swak“, „goed“, ens. bestempel is. Hierdie probleem is egter tot 'n groot mate te bowe gekom deurdat daar gepoog is om sover moontlik oenstemmigheid omtrent dié aspek te bereik. Aangesien ondersoeker self proefbeamtewerk gedoen het in Pretoria, was hy op hoogte van sake omtrent die verskillende omgewings. Sodoende is daar op gelet dat in gevalle waar verskillende proefbeamptes, dieselfde omgewing bv. as „onder-gemiddeld“ of as „redelik“ bestempel het, dit vir die doeleindes van hierdie verhandeling in dieselfde kategorie val. Die probleem omtrent die omgewing was dan ook veral in die „redelike“-kategorie. Goede en swak omgewings is feitlik deurgaans deur alle proefbeamptes gelykwaardig beskryf.

Daar was ook ander besonderhede wat as spekulatief beskou kan word, wat met ander woorde nie konkrete syfers of getalle behels nie - daar is egter sover moontlik gepoog om om hierdie gegewens te interpreteer in die lig van die res van die gegewens in die verslag of in die betrokke lêer, dan in 'n bepaalde kategorie te plaas, en sodoende eenstemmigheid probeer bereik met gegewens in ander verslae. Hier moet egter bygevoeg word dat slegs 'n minderheid van gegewens van spekulatiewe aard was - in die oorgrote meerderheid gevalle was die gegewens sodanig dat dit onmiddellik geklassifiseer kon word.

'n Verdere probleem wat ondervind is, is dat al die gevallestudie-verslae nie al die besonderhede bevat het wat vir hierdie verhandeling gebruik is nie. Al sulke gevalle is egter noukeurig aangeteken, en in die tabelle in hierdie verhandeling word dit aangegee as „nie genoteer nie“.

---



---

## HOOFSTUK II

### DIE VERBROKKELING VAN DIE GESINSBANDE IN DIE MODERNE SAMELEWING.

---

h Onderzoek van die geskiedenis van die gesin in die Westerse wêreld tot aan die einde van die agtiende eeu, bring aan die lig dat die patriargale gesinsvorm in daardie tyd nog die gangbare was. Die gesin het een gesagshoof gehad, nl. die vader, en beide die kinders en die moeder het ondergeskikte posisies in die gesinslewe ingeneem. Die gevolg was dat die gesin h hegte eenheid gevorm het in alle opsigte, al was dit soms ten koste van die volle ontluiking van veral die vrou se persoonlikheid. Die huisnywerheid was nog in volle swang, met die gevolg dat uithuisigheid tot h absolute minimum beperk was.

Die verreikende veranderinge wat in die samelewingstruktuur teweeg gebring is deur veral die Industrialisasieproces, het al dadelik sy invloed ook op die gesinslewe laat geld. Goodsell beweer dat "no doubt the paramount factor at work in the transformation of the patriarchal family into the individualized group of the twentieth century was the economic one,"<sup>(1)</sup> en die een gebeurtenis wat miskien meer as enige ander faktor, bygedra het tot h algehele ekonomiese ommekeer, was die Industriële Omwenteling.

Binne die bostok van enkele jare, het die huisnywerheid feitlik geheel en al verdwyn, en in die plek daarvan het gekom h fenominale groei van die fabriek-sisteen en die vervanging van hande-arbeid deur die masjien-industrie. Die meganisasie van die nywerheid het vervolgens meer en meer gespesialiseerd geword, totdat menige werksman vandag sy geld verdien deur dag na dag h eentonige en soms eenvoudige takie by h masjien te verrig - h takie wat h jong kind in menige gevalle met gemak sou kon verrig.

-----  
1) Goodsell, W. : Problems of the Family, p.100.- /Hierdie

Hierdie eenvoudige roetinepligte, met die gepaardgaande afstomping van die drang tot persoonlike inisiatief en skeppingspotensiaal van die individu, het nie alleen in baie gevalle lustelose en lewensmoeë menslike wesens tot gevolg gehad nie, maar het tot menige persoonlikheidsprobleme gelei, aangesien groot getalle individue by verre na nie in staat was om hulleself in hul werk uit te lewe nie. Diegene wat nie doelbewus hulle vrye tyd produktief bestee het nie, het onvermydelik menslike outomate geword wat hulle daaglikse roetinepligte lusteloos en gelate uitgevoer het.

Hierdie industrialisasieproses het ook meegewerk tot die ontstaan van h ongekende drang na materiële rykdom, in die strewende waarvan in baie gevalle niks of niemand ontsien is nie. Dit is ook by uitstek dié faktor wat gelei het tot die ontstaan van groot stede, h ongekende stadswaartse trek van die plattelandse bevolking na die stede, die ontstaan van agterbuurtes wat so dikwels die broeiplek van misdaad en die vrugbare teelaarde van die misdadiger geword het.

Dit is dus duidelik dat hierdie omwentelinge op die gebied van die industrie, verreikende nagevolge gehad het op die ganse menslike samelewing, asook op die individue wat daardie samelewing uitgemaak het. Dat hierdie gevolge ook ernstige en diep merke op die gesinslewe sou laat, is vanselfsprekend en bewyse van die steeds groter mate van onstabiliteit van die gesin, en sy neiging om te verbrokkel in sy komponente eenhede, is nie moeilik te vinde nie.

So is daar bv. die feitlik totale verdwyning van die sg. "groot familie", d.w.s. afstammeling van dieselfde grootvader of grootjie, wat dikwels in dieselfde omgewing gewoon het. Die familie in die sin van h groep naverwante afstammeling het grootliks vandag reeds verdwyn en saam daarmee die erfplase en -eiendomme. Hierdie

/verspreiding

verspreiding van die familie oor h hele land, het nie alleen gelei tot die agteruitgang van die gesinseenheid en -solidariteit nie, maar ook tot die agteruitgang van die eeu-oue kultus van die familie. Soos Goodsell dit stel:

Who, in this hurried, individualistic age "of self-aggrandizement and self-expression, holds up before youth the ideals and achievements of their ancestors, the honored place they carved out in social and political life, as did the Romans of old? Again, what has become of the religion of hearth and home? - what, indeed, of the family hearth itself as the unifying centre of household activities? A variety of centrifugal forces are at work in society to reduce the lamp and hearth-fire of family life to the status of interesting historic relics and to drive the individual members of the household in different directions, each seeking his own congenial group for recreation and amusement."

(1)

Verder is daar nog die ontstellende en steeds stygende egskeidingsyfer, die dalende geboortesyfer in beskaafde lande, die groot aantal onvolledige en ontredder- de huisgesinne wat deur maatskaplike werksters en -werkers in hulle daaglikse werk teëgekrom word, en talle ander voor- beelde van die verswakking van die gesinsbande.

Na die oorsake van hierdie veranderinge hoef nie ver gesoek te word nie. Alhoewel daar talle en talle indiuiduele oorsake is wat wissel van gesin tot gesin, kan daar uit die aard van die saak net op enkele algemene ten- dense gewys word. Eerstens is daar die veranderende Eko- nomiese en Industriële toestande, wat gelei het tot die verstedeliking van h groot gedeelte van die landelike be- volking. Die besit van landelike eiendomme deur die eer- tydse gesinne was h belangrike bepalende faktor by die saambinding van die gesin, veral waar die land gesamentlik bewerk is deur die verskillende lede van die gesin. Hier was h algemene nywerheid waarin die hele gesin kon deel tot almal se voordeel. Die verstedeliking van so h groot hoeveelheid mense het die gesinslewe egter tot in

/sy

sy fundamente geskud.

In die plek van die ou plaasopstal het daar nou die moderne woonstel met sy paar kamertjies gekom; in die plek van die saamwerkende en koördinerende arbeidskrag van vader, moeder en kinders, werk elke lid van die gesin nou op wydverspreide plekke en verskillende rigtings; in die plek van die gesarentlike gesinsontspanning, soek elke individuele gesinslid nou ontspanning wat hom of haar geval, afgesien van die aard van die res van die gesin se ontspanning. Die ou gefintegreerde gesin het inderdaad plek gemaak vir 'n hoogs geïndividualiseerde groep wat deur weinig bande gebind word met uitsondering van dié van wedersydse liefde. Die ontstaan van groot fabriek en industrie was verder 'n faktor wat werkloosheid en armoede in die hand gewerk het, en alhoewel dit nie die enigste faktor is wat hierdie probleme meebring nie, kan die feit nie weggeredeneer word nie dat dit 'n baie belangrike bydraende faktor hiertoe was en nog is. Die invloed van werkloosheid en armoede op die gesinslewe is voor die hand liggend.

Ekonomiese redes is ook die belangrikste dryfveer agter die groot aantal werkende moeders in ons moderne samelewing - 'n ernstige gesinsprobleem wat later meer volledig behandel word.

As tweede oorsaak van die gesinsprobleme, kan ons hier noem die proses van individualisering. Hierdie proses het in momentum toegeneem sedert die agtiende eeu, en het op politieke gebied gelei tot die uitbreiding van politieke regte tot feitlik alle mans, en, in die jongste tye, ook tot vroue. Wetlik het hierdie beweging gelei tot die bevryding van die vrou en kinders van die despotiese outoriteit van die vader en hulle erkenning as individue sover as wat dit die wet betref. Die gevolg was dat die gesin 'n groep individue geword het waarvan elkeen se regte deur die wet gewaarborg is. Die gevolg is dat /die

die ouers se gesag in baie gevalle oorgegaan het in die hande van die staat, wat homself as voog oor die kinders beskou.

Ook die vrou het meteens bevind dat sy nie meer h ongekende individu is nie, dog h persoon wat op gelyke voetstuk as die man voor die wet geplaas is. Op maatskaplik-opvoedkundige gebied, het dit die weg tot hoër onderwys en beter kwalifikasies vir die vrou oopgestel. Die dae toe sy h ondergeskikte en onderhorige persoonlikheid was, was iets van die verlede, en met haar nuwe maatskaplike status, het die vrou dan ook gepoog om op alle terreine die man se mededingster te word. Huislike pligte en kinders is faktore wat haar strem in haar maatskaplike ambisies en ideale, en dit word dus óf vermy, óf verwaarloos, en dit moet aanvaar word dat die dae toe die vrou die saambindende faktor tuis was wat die huishouding as enigste middel tot die uiting van haar organisasietalent gehad het, in die grootste aantal gevalle, vir goed verby is - die sg. geëmansipeerde vrou het gekom om te bly, en die probleme wat dit steeds vir die gesinslewe sal beteken, is legio.

h Faktor wat ook hier moet bespreek word, en ongetwyfeld sy deel bydra tot die desorganisasie van die gesinslewe, is die moderne huweliks- en egskeidingsreelings. Die formele kerklike huwelik met sy gewyde seremonies en gebruike word so dikwels vandag verruil vir die eenvoudiger, vinniger, informele en onpersoonlike huwelik voor h landdros dat dit alles behalwe slegs uitsonderings op die reel is. Die erns van die huwelik verkry dus vroeg reeds h ernstige knak waarvan dit moeilik en soms nooit herstel nie. En net so maklik as wat dit is om in die huwelik te tree, net so maklik is dit vandag om weer die huwelik te ontbind. Trouens, die eenvoudige egskeidingsreelings in h staat soos bv. Nevada in die Verenigde State van Amerika, het dit al h voorwerp van bespottung /gemaak

gemaak, en is beslis nie bevorderlik vir die gesinsolidariteit nie.

Die onstabiliteit van die hedendaagse gesinslewe, word ook verder aangehelp deur die algemene verswakking van religieuse sanksies en die geloof in die ortodokse godsdiens, soos deur die voorgeslagte aangehang. Tot enkele dekades gelede is sterk ondersteuning aan die gesinseenheid verskaf deur die gesag van die kerk en sy heersende invloed op die geloof en morele standarde van die mens. Dit is h erkende feit dat menige huisgesin in die verlede (ten goede of ten kwade) bymekaar gehou is deur die vrees om die leringe van die kerk, wat nog altoos teen egskeiding gekant was, teen te gaan. Met die koms van die filosofiese dogma van die opperheersskappy van die Rede as finale gesagsbron, het die outoriteit en invloed van die kerk egter h gevoelige terugslag ondervind. Dit het nie alleen gelei tot h wydverspreide skeptisisme ten opsigte van religieuse aangeleenthede nie, dog die kritiese beskouinge van dit wat die kerk as beginsels voorgehou het, het sy invloed geweldig verswak. Die mens was nie meer tevrede om maar net te doen wat die kerk voorhou nie, selfs al het dit vir hom eie ongerief of nadeel besorg, dog hy het hom vrygemaak van knellende godsdienstige norme, en sy Rede aangewys as die finale bepaler van sy gedragkodes, gebaseer op die eie persoonlike geluk en gerief. Dit het ook grotendeels gelei tot die idee dat die huwelik h gerieflike verbintenis is wat beide die man en die vrou op vele gebiede kan bevoordeel, dog wat verbreek kan word sodra hy nie meer aan hierdie doel beantwoord nie. h Grootskaalse onverantwoordelikeid ten opsigte van die huwelik as permanente verbintenis, was die onvermydelike gevolg.

h Faktor wat nou saamhang met die voorafgaande, is die ineenstorting van die primêre sosiale kontrole.

Hier word bedoel die feitlik algehele verdwyning van die /invloed

invloed van primêre groepe waar persoonlike verhoudinge bestaan. In vroeër jare toe gesinne in omgewings gewoon het waar óf ander familielede, óf goedbekende bure ook woonagtig was, en waar hierdie bure nie geskroom het om op ander gesinne te spioeneer, hulle te kritiseer en selfs te ostraceer nie, is die gedrag van die vaders en moeders aan die konvensionele standarde gebind deur blote krag van die openbare mening. Trouens, ons vind vandag nog dat mense in h klein plattelandse dorpie baie meer gebonde is aan die openbare mening, en hulle gedragswyses dienoooreenkomstig in die meeste gevalle baie meer konserwatief. Die verstedeliking van h groot gedeelte van die bevolking het egter tot h baie groot mate hierdie primêre sosiale kontrole in die niet laat verdwyn.

In die groot stede vind ons vandag dat talle mense in woonstelle of kamers woon, en in baie gevalle glad nie bekend is met sy of haar naaste bure nie. Die gevolg is dat "men and women, youths and maidens go their own ways, serenely assured that their 'neighbours' will neither know nor care what social standards they disregard as long as their conduct is not too brazenly flagrant." (1) Dat hierdie faktor h belangrike rol gespeel het by die toenemende gebrek aan solidariteit in die gesinslewe, is lig te begryp. Daar moet egter steeds in gedagte gehou word dat die mening van bure en ander persone in die onmiddellike omgewing, nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir antisosiale gedragswyses in die stede nie, aangesien gedrag primêr in die mens se eie persoonlikheid gesetel is, en slegs gevorm en gehelp word deur die milieu waarin hy hom beweeg. Nogtans is hierdie invloed sodanig dat dit h plek moet verkry in enige bespreking van h onderwerp soos die onderhawige.

Bogemelde is dan enkele faktore wat die desorganisasie van die gesinslewe in ons moderne samelewing in die hand werk, oed daar is nog talle ander faktore wat woon / ook

1) Goodsell, W. : Op. cit. p.134.

ook soortgelyke nagevolge kan hê, bv. drankmisbruik, wat ook sy daaglikse tol eis onder die huwelike. Aangesien die meeste van hierdie faktore egter in die loop van die verhandeling behandel word, word hier nie daaroor uitgewei nie.

Met die voorafgaande gedeelte in gedagte as algemene agtergrond, kan ons nou oorgegaan tot die ontleding van die gegewens wat tydens die ondersoek ingesamel is.

---



---

### HOOFSTUK III

#### DIE HUISLIKE AGTERGROND VAN DIE ONBEHEERBARE KIND.

---

Vervolgens word daar dan oorgegaan tot h bespreking van die eerste aspek wat tydens die ondersoek aandag geniet het, nl. die huislike agtergrond van die onbeheerbare kind. Duidelikhedsonthalwe word hier onderskei tussen (a) die binne-huislike omgewing, waarin faktore en tendense in die gesinslewe as sodanig die aandag geniet, en (b) die buite-huislike omgewing, waarin aspekte soos die woonbuurt, maats, ens. bespreek sal word.

#### A. DIE BINNE-HUISLIKE OMGEWING.

##### (a) INLEIDING:

In h eeu van vinnig wisselende en veranderende toestande soos dié waarin ons leef, h eeu wat gekarakteriseer word deur haas, emosionele druk en senuweespanning, sowel as die aftakeling van dit wat vroeër geglo en voorgelou is, sou dit voorwaar verrassend gewees het indien die gesin nie die volle aanslag van hierdie toestande ondervind het nie, soos in die voorgaande hoofstuk uiteengesit is. Dat hierdie toestande dus ook h belangrike invloed op die kinders uitoefen, is voor die hand liggend.

Daar moet verder in ag geneem word dat h normale en gesonde gesinslewe nog altyd erken is as die basis vir h gesonde samelewing - en laasgenoemde is op sy beurt weer saamgestel uit individue wat almal op een of ander tydstip kinders in een of ander huisgesin was. Die huisgesin is die plek waarin die klein babetjie die eerste lewenslig aanskou, waarin hy ontwikkel, en eventueel, indien alles normaal verloop in die gesinslewe, alle geleenthede besit om te ontplooi tot h goed-gebalanseerde en emosioneel-stabiele persoonlikheid.

Die huwelik is die verbintenis waarvan die  
/kinders

kinders die produkte is - produkte wat emosionele, intellektuele en sosiale kenmerke en gedragspatrone openbaar wat onder die invloed van die gesin, gevorm is in die vroegste kinderjare. Die uitwerking van 'n abnormale gesinslewe op die kind, is verder duidelik as in aanmerking geneem word dat al die veranderende lewenstoestande, innerlike konflikte en gevoelspanninge by die ouers tot gevolg het, en dat elke kind tot 'n mindere of meerdere mate die onopgeloste emosionele probleme van sy vader en moeder in sy gedrag weerspieël.

"Indeed not a few heads of child guidance clinics have declared that they never dealt with a problem child whose difficulties could not be traced step by step back to inharmonious relationships existing between the members of his family, to their unresolved conflicts, and to the atmosphere of his home." (1)

In hierdie verband verklaar H.M. Shulman

"...the fundamental causes of delinquency are to be found in the treatment accorded a child by his parents, especially during his pre-school years." (2) Die gedrag van die adolessente kind is, volgens Fleming, "...now recognized as a function not merely of the personal attributes and the physiological condition of an individual but also of the treatment given to him and the expectations held of him by parents...." (3)

Teoreties blyk dit dus asof daar beslis 'n positiewe verband behoort te bestaan tussen 'n abnormale gesinslewe en enige vorm van afwykende gedrag, en in die volgende onder-afdelings sal ons probeer vasstel of dit in die praktyk ook die geval is met onbeheerbaarheid.

---

1) Goodsell, W. : Op. cit. p.458.

2) Shulman, H.M. : The Family and Juvenile Delinquency, artikel in die Annals of the American Academy of Political and Social Science, 1949, pp.21 - 31.

3) Fleming, C.M. : Adolescence, p.168.

(b) DIE ONTREDDERDE (ONVOLLEDIGE) HUISGESIN:

Dit is eerstens nodig om die begrip „ontredder“, („onvolledig“) hier duidelik te omskryf. Die begrip „ontredderde huisgesin“ of „onvolledige huisgesin“ („broken home“) word gebruik in teenstelling met die normale huisgesin, („normal home“). Cole beweer: „The normal home contains two parents, their children, and no one else. If the home is broken by the absence of a parent, whether through death, divorce or desertion, the home has a different character.“<sup>(1)</sup> Die term word egter nog wyer gebruik as bloot in verband met die dood, egskeiding of verlating, en dan sluit die onvolledige huisgesin in dié huisgesin waar een of albei van die ouers om een of ander rede langdurig van die res van die gesin afwesig is, waar daar stiefouers of pleegouers aanwesig is, en waar dit h aan-genome kind is. Met ander woorde, dit sluit in alle gevalle waar daar nie beide die natuurlike ouers aanwesig is nie.

/ TABEL II

---

1) Cole, Luella : Psychology of Adolescence, p.440.

TABEL II.

DIE VOLLEDIGHEID VAN DIE HUISGESINNE VAN  
DIE TOTALE AANTAL KINDERS.

	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Beide natuurlike ouers	60.7%	53.7%	57.8%
Stiefvader	14.7%	23.8%	18.7%
Stiefmoeder	-	3.0%	1.3%
Aangenome kind	4.5%	6.0%	5.1%
Moeder oorlede	1.1%	1.5%	1.3%
Vader oorlede	5.6%	3.0%	4.5%
Vader gesin verlaat	2.2%	-	1.3%
Vader in gevangenis	-	1.5%	.6%
Vader dikwels afwesig van huis weens werk.	1.1%	1.5%	1.3%
Vader in sielsieke gestig	1.1%	-	.6%
Ouers geskei, kind by moeder.	3.4%	1.5%	2.5%
Kind woon by grootouers	1.1%	4.5%	2.5%
Kind woon by familie	1.1%	-	.6%
Ouers nie getroud.	3.4%	-	1.9%
<b>TOTAAL</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>

Willemse, wat die huislike agtergrond van 372 seuns en 64 dogters in verskillende Verbeteringsgestigte in S.A. nagegaan het, se bevinding in hierdie verband was as volg:

HUWELIKSTAAT VAN OUIERS	JEUGOORTREDERS		
	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Vader oorlede	31.06%	33.33%	31.4%
Moeder oorlede	15.91%	20.37%	16.7%
Albei ouers oorlede	5.30%	1.85%	4.8%
<b>Subtotaal</b>	<b>52.27%</b>	<b>55.55%</b>	<b>52.9%</b>

/Tabel vervolg

Ouers geskei	5.3%	5.6%	5.3%
Ouers van tafel en bed geskei.	4.2%	14.8%	5.9%
Ernstige onenigheid tussen ouers.	5.7%	11.1%	6.6%
Ongetroud	3.4%	5.6%	3.8%
Subtotaal	18.6%	36.9%	21.6%
Normale verhouding	29.1%	7.4%	25.5%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

In hierdie ondersoek van Willemse was daar dus nog h groter persentasie kinders die produkte van onvolledige huisgesinne as in die onderhawige ondersoek (74.5% teenoor 57.8%).

Van Rooyen se bevinding was dat die onvolledige huisgesin, deur watter omstandighede ookal, h baie belangrike faktor is wat die kind se onbeheerbaarheid in die hand werk, <sup>(1)</sup> terwyl, volgens Mihanovich, "...the scourge of broken homes ..... a factor worthy of the most profound attention" is. <sup>(2)</sup>

Stern het op sy beurt beweer dat 45 - 60% van kinders wat in Jeughowe in die Verenigde State van Amerika verskyn, vanuit onvolledige huisgesinne afkomstig is. <sup>(3)</sup>  
In New Jersey was 80% van die gekommitteerde delinkwente dogters in 1941, produkte van onvolledige huise. <sup>(4)</sup>

h Intensiewe ondersoek van die omstandighede van 203 dogters wat na die Sleighton Farm-Inrigting, naby Philadelphia, V.S.A., gekommitteer is, het aan die lig gebring dat 103 uit onvolledige huise gekom het, <sup>(5)</sup> terwyl Phelps konstateer: "Another striking characteristic, /differentiating

- 
- 1) Van Rooyen, I.J.J. : h Ontleding van die Gesinsagtergrond van Blanke Sorgbehoewende Kinders in Suid-Afrika en van die Rehabilitasietodes wat in die verband aangewend word, p.23
  - 2) Mihanovich, C.S. : Principles of Juvenile Delinquency, p.26.
  - 3) Aangehaal deur Banay, Ralph S. : Op. cit. p.72.
  - 4) Ibid.
  - 5) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Social Disorganization, p.210.

differentiating the delinquent from the non-delinquent home, is the large proportion of broken homes among the former. No single factor stands out more prominently in relation either to the severity of the offence or to the degree of criminality." (1)

Burt se ondersoek het die volgende besonderhede aan die lig gebring: (2)

AARD VAN ONVOLLEDIGHEID	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Vader oorlede	10.6%	14.9%	12.2%
Moeder oorlede	10.6%	19.0%	13.7%
Vader of moeder gesin verlaat, van tafel en bed geskei, of geskei.	12.2%	21.7%	15.7%
Stiefvader	7.3%	14.9%	10.1%
Stiefmoeder	12.2%	17.6%	15.2%
Langdurige afwesigheid van vader.	18.7%	12.2%	16.2%

Ook Maud Merrill het ondersoek ingestel na die rol wat onvolledige huisgesinne in die gedrag van delinkwente kinders speel, en die volgende gevind: (3)

<u>OUERS</u>	<u>DELINKWENTE KINDERS:</u>
Ouers lewe saam.	49.3%
Geskei	6.2%
Geskei en weer getroud.	8.9%
Van tafel en bed geskei.	7.6%
Verlating.	2.4%
Moeder oorlede.	5.1%
Vader oorlede.	12.0%
Albei oorlede	2.7%
Vader oorlede, moeder weer getroud.	2.7%
Moeder oorlede, vader weer getroud.	3.1%
TOTAAL	100.0%

/Irene Kavin.

- 1) Phelps, H.A. : Contemporary Social Problems, p.653.  
 2) Burt, C. : The Young Delinquent, p.64.  
 3) Merrill, Maud A. : Problems of Child Delinquency, p.66.

Irene Kawin verklaar in h artikel "Family Dissension as a Factor in Delinquency": "There is no doubt that the broken home fails to give the child full emotional satisfaction, ... Attempting to treat a cause, family dissension, and not a symptom, the child's delinquency, may lead toward greater success in our casework." (1)

Schermerhorn berig dat van 164 delinkwente seuns wat in Amerika in pleegsorg geplaas is, slegs 15 uit normale huise afkomstig was; 68% het uit onvolledige huise gekom, 10% het geen huise gehad nie, en 12% het uit huise van besliste lae lewensstandaard gekom. (2) Dorothy Archibald se bevinding in h ondersoek na die agtergrond van 100 delinkwente seuns, was 48% normale huise, en 52% onvolledige huise. (3)

Willemse en Rademeyer verklaar: "By die ondersoek van misdadigers, en veral jeugdige, is dit uiters opvallend hoeveel daar is met stiefouers, een of geen ouers." (4)

En so kan h mens aangaan om een na die ander navorser te kwoteer wat gevind het dat daar h positiewe korrelasie bestaan tussen jeugwangedrag en die onvolledige huisgesin. Alhoewel die persentasies uit die aard van die saak wisselinge toon, is dit feitlik deurgaans betreklik hoog, en is daar dus h groot mate van ooreenstemming met die bevindinge van hierdie ondersoek.

Daar moet egter hier bygevoeg word dat Shaw en McKay, in h studie van 7278 seuns in 29 verskillende publieke skole in Chicago, gevind het dat die persentasie van die onvolledige huisgesinne "... (were) quite unrelated to rates of delinquents or the geographic location of the school in the city." (5) Hierdie verklaring het Sutherland

-----  
1) National Probation and Parole Association, New York, Year Book 1946, p.68.

2) Schermerhorn, C.M. : Delinquent Boys in Foster Homes, N.P.A. Year Book 1938, p.229.

3) Archibald, Dorothy : Services for Difficult Boys, hoofstuk in Eissler, K.R. - Searchlights on Delinquency, p.412.

4) Willemse, W.A. en Rademeyer, C.I. : Kriminologie, p.34.

5) Aangehaal deur Mihanovich, C.S. : Op. cit. p.26.

daartoe gelei om te verklaar dat "evidence tends to indicate that the break in the home is less important as a cause of crime than was previously believed..."<sup>(1)</sup> Taft het hierdie stellings egter in twyfel getrek en beweer dat Shaw se ondersoek "seems not to have proved broken homes unimportant for delinquency."<sup>(2)</sup> J.B.Maller het selfs sover gegaan om Shaw se gegewens weer te ontleed en hy het "convincing evidence of the marked association between broken homes and delinquency"<sup>(3)</sup> gevind.

In iedere geval dui die oorweldigende meerderheid van navorsers se gegewens daarop dat daar wel h verband bestaan tussen die onvolledige huisgesin en jeugwangedrag. Die gegewens van hierdie ondersoek bevestig die bevindinge van hierdie groep navorsers, en die gevolgtrekking is dan dat daar, sover as wat die aspek van onvolledige huisgesinne aangaan, weinig verskil aan te tref is by die jeugmisdadiger, die onbeheerbare jeugdige, en die kind wat hom aan wangedrag in die algemeen skuldig maak.

h Interessante verskynsel wat ons ook hier opmerk, is dat die dogters klaarblyklik oor die algemeen meer geraak word deur die onvolledige huisgesin as die seun. So bv. was daar in hierdie ondersoek 46.3% dogters uit onvolledige huise, teenoor 39.3% seuns. In Willemse se ondersoek was die verskil nog groter, nl. 70.9% onvolledige huise by die seuns, teenoor 92.6% by die dogters.<sup>(4)</sup> Elliott en Merrill verklaar dat "delinquent girls are even more frequently the product of broken homes than are boys", en haal dan ook statistieke aan van die Verenigde State van Amerika se Kinderburo in 1931, wat aantoon dat 37% van die dogters wat in Jeughowe verskyn het, vanuit onvolledige huise afkomstig was.<sup>(5)</sup> Dieselfde navorsers toon ook aan dat gegewens ontvang van 88 /howe

1) Aangehaal deur Mihanovich, C.S. : Op. cit. p.26.

2) Ibid. p.50.

3) Ibid. p.51.

4) Willemse, W.A. : Op. cit. p.27.

5) Elliott, A.M. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.118.



howe in die V.S.A. in 1930, die onderskeidelike persentasies vir die seuns en dogters op 34% en 53% stel. <sup>(1)</sup>

In h ondersoek van 515 delinkwente kinders in Spokane, Washington, het dit geblyk dat die seuns h relatiewe lae onvolledige-huisgesinsyfer gehad het teenoor h relatiewe hoë syfer vir die dogters. <sup>(2)</sup> Burt se gegewens, wat alreeds weergegee is, toon ook aan dat die persentasies by die dogters feitlik deurgaans hoër is as dié van die seuns. <sup>(3)</sup>

Wanneer die waarde van die laasgenoemde paar stellings en bevindings probeer bepaal word, moet daar eerstens in gedagte gehou word dat die dogter van nature meer huislik-georiënteerd is as die seun. Die gevolg is dat negatiewe faktore in die huislike lewe waarskynlik h groter uitwerking op dogters as op seuns sal hê. Hierdie stelling sou egter slegs korrek wees in bepaalde soorte van onvolledige huisgesinne, soos bv. stiefouers, dood van die moeder, ens. wat vir die dogter in die bepaalde huislike samestelling h baie veelseggende rol speel. Aan die anderkant sal dit egter waarskynlik weer h groter uitwerking hê op die gedrag van seuns as die teenwoordigheid van h vader geheel en al ontbeer moet word. Die streng tug van die vader is veral vir die seun van onskatbare waarde. Ten einde na te gaan in hoeverre hierdie mening deur die statistieke gestaaf word, kan die gegewens van hierdie ondersoek, dié van Willemse, <sup>(4)</sup> en dié van Burt <sup>(5)</sup> krities ontleed word.

(i) Vader oorlede: Hierdie ondersoek - 2.6% meer by die seuns as by die dogters; Willemse - 2.27% meer dogters as seuns; Burt - 4.3% meer dogters as seuns;

(ii) Moeder oorlede: Hierdie ondersoek - .5% meer dogters as seuns; Willemse - 4.46% meer dogters as seuns;

Burt - 8.4% meer dogters as seuns;

- /stiefvader:
- 1) Elliott, A.M. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.118.
  - 2) Aangehaal deur Banay, Ralph S : Op. cit. p.73.
  - 3) Burt, C. : Op. cit. p.64.
  - 4) Willemse, W.A. : Op. cit. p.27.
  - 5) Burt, C. : Op. cit. p.64.

(iii) stiefvader: Hierdie ondersoek - 9.2% meer dogters as seuns; Willemse - geen besonderhede; Burt - 7.6% meer dogters as seuns;

(iv) stiefmoeder: Hierdie ondersoek - 3.0% meer dogters as seuns; Willemse - geen besonderhede; Burt - 5.4% meer dogters as seuns;

(v) langdurige afwesigheid van die vader: Hierdie ondersoek - 3.3% meer seuns as dogters; Willemse - geen besonderhede; Burt - 6.5% meer seuns as dogters.

In hierdie ondersoek het die seuns dus die groter persentasies vertoon as die dogters waar die vader oorlede of langdurig afwesig was, terwyl die dogters groter persentasies vertoon het waar daar stiefvaders was of die moeder oorlede was.

Alhoewel die dogters in Willemse se ondersoek in beide die gevalle waar die vader en die moeder oorlede was, die meerderheid gewees het, is die verskil tussen die twee groepe opmerklik kleiner in die gevalle waar die vader oorlede was as dié waar die moeder oorlede was.

In Burt se ondersoek was die seuns h groter persentasie in slegs een geval - langdurige afwesigheid van die vader. In die geval waar die vader oorlede was, was die dogters se meerderheid egter kleiner as in die gevalle van stiefvaders of waar die moeder oorlede was.

Volgens hierdie vergelyking sou ons kan sê dat die aanwesigheid van stiefvaders en die afwesigheid van die moeder, in die dogters se gevalle klaarblyklik meer dikwels luttelens nagelaat het as in die seuns se gevalle, dog dat die omgekeerde waar is in die gevalle waar die vader afwesig was.

Hierdie is waarskynlik h verwagte natuurlike verskil, en daar kan beslis nie sondermeer gesê word dat die onvolledige huisgesin oor die algemeen h belangriker oorsakende faktor in die wangedrag en onbeheerbaarheid

/van

van dogters as seuns is nie. Trouens, indien ooreenstemmende faktore ontleed word, soos wat hierbo gedoen is, is die verskille klein en van weinig betekenis. Dit kan beslis nie as normatief aanvaar word nie. "A comparison of rates for males and females apprehended for comparable delinquencies revealed only an insignificant difference."<sup>(1)</sup>

Vervolgens kan ons in enkele paragrawe probeer vasstel wat die uitwerking van onvolledige huisgesinne op die kinders kan wees. Voorop moet daar gestel word dat dit h hele studie opsigself vereis indien daar volledig vasgestel wil word wat die uitwerking op die kind is, en ons sal hier dus slegs h paar algemene verklarings probeer gee. Die betekenis sal ook nog duideliker wees na h bespreking van ongesonde gesinsverhoudings, wat in die volgende onder-afdeling behandel sal word.

Vanaf sy jongste kinderjare sien die kind op na sy ouers as die besitters van die wêreld se wysheid, en ook as die finale beslisser van maatskaplike waardes. Die moderne Westerse samelewing vertoon so baie ingewikkelde en weersprekende definisies en kodes van gedrag dat die kind uiteraard nie-krities sy soeke na sekuriteit en sekerheid omtrent bepaalde waardes, reguit na sy vader en moeder rig.<sup>(2)</sup> Die ouerhuis kan dus beskou word as die beskermende vesting teen die konflikterende strominge van die buitewêreld, deur die liefde en begrip van die ouers. Hier voel die kind veilig en beskerm, en "the very importance to the helpless child of the complete family makes its interruption a cataclysmic blow to his maturing life scheme."<sup>(3)</sup>

Die verbreking van die volledige huisgesin is so dikwels vir die kind h emosionele skok waarvan hy

/moeilik

- 
- 1) Banay, Ralph S. : Op. cit. p.73.
  - 2) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.776.
  - 3) Ibid. p.776.

moeilik of nooit herstel nie. Alle basiese sekuriteit en veiligheidsgevoel word meteens van hom weggeruk, en laat diep kerwe in die kinderlike gemoed. Die persone wat die argitekture is van sy morele lewenspatroon, is in h konflik gewikkel wat dikwels tot die verbreking van die huweliksbande lei. Die waardes wat deur die ouers voorgehou is, is nou vir die kind van minder belang omdat sy vertrouwe in die ouers se geloof in die instandhouding van bepaalde bande, verbreek is. Hy mag selfs nou allerlei psigiese afwykings begin vertoon wat voorheen nie by hom aanwesig was nie. "He is quicker to anger, more self-centered, less sensitive to social approval, less able to control himself and more easily discouraged when things go wrong."<sup>(1)</sup>

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is dit miskien die belangrikste dat die kind se geloof in daardie morele waardes en beginsels wat sy ouers aan hom voorgehou het, so h terugslag mag ondervind dat dit tot sosiale gedrag aanleiding mag gee. Sy maatskaplike aanpassing kan met ander woorde h knou verkry waarvan hy heel moontlik nooit mag herstel nie. Tappan het dan ook tereg aangetoon dat die kind se psigologiese verdraagsaamheid van konflikterende strominge, van persoon tot persoon mag verskil, dog dat die haat, jaloesie, gebrek aan sekuriteit, en angs, wat kenmerkend van enige konflik is, nadelig is vir die stabiliteit en maatskaplike aanpassing van die kind.<sup>(2)</sup> Die uitwerking van sulke konflikte op die gedragspatroon van die jeugdige, is dus lig te begryp.

Behalwe die sielkundige aspek, is daar nog meer praktiese gevolge wat dit mag meebring. So lei die onttrekking van die vader uit die huislike verband, in meer as net h paar geïsoleerde gevalle, tot h gebrek aan

/die

1) Cole, Luella : Op. cit. p.441.  
2) Tappan, Paul W. : Juvenile Delinquency, p.136.

die vereiste streng dissipline wat nodig is. Veral so in die geval van die seun, en waar, soos reeds aangetoon is, die neiging tot asosiale gedrag alreeds bestaan as gevolg van die sielkundige gevolge van die tydelike, permanente, of psigologiese verbreking van die huislike verband. By die dogter weer, beteken die afwesigheid van die moeder, die totale gebrek aan die intieme moeder-dogter verhouding wat so belangrik is vir die ontwikkelingsproses van die dogter se karakter.

Die kwessie van stiefouers moet ook eerstens gesien word teen die agtergrond van die faktore wat die aanvanklike verbreking van die gesin meebring het. So dikwels gebeur dit dat stiefouers nooit daarin slaag om die vertroue van hul stiefkinders te wen nie, omdat laasgenoemde hulle steeds as indringers beskou - plaasvervangers wat in die oë van die kind nie daar behoort te wees in die plek van hom of haar wat voor die stiefouer in die betrokke posisie in die gesinslewe gestaan het, nie. Waar dit wel die geval is, is die effek soms presies dieselfde as sou daar niemand wees wat die betrokke posisie vul nie. Weereens is dit nie moeilik om te sien hoedat dit die kind se gedrag mag beïnvloed nie.

Wat die kwessie van aangenome kinders betref, kan daar ook kortliks iets gestel word, en dan meer in besonder omtrent die plasing van die kind by die aanneming, omdat daar tydens hierdie ondersoek twee duidelike gevalle gevind is waar h verkeerde plasing die direkte oorsaak van die kind se onbeheerbaarheid was.

In die een geval is die buite-egtelike kind van Afrikanerouers deur h gesiene kinderlose Joodse egpaar aangeneem. Niks het die seun ontbreek wat die materiële betref nie, en psigies het die ouers ook gepoog om die kind so gelukkig as moontlik te maak. Ongelukkig het die seun uitgevind dat hy inderdaad van Afrikaner-afkoms

is, en die innerlike konflik in hom vanweë hierdie feit en die feit dat hy omrede omstandighede buite sy beheer, gedwing is om in 'n Joodse milieu op te groei en voortdurend te beweeg, het eventueel daartoe geleid dat hy hom gladnie aan die gesag van sy aangenome ouers wou onderwerp nie, en heeltemal onbeheerbaar geraak het.

Die tweede geval gaan omtrent die ouderdomme van die aannemende ouers - 'n baba-dogtertjie is deur 'n egpaar aangeneem toe die vader reeds vyftig en die moeder agt-en-veertig jaar oud was. Hierdie egpaar het 'n voorbeeldige lewe geleid en het werklik gepoog om die dogter 'n goeie opvoeding te gee. Toe sy in haar puberteitstadium verkeer het, het allerlei probleme begin ontstaan. Eerstens was die ouers besonder konserwatief in hulle opvoedingsmetodes, en het hulle gefaal om hierdie metodes aan te pas by moderne omstandighede. Verder was die vader reeds ses-en-sestig en die moeder vier-en-sestig jaar oud toe die dogter in haar sestiende jaar verkeer het, beide was sieklik, en gladnie in staat om toesig oor die dogter uit te oefen nie. Die gevolg was dat sy totaal onbeheerbaar vir die ouers geword het.

In beide die bogemelde gevalle het die proefbeampte wat die geval ondersoek het, die verkeerde plasing by die aanwysing direk verantwoordelik gehou vir die latere toedrag van sake.

Opsommend kan ons dus die volgende omtrent die onvolledigheid van die huisgesin as bepalende faktor by onbeheerbaarheid en wangedrag van die jeug in die algemeen stel:

- (1) 'n Groot aantal gevalle van onbeheerbaarheid, soos aangetoon in Tabel II, is produkte van onvolledige huisgesinne. Onderzoekers na die omstandighede van delinkwente kinders in die algemeen, soek jeugmisdaad in die besonder, het soortgelyke resultate gevind, en hiervolgens is daar, sover as wat dit hierdie aspek betref, min verskil tussen delinkwente, jeugmisdadige, en onbeheerbare kinders;

/(ii) bepaalde

- (ii) bepaalde vorme van die onvolledige huisgesin kom meer dikwels voor by dogters as by seuns, dog die verskil is onbeduidend;
- (iii) die onvolledigheid van die huisgesin kan h belangrike uitwerking op die gedrag van die kind hê;
- (iv) h verkeerde plasing by aanneming kan later tot onbeheerbare gedrag by die kind lei - veral moet die kwessie van nasionaliteit en geloof, en die ouderdom van die voorgenome aannemende ouers, besondere aandag geniet.

---

(a) GESINSVERHOUDINGE EN OUERLIKE DISSIPLINE.

Hierdie twee aspekte hang nou saam met die voorafgaande gedeelte omtrent die onvolledige huisgesin, veral sover as wat dit die kwessie van swak gesinsverhoudinge betref. Ons behandel hiordie aspek dus eerste.

(1) Ongunstige Gesinsverhoudings: (Die Psigologies Ontrederde Gesin).

Waar ons in die voorafgaande afdeling die invloed behandel het wat die onvolledige gesin op die kind uitoefen, het ons hier te doen met h tipe van vóór-stadium van die verbreking van die gesinsverband. Al dadelik moet daar egter bygevoeg word dat h swak verhouding tussen die gesinslede (en veral hier tussen die ouers) nie altyd die verbreking van die gesinsbande deur middel van egskeiding, verlating, ens. tot gevolg het nie. In sommige gevalle woon die ouers maar steeds saam, en moet die kinders verder ly onder h gedurige twis en tweedrag.

Hoe ondermynend die verbreking van die gesinsbande nou ookal vir die kind is, is dit in sekere gevalle nog beter vir die kind as wat hy in h huis moet opgroei waar twis en tweedrag aan die orde van die dag is. Dit

kom dus daarop neer dat dit soms beter is as die ouers nie "terwille van die kinders" bymekaar bly nie, alhoewel hier nie beweer wil word dat dit dan altoos voordeliger sal wees om tot h egskeiding oor te gaan nie. Die feit kan egter nie weggeredeneer word nie, dat h verbreking van ongunstige of swak gesinsbande, en h tweede geleentheid vir die kind om moontlik in h nuwe, normale milieu aan te pas indien die betrokke ouer, wat die bewaring van die kind by die egskoiding verkry het, sou hertrou, voordeliger vir die kind self mag wees.

Tappan toon ook aan dat "tension, discord and conflict in the home, are found in the delinquent 'Gestalt'; it is these, rather than a formal breaking of the home, that possess significance in the child's maladaptations. In fact, it is undoubtedly true that a child's adjustment has often been improved when the desertion, divorce or death of a parent has put a decisive period to a family atmosphere made morbid by hostility." (1)

Die skrywer verklaar dan verder dat egskeiding dikwels voordeliger is vir die jong kind as h gedurige getwis. Hy wil egter nie die belangrikheid daarvan vir die kind om die liefde, toegeneentheid en kontrole van beide ouers te hê, ontken nie, "but the point is that a broken home is often preferable to the caricature of family relations when it is held intact in spite of intense aversion and disharmony." (2)

Volgens wat hierbo gestel is, kan daar nou reeds h idee gevorm word van hoe demoraliserend swak gesinsverhoudinge op die kind se buigbare karakter kan inwerk. Ons kan dus nou let op die gegewens omtrent hierdie aspek wat tydens hierdie ondersoek gevind is:

/TABEL III

1) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.135 - p.136.

2) Ibid. p.137.



TABEL III.  
DIE AARD VAN DIE GESINSVERHOUDINGE IN DIE  
GESINNE VAN DIE TOTALE AANTAL KINDERS.

AARD VAN GESINSVERHOUDING	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Goed	40.4%	34.3%	37.8%
Gemiddeld	28.1%	28.4%	28.2%
Swak	31.5%	26.9%	29.5%
Nie genoteer.	-	10.4%	4.5%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Hiervolgens blyk dit dan dat, sover as wat dit die seuns betref, 40.4% uit huise gekom het waar daar h gesonde gesinsverhouding bestaan het, terwyl die gesinsverhouding in 59.6% gevalle tot h mindere of meerdere mate ongunstig was. Die ooreenstemmende persentasies vir die dogters is 37.8% en 57.7%.

Wanneer die gegewens van die seuns en die dogters vergelyk word, dan merk ons dat 5.9% meer seuns as dogters se ouers in harmonie saamgeleef het, .3% meer dogters as seuns se ouers se verhouding betreklik goed was, dog 4.6% moer seuns as dogters se ouers in disharmonie gelowe het. Hieruit kan woinig gevolgtrekkings gemaak word, aangesien meer seuns as dogters se ouers se verhouding goed was, terwyl daar ook h groter aantal seuns as dogters se ouers in onmin geleef het. Die feit wat hier in gedagte gehou moet word, is dat in 10.4% van die dogters se gevalle, daar geen besonderhede omtrent hierdie bepaalde aspek te vinde was nie, en hierdie gevalle kon heelwat verskil gemaak het by h gevolgtrekking in verband met vergelykende syfers van die dogters en seuns.

Die gevolgtrekking waartoe ons gevolglik in verband met die ooreenstemmende syfers vir dogters en seuns kom, is dat daar in hierdie ondersoek geen konkrete

/bevinding

bevinding gemaak kon word sover as wat dit die ongesonde gesinsverhouding se invloed op seuns en dogters afsonderlik betref nie.

Die algemene syfers wat verkry is, stem egter ooreen met Burt se bevinding van 57.9% gevalle van ongesonde gesinsverhoudinge (teenoor h nie-delinkwente groep wat 25.7% gevalle van ongesonde gesinsverhoudinge ingesluit het.)<sup>(1)</sup> Hierdie hele aspek van ongesonde verhoudinge in die gesinslewe word van soveel belang geag dat sekere navorsers reeds verklaar het "....it is likely that the subtler influences of personality conflicts in families are more destructive for the social adjustment of children than is the 'broken' family of which so much has been written...."<sup>(2)</sup>

Omdat, soos reeds verduidelik is, die nagevolge wat swak gesinsverhoudinge op die kind het, in breë trekke dieselfde is as die effek van die onvolledige huisgesin op die kind, sal dit h duplisering wees om hier weereens die moontlike effekte te behandel, en daar word hier dus slegs verwys na die sielkundige en ander nagevolge van die onvolledige huisgesin op die kind, soos uiteengesit in die vorige onder-afdeling. Wat daar gestel is, is hier net so van toepassing, en dit is dus lig te begryp van hoeveel belang dit presies is, hoe absoluut noodsaaklik dit is, dat h kind die geleentheid gegun word om die eerste aantal jare van sy lewe, eers as struikelende suigeling, en later as verwarde jongeling, die voorbeeld kan geniet van ouers wat in volkome harmonie saamleef. Indien dit nie die geval is nie, kan dit onherstelbare merke op die fyn persoonlikheid van die kind of jeugdige laat, omdat hy, die persoon wat leiding nodig het, te staan kom voor die situasie dat die persone wat hy liefhet, en na wie hy opsien om leiding, in gedurige onmin leef. Dit veroorsaak nie slegs dat hy tot h

1) Burt, G. : Op. cit. p.53.

2) Aangehaal deur Hurwitz, Stephan: Criminology, p. 329.

groot mate vertroue in een of albei die ouers mag verloor nie, dog dit kan ook tot onnodige uithuisigheid aanleiding gee, omdat dit bitter onaangenaam mag wees in die ouerhuis vanweë die ouers se uitbarstings. Hierdie uithuisigheid mag weer aanleiding gee tot vriendskappe met verkeerde maats en die doellose rondslentery in strate, en dit mag weer eventueel lei tot asosiale gedrag. Dat h kind in sulke omstandighede homself in bepaalde gevalle nie aan die tug en dissipline van die ouers wil onderwerp nie en dus onbeheerbaar word, is lig te begryp.

Dit is verder ook baie belangrik om in gedagte te hou dat h getwis deur die ouers voor of binne hoorafstand van die kinders, uiters nadelig is, rangosien die kinders dan van kleinsaf daaraan gewoond raak dat daar nie so iets bestaan as harmonie in h gesinslewe nie.

Wanneer hierdie faktore, plus dié wat in die voorafgaande afdeling genoem is, saamgeneem word, begin h mens besef dat Tappan miskien gladnie h buitengewone kras oordeel gefel het nie toe hy verklaar het dat dit in baie gevalle werklik beter is as die ouers skei, in plaas daarvan om in onmin voort te lewe nie. (1)

Nog h belangrike aspek hier, is die feit dat voorbeelde soms baie meer positiefs kan uitrig as dade of handeling - kan daar verwyte geslinger word na h jongman of -dogter wat die beginsel van die liefde maar baie ligsinnig betreg as hul dié soort voorbeeld verkry in hul eie ouerhuise?

Ons kan hierdie afdeling afsluit met die volgende aanhaling:

"A child may be reared in poverty, in deteriorated neighbourhoods, and with severe educational and vocational handicaps, but, if there are harmony, love, and affection between the parents, between parents and children, and among children themselves, he may escape many of the difficulties....." (2)

(ii) Defektiewe

1) Tappan, Paul W. : Op. cit. pp. 135 - 136.

2) Young, Kimbale : Personality and Problems of Adjustment, p. 614

(ii) Defektiewe ouerlike Dissipline:

Of environmental conditions, indeed of all "conditions whatever that find a place in my list of causes, the group showing the closest connexion with crime consists of those that may be summed up under the head of defective discipline....."

(1)

is die uitgesproke mening van Cyril Burt, en, wanneer daar gelet word op die ontstellende hoë persentasie onbeheerbare jeugdiges wat aan defektiewe dissipline tuis blootgestel is, kan h mens nie anders as om hierdie mening van Burt te steun nie.

Hierdie ondersoek het dan ook die volgende aan die lig gebring:

TABEL IV.

DIE AARD VAN DIE OUERLIKE DISSIPLINE, SOOS DIT BY DIE ONBEHEERBARE KINDERS IN HIERDIE ONDERSOEK VOORKOM.

AARD VAN DISSIPLINE	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Goed	12.4%	13.4%	12.8%
Betreklik goed	23.6%	22.4%	23.1%
Swak (defektief)	57.3%	61.2%	59.0%
Nie genoteer	6.7%	3.0%	5.1%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Hiervolgens blyk dit dan dat, van die totale aantal gevalle, daar slegs 12.8% was wat aan streng ouerlike dissipline onderworpe was, terwyl dit in 82.1% gevalle redelik of swak was. Dit is h besondere hoë persentasie, dog as daar gelet word op die bevindinge van ander navorsers in hierdie verband, is dit geensins vreemd nie.

Burt het bevind dat 60.9% van die kinders wat hulle aan wangedrag skuldig maak, aan defektiewe /dissipline

1) Burt, C. : Op. cit. p.96.

dissipline blootgestel was, terwyl sy kontrolegroep h (1)  
ooreenstemmende persentasie van slegs 11.5 vertoon het.

Nog meer verdoemend is Wickham se bevinding,  
nl. in h ondersoek na die huislike- en gesinsagtergrond  
van h aantal delinkwente kinders, was daar in 90% van die  
gevalle swak ouerlike toesig en dissipline, teenoor 17%  
in h nie-delinkwente kontrolegroep. (2) Merrill het by

bykans 80% delinkwente kinders, swak ouerlike dissipline  
aangetref. (3)

Willemse se ondersoek van h aantal jeug-  
misdadigers, het hom daartoe gelei om te verklaar dat  
swak dissipline as die hooforsaak van jeugmisdad beskou  
moet word, (4) en dieselfde skrywer en Rademeyer konstateer:

"Nou verwant met die stiefouers of geen-ouer probleem, is  
dissipline by die huis. Die kind word te streng of te  
vrygewig behandel. Dikwels ook is die dissipline wissel-  
vallig of die twee ouers verskil onderling in hulle dis-  
siplinêre beskouinge. Dit is die kernpunt van opvoeding  
en ouerskap....." (5)

Indien ons die voorafgaande gegewens vergelyk  
met dié van hierdie ondersoek, dan vind ons dat daar  
weinig verskil bestaan tussen die onbeheerbare jeugdige,  
die jeugmisdadiger en die delinkwente kind - ondersoekte  
na al drie hierdie groepe se omstandighede, dui aan dat  
daar in h baie hoë persentasie gevalle, defektiewe ouer-  
like dissipline aangetref is.

In die voorafgaande aantal paragrawe is daar  
dikwels gepraat van "defektiewe" dissipline, en daar sal  
dus vervolgens oorgegaan word tot h kwalifisering van die  
term "defektief": Daar is drie moontlikhede waaronder  
ouerlike dissipline as defektief bestempel kan word -

- 1) te swak of geen dissipline;
  - ii) te streng dissipline;
  - iii) wispelturige of inkonsekwente dissipline.
- /Volgens

1) Burt, C. : Op. cit. p.53.

2) Aangehaal deur Kuhlen, R.G. : The Psychology of Ado-  
lescent Development, p.367.

3) Merrill, Maud A. : Op. cit. p.71 (Figuur 5)

4) Willemse, W.A. : Op. cit. p.33

5) Willemse, W.A. en Rademeyer, C.I. : Op. cit. p.36.

Volgens hierdie indeling kan die volgende gestel word in verband met gevalle van defektiewe "dissipline soos in hierdie ondersoek gevind. (Sien Tabel IV vir die persentasie defektiewe gevalle van die totaal).

TABEL V.

AARD VAN DEFEKTIEWE OERLIKE DISSIPLINE  
BY ONBETROUBAAR KINDERS.

AARD	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Te streng.	9.1%	7.1%	8.2%
Te swak.	87.3%	85.8%	86.6%
Inkonsekwent	3.6%	7.1%	5.2%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Die gegewens onder "te swak" en "inkonsekwent" mag moontlik h geringe mate van onbetroubaarheid insluit; die rede hiervoor is dat daar in baie verslae bloot gestel is: "Die ouerlike dissipline is swak..." of "...wens h swak dissipline tuis...". Al sulke gevalle is geklassifiseer onder "te swak", dog die moontlikheid bestaan dat daar enkele gevalle mag wees wat in werklikheid inkonsekwente dissipline mag gewees het en wat dan bloot as "swak" beskryf is. Vir die doeleindes van hierdie verhandeling word daar egter streng bepaal tot die bepaalde omskrywing in die verslag.

Wanneer dar dieper ingegaan word op die verskillende defektiewe dissiplinêre maatreëls tuis en die moontlike uitwerking daarvan op die gedragsbepaling van die kind, moet daar altoos in gedagte gehou word watter groot invloed die dissipline van die ouerhuis op die kind kan hê - die kind kom as hulpelose en afhanklike individu in die wêreld, en is vir die eerste aantal jare van sy aardse bestaan feitlik geheel en al van sy ouers

/afhanklik

afhanklik vir die aankweking van h lewensrigting en lewenshouding. Een van die basiese vereistes vir hierdie aankweking van lewenshouding en lewensrigting, is dat die ouers by die kind ontsag moet inboesem. Waar daar geen dissipline is nie, kan daar beswaarlik sprake wees van h aktiewe rigtinggewing deur die ouers, en swak dissipline boesem geen ontsag in nie. Dit is dus duidelik dat h algehele of grotendeelse gebrek aan enige dissipline, h besondere nadelige uitwerking kan hê op die vestiging van die kind se karakter en gedragpatroon.

Burt konstateer in hierdie verband dat daar in 25% van sy gevalle h te swak dissipline voorgekom het.<sup>(1)</sup> Hy skryf dit toe aan i) fisiese defekte, ii) swak gesondheid, of iii) verstandelike of morele minderwaardigheid.

Sover dit die fisiese defekte en/of swak gesondheid van die ouers betref is in hierdie ondersoek gevind dat van die gevalle waar daar geen of te swak dissipline was, 33.3% te wyte was aan fisiese defekte en/of swak gesondheid, 13.1% was te wyte aan die permanente of tydelike afwesigheid van die vader, en 4.8% aan die tydelike of permanente afwesigheid van die moeder. Van die oorblywende 48.8% gevalle, is daar in 26.8% van die gevalle beslis bevestig dat daar verstandelike minderwaardigheid aan die kant van die ouers was, terwyl die res van die gevalle nie geklassifiseer was sover as wat dit die verstandelike peil van die ouers betref nie - dit is h sterk moontlikheid dat daar onder hierdie laaste groep, gevalle van verstandelike minderwaardigheid aan die kant van die ouers aanwesig was.

Ten spyte van die feit dat die gegewens in verband met die verstandelike peil van die ouers, nie baie volledig is nie, is die persentasie gevalle waar dit wel bekend is, reeds voldoende om aan te toon dat

/dit

1) Burt, C. : Op. cit. p. 96.

dit h belangrike invloed uitoefen op die ouers se dissiplinêre maatreëls. Die bevinding in soverre dit die kwessie van fisiese defekte en/of swak gesondheid van die ouers as oorsaak van swak dissipline aangaan, stem egter ooreen met dié van Burt. Die rol wat die afwesigheid van een of albei ouers (en veral die vader) speel by die swak toepassing van dissipline, is ook veelseggend.

Ook té streng dissipline van die ouers kan h uiters nadelige invloed op die kind uitoefen. (Soos in Tabel V aangetoon, het dit in 8,2% van die gevalle in hierdie ondersoek voorgekom; Burt het h totaal van 10% gevind <sup>(1)</sup>). Oormatige of buitensporige strafmaatreëls deur die ouers, mag dadelik by die kind h uitdagende houding veroorsaak -- óf deur vinnige en openlike weerstand soos h fisiese aanval, óf onmiddellike dros van die ouerhuis, óf deur verborge geestelike prosesse wat diefstal, bedrieglikheid of h losbandige lewe as reaksies mag hê. <sup>(2)</sup> In ander gevalle mag daar ook geen sprake wees van enige openlike opstand nie, en mag die kind hom wend tot bedrog en leuentaal ten einde die oormatige straf vry te spring. In sulke gevalle "his general attitude grows at length into a deep antagonism, silent, <sup>(3)</sup> sullen and sustained."

Die inkonsekwente dissipline deur die ouer, (dit wil sê die eers-paai-dan-klap of omgekeerde dissipline, óf waar die ouers onderling verskil omtrent die toepassing van dissiplinêre maatreëls), kan beslis ook h uiters nadelige invloed uitoefen. By die uitoefening en toepassing van strafmaatreëls is dit belangrik dat die kind i) moet beseef waarom hy gestraf word, ii) hy moet konsekwent vir die bepaalde oortreding gestraf word, en iii) die ouers moet deurgaans saamstem -- dus h verenigde

/front

1) Burt, G. : Op. cit. p.96.

2) Ibid. p.96.

3) Ibid. p.97.



front vertoon teenoor die kind - dat hy vir die oortreding gestraf moet word.

Wanneer die kind gestraf word vir een of ander oortreding, en hy besef nie waarom dit alles gaan nie, kan dit h innerlike konflik en tweestryd by hom laat ontstaan; wanneer hy nie konsekwent gestraf of berispe word vir dieselfde oortreding nie, weet hy nog nie of dit werklik so h ernstige oortreding is dat straf nodig is nie, en dit skep dus by hom verwarring in soverre dit die erns van die oortreding van die bepaalde reël, norm of kode aangaan; wanneer die ouers verder onderling verskil oor die kwessie of die kind gestraf en aan dissipline onderwerp moet word al dan nie, skep dit by hom groot verwarring in verband met die toepassing van straf in ooreenstemming met die oortreding van bepaalde reëls, aangesien die ouers, na wie hy moet opsien om morele leiding, onderling verdeeld is oor die vraag of die oortreding wel h strafmaatreël behoef.

Volgens hierdie bogemelde bespreking, blyk dit dus duidelik dat defektiewe dissipline - dit wil sê te streng, te swak of inkonsekwente dissipline - h uiters nadelige uitwerking op die kind mag hê. Die gegewens van hierdie ondersoek, sowel as dié van alle navorsers op die gebied geraadpleeg, staaf die bewering.

Opsommend omtrent hierdie afdeling (nl. defektiewe gesinsverhoudinge en die ouerlike dissipline) kan dus die volgende gestel word:

- (i) Net soos in die geval van die onvolledige huisgesin, is daar h groot aantal jeugdiges wie se huislike agtergrond gekenmerk word deur ongesonde gesinsverhoudinge;
- (ii) h huis waarin die ouers godurig in onmin en twis lewe, kan so nadelig op die kind inwerk, dat dit in sommige gevalle vir die kind selfs beter en voordeliger kan wees indien die ouers sou skei;

/(iii) in

- (iii) in hierdie ondersoek kon geen konkrete gevolgtrekking gemaak word sover as wat dit die defektiewe gesinsverhouding se invloed op seuns en dogters afsonderlik betref nie, d.w.s. daar is geen bewys dat hierdie aspek die dogter juis nadeliger tref as die seun nie;
- (iv) slegs 12.8% van die kinders in hierdie ondersoek was onderworpe aan effektiewe dissipline tuis, en dit dui dus duidelik aan dat defektiewe dissipline die gedrag van die kind uiters nadelig kan affekteer;
- (v) defektiewe dissipline behels té streng, té swak, en inkonsekwente dissipline, en die gegewens bewys dat al drie hierdie faktore die kind nadelig tref;
- (vi) fisiese defekte en/of swak gesondheid van die ouers, die tydelike of permanente afwesigheid van een of albei die ouers (en veral die vader) en verstandelike minderwaardigheid van die ouers, kan veroorsaak dat hulle dissiplinêre maatreëls swak en ontoereikend is;
- (vii) 'n vergelyking tussen die bevinding in hierdie ondersoek, en dié van navorsers op die terrein van jeugmisdaad en delinkwente kinders in die algemeen, vertoon so weinig verskille dat dit duidelik is dat defektiewe gesinsverhoudings en swak dissipline, ewe nadelig inwerk op al drie hierdie groepe.

---

(d) DIE MORELE PEIL VAN DIE OUERS.

Onder hierdie hoof behandel ons dan vervolgens die kwessie van drankmisbruik, onsedelikheid en kriminele oortredings aan die kant van die ouers, ten einde te bepaal hoedanige rol dit gespeel het by die gedragsbepaling van die kind.

(i) Drankmisbruik:

Hierdie ondersoek het die volgende aan die lig gebring sover as wat dit die aspek van drankmisbruik deur die ouers betref:

/TABEL VI.

TABEL VI.

DRANKMISBRUIK BY DIE OUERS VAN ONBEHEERBARE  
JEUGDIGES.

AARD VAN DRANKMIS- BRUIK.	OUERS VAN SEUNS			OUERS VAN DOGTERS			TOTAAL		
	Vader	Moe- der	Albei	Vader	Moe- der	Albei	Vader	Moe- der	Albei
baie gereeld	9.0%	1.1%	7.9%	13.4%	-	1.5%	10.9%	.6%	5.1%
Somtyds	2.2%	4.5%	-	11.9%	-	4.5%	6.4%	2.6%	1.9%
Geen	75.3%			68.7%			72.5%		
TOTAAL	100.0%			100.0%			100.0%		

Hiervolgens blyk dit dan dat, wat die seuns betref, die vader in 11.2% gevalle en die moeder in 5.6% gevalle baie gereeld of minder gereeld van drank misbruik gemaak het, terwyl daar in h verdere 7.9% gevalle deur beide ouers gereeld van drank misbruik gemaak is. h Totaal dus van 24.7% waar daar drankmisbruik aangetref is.

Sover as wat dit die dogters aangaan, het die vader in 25.3% van die gevalle gereeld of soms van drank misbruik gemaak, in geen gevalle het slegs die moeder gedrink nie, dog in 6.0% het beide die ouers gereeld of minder gereeld drank misbruik. h Totaal dus van 31.3% gevalle.

Indien die totale aantal gevalle dus geneem word, beteken dit dat daar in 27.5% van die gevalle drankmisbruik by die ouers voorgekom het, wat byna een uit elke drie gevalle beteken. Dat hierdie drankmisbruik h groot invloed uitoefen op die kind se gedragswyse, is lig te begryp. Onthou moet word dat die ouer die kind moet lei deur woord en daad, sowel as deur die voorbeeld wat gestel word. Die wesenlike gevare wat drankmisbruik meebring sover as wat dit die sigbare en liggaamlike betref, is meer as bekend -- statistieke en

daaglikse nuusbladverslae bring aan die lig dat dit by meer as net geïsoleerde gevalle van egskeiding voorkom. Selfs waar daar nie tot egskeiding oorgegaan word nie, laat die emosionele spanninge wat deur drankmisbruik veroorsaak word, tog ernstige nagevolge in die verhouding van die ouerpaar, asook dié van die ouer-kind.

Kroniese drankmisbruik deur die vader, mag dikwels daartoe lei dat hy werkloos raak, en dit kan weer ernstige repurkussies in die gesinslewe teweegbring. Dit mag trouens gebeur dat die vader nie slegs eenkeer sy werk verloor nie, dog by herhaling, wat die ekonomiese posisie van die gesin haglik kan maak.

Ander navorsers het ook op hierdie aspek van die probleem klem gelê: Van Rooyen het bv. bevind dat 21% onbeheerbare seuns se ouers, en 28% van die ouers van onsedelike dogters van drank misbruik gemaak het, <sup>(1)</sup> terwyl Burt by die ouers van 8.1% van die kinders in sy ondersoek, drankmisbruik aangetref het, <sup>(2)</sup> (Laasgenoemde ondersoeker het dit egter deurgaans as 'n sekondêre faktor aangetref.)

Alhoewel Burt konstateer dat "...of all the features of the vicious home, the commonest and the most remarked is drunkenness...", maan hy terselfdertyd dat daar op hierdie aspek opsigself nie té veel klem gelê moet word nie, aangesien die meerderheid van die kinders in sy ondersoek uit huisgesinne van 'n lae ekonomiese posisie afkomstig was - en huise van hierdie standaard is nie juis bekend vir sy gebrek aan drankmisbruik nie. Volgens hom is dit nooit 'n faktor opsigself nie, dog slegs 'n simptoem van 'n groter en meer gekompliseerde toestand, wat veral op drie maniere 'n nadelige invloed uitoefen: i) Dit mag 'n teken wees van inherente onstabili-

/-teit

1) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. pp.32 en 30 onderskeidelik.  
2) Burt, G. : Op. cit. p.65.

teit van temperament aan die kant van die ouers; h toestand wat weer in die kind tevoorskyn kan tree; ii) dit mag nadelig wees vir die kind indien die moeder van drank misbruik maak gedurende die periode van swangerskap; iii) vir die kind is die indruk van h ouerhuis waar drankmisbruik voortdurend aan die orde van die dag is, blywend en die ergste toestand denkbaar.<sup>(1)</sup>

"Alcoholism in one or both parents is a constantly recurring factor in the family situation of the children appearing in juvenile courts...." verklaar Neumeyer,<sup>(2)</sup> en beweer dan verder dat die invloed van drankmisbruik in die huis, beide fisies en psigies is, aangesien dit kan lei tot armoede, wreedheid, voortdurende verskille, gebrek aan ouerlike kontrole, sedelike wan-gedrag, ens.

Dit is dus duidelik dat drankmisbruik ernstige nagevolge in die huis mag hê - daar moet egter steeds in gedagte gehou word dat dit soms nie h alleenstaande faktor is nie; dikwels is dit verbind aan h ander faktor soos immoraliteit, kriminaliteit, ens., wat vervolgens behandel word.

(ii) Sedeloosheid of immorele gedrag van die ouers.

Dat ook hierdie faktor h belangrike invloed op die gedrag van die kind kan uitoefen, is baie duidelik, veral as gelet word daarop dat feitlik alle navorsers op die terrein van jeugwangedrag, hierdie faktor teëkom. In hierdie ondersoek is die volgende in hierdie verband gevind:

/TABEL VII.

1) Burt, C. : Op. cit. pp. 99 - 100.

2) Neumeyer, M.H. : Juvenile Delinquency in Modern Society, p.126.

TABEL VII.

IMMORALITEIT BY DIE OUERS VAN ONBEHEERBARE  
JEUGDIGES.

	OUERS VAN SEUNS	OUERS VAN DOGTERS	TOTAAL
Vader	2.2%	7.5%	4.5%
Moeder	5.6%	4.5%	5.1%
Albei	5.6%	1.5%	3.8%
Geen	86.6%	86.5%	86.6%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

By die seuns is daar dus h totaal van 13.4% van die gevalle wie se ouers hulle aan immorele daade skuldig gemaak het. By die dogters was die ooreenstemmende persentasie 13.5, en daar is dus weinig verskil tussen die persentasie seuns en dogters sover dit hierdie aspek aangaan. Waar daar tog h mate van verskil voorkom, is 1) by die immorele vader (2.2% in die geval van die seuns, en 7.5% in die geval van die dogters), en ii) waar albei ouers hulle aan immorele daade skuldig gemaak het (5.6% in die geval van die seuns en 1.5% in die van die dogters.) Dit is egter duidelik dat die verskil wat daar wel bestaan, klein en onbeduidend is, en die enigste feit wat miskien opvallend is, is dat in die geval van die dogters, die vader in h groter persentasie gevalle hom aan immoraliteit skuldig gemaak het as die moeder, (7.5% teenoor 4.5%). h Mens is geneig om die teenoorgestelde te verwag.

Ander navorsers wat ook op hierdie feit van immoraliteit klem gelê het, is Burt, wat dit in h totaal van 4.6% gevalle aangetref het, <sup>(1)</sup> en van Rooyen, wat in meer as 20% onsedelike dogters, tekens van onsedelikheid

/ by die

1) Burt, C. : Op. cit. p.65.

by die ouers aangetref het. (1) Elliott en Merrill haal die gevalle aan van dogters wat na Sleighton Farm in Amerika gekommitteer is -- 56.3% van die totale aantal dogters wat uit ontredde huigesinne afkomstig was, se ouers was immoreel, en in die geval van 169 dogters wat in die Nywerheidskool vir dogters, Beloit, Kansas, aangehou is, was 38.9% uit huise afkomstig waar die ouers immoreel was. (2) Neumeyer stel die probleem as volg:

Parents guilty of immorality and loose living have a baneful influence. Children may acquire sex habits early in life and be led to a life of immorality as a consequence of the example of parents. Investigators and case workers have come across many families where sexual malpractices have been inculcated by parents, and where sex misbehaviour of children was stimulated by parental misbehaviour." (3)

Indien die ouers hulle aan sedelike wangedrag skuldig maak, is dit bykans onmoontlik dat dit nie een of ander invloed op die kind kan uitoefen nie, soos deur Neumeyer geillustreer in die aanhaling hierbo, en ook deur Burt aangetoon is. (4) Beide hierdie navorsers het tereg gekonstateer dat die ouers se swak voorbeeld veral op twee wyses die kind uiters nadelig kan beïnvloed: Eerstens kan dit direk daartoe lei dat die kind hom/harself ook aan immorele gedrag skuldig maak, en tweedens mag dit ernstige ander konflikte tot gevolg hê, sonder dat dit immorele gedrag by die kind teweegbring.

Sover dit laasgenoemde faktor betref, kon daar nie in hierdie ondersoek duidelikheid verkry word nie, aangesien daar, soos in die inleidende hoofstuk verduidelik is, nie persoonlike onderhoude met al die gevalle gevoer kon word nie, en daar nie altyd in die verslag gestel is wat die indirekte invloed van die ouers se swak voorbeeld was nie, of hoedanig dit indirek die kind se

/gedrag

- 1) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. p.32.
- 2) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.120.
- 3) Neumeyer, M.H. : Op. cit. pp. 126 - 127.
- 4) Burt, C. : Op. cit. p.99.

gedrag beïnvloed het nie. Wat die meer direkte invloed betref, naamlik waar die ouer(s) immoreel was, en dit gevolg is deur immoraliteit deur die kinders, is die volgende gevind:

TABEL VIII.


POSITIEWE/NEGATIEWE KORRELASIE TUSSEN DIE OUIERS SE IMMORALITEIT EN DIE KINDERS SE IMMORALITEIT.

AARD	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Ouers immoreel en kinders ook.	9.1%	88.9%	45.0%
Ouers immoreel maar die kinders nie.	90.9%	11.1%	55.0%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Uit bogemelde gegewens blyk dit dan dat in bykans die helfte (45%) van die gevalle waar die ouers immoreel was, die kinders in hulle voetspore gevolg het. Besonder interessant is dit egter dat in 88.9% van die gevalle waar die ouers onsedelik was, hulle dogters ook immoreel was, terwyl die seuns h ooreenstemmende persentasie van slegs 11.1 toon. Die afleiding wat ons hier maak is, dat sover dit hierdie ondersoek betref, die immorele gedrag van die ouer klaarblyklik h groter direkte invloed op die dogters as op die seuns uitoefen. Die voorbeeld van die ouer is natuurlik nie die enigste wat moontlik h direkte invloed op die sedelike gedragswyse van die kind kan uitoefen nie. Maats kan bv. net so h belangrike rol speel, dog aangesien die aspek van immorele gedrag by die kind in h latere hoofstuk volledig gedek word, sal daar nie op hierdie stadium verder op ingegaan word nie.

h ander aspek in verband met die positiewe korrelasie tussen die ouer en kind se immorele gedrag wat hier egter genoem moet word, is dié gevalle waar die ouers hulle self nie aan immoraliteit skuldig maak nie,

61034





dog oogluikend en soms selfs goedkeurend toelaat dat die kind dit doen. Daar kan wel geredeneer word dat so h ouer inherent tog wel immoreel is, dog gedurende hierdie ondersoek is drie duidelike gevalle teëgekome waar daar geen bewyse hoegenaamd gevind kon word dat die ouers hulleself aan immoraliteit skuldig maak nie, en daar is duidelik in die verslag gestel dat die ouers oogluikend die kind toegelaat het om h promiskue leefwyse te voer. Die gedrag van hierdie tipe ouer is in elk geval net so laakbaar en afkeuringswaardig soos dié van die ouer wat hom/haarself tot immorele handeling uitleen, en die invloed daarvan op die kind ongetwyfeld ook net so groot en belangrik.

Aangesien daar aan die einde van hierdie onder-afdeling omtrent die morele peil van die ouers, meer volledige bespreking omtrent die verband tussen drankmisbruik, immorele optrede en kriminaliteit, gevoer sal word, kan op hierdie stadium volstaan word met die bogenelde bespreking van sedelike wangedrag van die ouers, en die moontlike invloed daarvan op die kind. Alhoewel die persentasie gevalle waar dit in hierdie ondersoek voorgekom het, nie besonder hoog is nie (13.4% van die totale aantal gevalle - vergelyk Tabel VII), is dit ewe-eens duidelik dat, waar dit wel aangetref word, dit besonder nadelig op die kind kan inwerk.

---

(iii) Kriminaliteit aan die kant van die ouers:

Die volgende gegewens is in hierdie ondersoek aangetref sover dit die kriminele neigings aan die kant van die ouers betref:

/ TABEL IX.

TABEL IX.

KRIMINELE NEIGINGS VAN DIE OUERS VAN  
ONBEHEERBARE JEUGDIGES.

	OUERS VAN SEUNS.	OUERS VAN DOGTERS	TOTAAL
Vader	3.4%	7.5%	5.1%
Moeder	2.2%	-	1.3%
Albei	-	-	-
Geen	94.4%	92.5%	93.6%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Uit hierdie gegewens is dit dus aldadelik duidelik dat die persentasie ouers in hierdie ondersoek wat hulle aan kriminele oortredings skuldig gemaak het, betreklik gering is (6.4% van die totale aantal gevalle).

Wanneer hierdie bevinding vergelyk word met die bevindings van ander navorsers op die terrein van jeugwangedrag, vind ons soortgelyke bevindings:

Burt het byvoorbeeld gevind dat in 1.5% gevalle die ouers die kind tot kriminele oortredings aangemoedig het, terwyl die ouers hulle in 7.0% gevalle skuldig gemaak het aan "vicious conduct", (wat diefstal, gereelde dobbelary en weddenskappe insluit).<sup>(1)</sup>

Geffen het in h ondersoek na die agtergrond van die gesinne van 200 blanke seuns en 34 blanke dogters, gevind dat daar in 16 gesinne kriminele oortredings voorgekom het. (Die ondersoek is uitgevoer op h aantal kinders in inrigtings in Suid-Afrika.)<sup>(2)</sup>

Volgens Neumeyer het "the prevalence of criminal behaviour by adults in a home...an untoward effect on children,"<sup>(3)</sup> terwyl Tappan verklaar dat "the danger is increased, too, by the mental conflicts that children

/may

1) Burt, C. : Op. cit. p.65.

2) Geffen, I.A. : Delinquency and Domestic Court Problems in the United States of America and South Africa, p.51.

3) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.127.

may suffer through the discovery of parental vice and delinquencies." (1)

Alhoewel die voorkomspersentasie van kriminele ouers dus nie besonder hoog is nie, is dit nietemin duidelik dat dit wel h invloed op die kind kan uitoefen. Net soos in die geval van die voorafgaande gedeelte omtrent immorele gedrag van die ouers, kan hierdie invloed ook op verskillende maniere uitgeoefen word. Eerstens kan die kriminele voorbeeld van die ouers) daartoe lei dat die kind soortgelyke gedragswyses openbaar, of daar kan in die tweede plek die ouer wees wat, omrede hy of syself h kriminele loopbaan volg, die kind aanmoedig om te volg, en selfs saam met die kind oortredings begaan.

Sover as wat dit die laasgenoemde stelling betref, het dit in hierdie ondersoek voorgekom dat h moeder en haar twee seuns byvoorbeeld saam skuldig bevind is op h klag van diefstal, en wat die posisie verder betref sover dit h moontlike koorelasie tussen kriminele oortredings van die ouers en van die kinders aangaan, is die volgende gevind:

TABEL X.

POSITIEWE/NEGATIEWE KORRELASIE TUSSEN KRIMINALITEIT VAN DIE OUERS EN VAN DIE KINDERS.

	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Ouers krimineel en kinders ook.	40.0%	-	20.0%
Ouers krimineel maar kinders nie.	60.0%	100.0%	80.0%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Daar moet dadelik gestel word dat die gegewens in Tabel X nie as besonder deurslaggewend beskou moet word nie, m.a.w. dat in 40% van die gevalle waar die ouers aan kriminele oortredings skuldig bevind is, die kinders

/dieselfde

1) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.141.

dieselfde weg gevolg het nie. Die rede hiervoor is dat daar slegs h baie klein persentasie van die totale aantal ouers aan kriminele oortredings skuldig was, (vergelyk Tabel IX ), en die 40% hierbo genoem, is inderwaarheid slegs die geval waar die moeder en die twee seuns saam aan diefstal skuldig bevind is, soos in die voorafgaande paragraaf gestel.

In die lig hiervan twyfel ondersoeker of enige gevolgtrekkings op wetenskaplike vlak in hierdie verband moontlik is. Tog, selfs ten spyte hiervan, is dit nogtans duidelik dat daar nie juis h positiewe korrelasie tussen die ouers en kinders se kriminaliteit bestaan nie. Dit staaf die woorde van Burt: "The simple imitation of the parents' own iniquities - stealing if the father is a thief, soliciting if the mother has been a courtesan - though it seems to the layman the most natural, is in point of fact the rarest of the results provoked by such a plight." (1)

---

(iv) Samevatting in verband met die morele peil van die ouers.

Ten einde h duidelike insig te kry in die probleem van hoedanige invloed ouers wat hulle aan morele wangedrag skuldig maak, op die kind het, is dit nodig om h samevattende beeld te verkry omtrent die persentasie gevalle waar dit voorgekom het op die totale terrein. Soos reeds voorheen aangetoon, het veral Burt en Neumeyer klem gelê op die feit dat daar miskien nie soveel nadruk gelê moet word op die faktore van drankmisbruik, immoraliteit en kriminaliteit as losstaande faktore nie, dog dat hierdie faktore in verband met mekaar gebring behoort

/te word

---

1) Burt, C. : Op. cit. p.101.

te word, aangesien dit slegs h manifestasie mag wees van h dieper-lyggende stroom van emosionele ontwrigting, wat h meer subtiële invloed op die kind kan uitoefen as die bloot oppervlakkig-waarneembare soos bv. direkte navolging van die ouers se optrede.

Wanneer die faktore van drankmisbruik, immoraliteit en kriminaliteit van die ouers saamgevat en getabuleer word, vind ons die volgende posisie: (Daar moet in gedagte gehou word dat daar in sommige gevalle twee of selfs aldrie hierdie afwykings by een gesin voorgekom het, en derhalwe is die besonderhede in die volgende Tabel nie bloot die somtotaal van die gegewens soos uiteengesit in Tabelle VI, VII, en IX nie).

TABEL XI.

SAMEVATTENDE GEGEWENS OMTRENT DIE MORELE PEIL VAN DIE OUERS SE LEEFWYSE.

	OUERS VAN SEUNS	OUERS VAN DOGTERS	TOTAAL
Ouers drankmisbruikers, immoreel of kriminele oortreders.	39.3%	43.3%	41.0%
Ouers maak hul nie skuldig aan een van bogemelde aspekte nie.	60.7%	56.7%	59.0%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Wanneer die 41% gevalle wat hulle aan een van die drie gedragswyses skuldig maak, verder ontleed word om te bepaal hoe dikwels hierdie faktore alleensstaande of in samehang met mekaar, voorkom, is die posisie as volg:

/TABEL XII.

TABEL XII.

ONTLEDING VAN HOEDANIG DRANKMISBRUIK, IMMORALITEIT EN KRIMINALITEIT IN SAMEHANG MET ME-  
KAAR VOORKOM.

	OUERS VAN SEUNS	OUERS VAN DOGTERS	TOTAAL
Slegs drankmisbruik.	54.3%	62.1%	57.8%
Slegs immoraliteit.	25.6%	13.8%	20.3%
Slegs kriminaliteit.	2.9%	-	1.6%
Drankmisbruik en immoraliteit.	5.7%	6.9%	6.3%
Drankmisbruik en kriminaliteit.	8.6%	6.9%	7.8%
Immoraliteit en kriminaliteit.	-	6.9%	3.1%
Drankmisbruik, immoraliteit en kriminaliteit.	2.9%	3.4%	3.1%
<b>TOTAAL</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>

Daar word dus opgemerk dat die drie faktore in h totaal van 79.7% gevalle alleenstaande voorgekom het, terwyl dit in 20.3% van die gevalle in een of ander kombinasie aangetref is.

Ons maak dus die gevolgtrekking dat, na aanleiding van die gegewens soos in hierdie onder-afdeling uiteengesit, h huis waarin die morele peil van die ouers se leefwyses bepaalde defekte vertoon, h sterk demoraliserende invloed op die kind kan uitoefen. In hierdie ondersoek het dit byvoorbeeld in 41% van die gevalle voorgekom. Burt het in sy ondersoek h ooreenstemmende persentasie van 26 gevind, teenoor 6% by h nie-delinkwente kontrolegroep, (1) terwyl Willemse, uit h totaal van 372 seuns in sy ondersoek, gevind het dat dit in 30 seuns se gevalle h primêre oorsaak van die oortreding (2) was, en in 8 seuns se gevalle h sekondêre oorsaak was. Persentasiegewys beteken dit h totaal van 10.2% waar dit voorgekom het. Willemse het dus in sy ondersoek, wat

/slegs

1) Burt, C. : Op. cit. p.101.

2) Willemse, W.A. : Op. cit. pp. 34 - 35.

slegs jeugmisdadigers ingesluit het, die kleinste voorkomspersentasie gevind in vergelyking met Burt se ondersoek (delinkwensie in die algemeen) en hierdie ondersoek,

Ten slotte noop die gegewens in hierdie ondersoek (soos uiteengesit in Tabel XII ) ondersoeker om te verskil van Willemse waar hy verklaar: "We have found that the various characteristics of home-life, which may be termed vicious, are frequently present in combination.<sup>(1)</sup>" In hierdie ondersoek het dit in slegs h vyfde van die gevalle in samehang voorgekom.

---

---

1) Willemse, W.A. : Op. cit. p.34.

(e) DIE EKONOMIESE STATUS VAN DIE OUEERS.

Onder hierdie hoof word dan vervolgens behandel die gesinsinkomste, behuising, en, omdat dit in ons hedendaagse samelewingstruktuur so nou met die gesinsinkomste saamhang, ook die grootte van die gesin en die verhouding tussen die gesinsgrootte en gesinsinkomste. 'n Ander faktor wat eintlik baie nou saamhang met die ekonomiese toestand van die ouerhuis, is die omgewing waarin die gesin woon, dog dié aspek sal behandel word onder die "Buite-huislike omgewing" en daar sal dus nie in hierdie afdeling daarna verwys word nie.

(1) Armoede:

Dit is treffend dat alle naslaanwerke wat geraadpleeg is, 'n bespreking van hierdie aspek, en die verband tussen armoede en jeugwangedrag bevat, en verwysings na laesgenoemde is dus nie moeilik te verkry nie.

So verklaar Banay: "Occupation and income are of primary importance in determining the physical and sociological conditions of family living. Therefore, they exert a direct and indirect influence upon the behaviour of children,"<sup>(1)</sup> terwyl Elliott en Merrill beweer dat "...the majority of juvenile delinquents come from homes of such low economic status that many people have attributed a causal relationship between poverty and anti-social behaviour."<sup>(2)</sup> Phelps konstateer uitgesproke dat armoede en dit wat daarmee gepaardgaan, nie geskei kan word van die probleem van delinkwensie nie<sup>(3)</sup> en Neumeyer verduidelik dat baie studies in verband met jeugwangedrag, die gevolgtrekking bevat dat armoede 'n belangrike faktor is in die veroorsaking van wetsoortreding.<sup>(4)</sup>

/Dit

- 1) Banay, Ralph S. : Op. cit. p.38.
- 2) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.121.
- 3) Phelps, H.A. : Op. cit. p.652.
- 4) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.202.



Dit is dus duidelik dat gesagshebbendes op die gebied van jeugwangedrag, eenstemmig is omtrent die feit dat daar by h groot aantal gesinne van kinders wat hulle aan wangedrag skuldig maak, armoede aangetref word. Die vraag wat egter onvermydelik op die voorgrond tree in so h bespreking, is wanneer kan h gesin as "arm" beskou word? Verskillende navorsers het dan gevolglik ook verskillende maatstawwe gebruik hiervoor - van Rooyen het bv. gestel dat enige gesin met h inkomste van £15 per maand of minder, " baie arm" is, h Gesin wat h inkomste van minder as £3 per maand per lid van die gesin het bokant h totale inkomste van £15 per maand word ook as " baie arm" beskou, h Gesin met h inkomste van £16 tot £24 per maand, of indien meer, tussen £3 en £4 per lid per maand, word as " arm" beskou. h Goeie inkomste word bereken as £40 per maand mits dit nie minder as £6 per maand per lid van die gesin beteken nie. (1)

Willemse het selfs nog h laer norm geneem as die bogemelde basis van van Rooyen, (2) terwyl Burt h indeling gemaak het op grond van die aard van die werk van die vader, (3) en Maud Merrill op grond van die materiële afhanklikheid van die gesin. (4)

Dat hierdie navorsers verskillende maatstawwe moet gebruik, is egter ewe-eens duidelik, aangesien elkeen se navorsing in h ander tydvak plaasgevind het, waarin die lewenskoste en die daarmee gepaardgaande faktore verskil het.

Van Rooyen se ondersoek is bv. in 1956 voltooi, dié van Willemse dek die periode van 1928 - 1936, Burt se ondersoek is reeds voor 1930 gedoen, terwyl Maud Merrill se bevindinge kort na die Tweede Wêreldoorlog die lig gesien het.

/Dit is

- 1) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. p.17.
- 2) Willemse, W.A. : Op. cit. p.20.
- 3) Burt, C. : Op. cit. p.68.
- 4) Merrill, Maud A. : Op. cit. p.76.

Dit is dus na ondersoeker se mening nie moontlik om in hierdie ondersoek enige van bogemelde basisse te gebruik nie - enersyds omdat Burt en Merrill se ondersoeke in ander lande gedoen is, wat vanselfsprekend verskillende omstandighede as in Suid-Afrika beteken, en andersyds omdat Willemse en van Rooyen se ondersoeke h ander tydvak dek. Daar sal dus h afsonderlike basis vir hierdie ondersoek gevind moet word.

Wanneer daar nou na so h basis gesoek word, is daar talle en talle faktore wat in aanmerking geneem moet word. In die eerste plek moet daar in gedagte gehou word dat so h basis nooit as universeel-normatief aanvaar sal kan word nie. Die rede is voor die hand liggend - een gesin mag met h inkomste van bv. £40 per maand, h heeltemal redelike bestaan voer, terwyl h ander gesin beslis as "arm" beskou sal word met dieselfde inkomste. Faktore soos kulturele verpligtinge, verskil in omgewing (en gevolglik in huishuur), aantal kinders in die gesin, opvoedkundige aspirasies van die kinders, en ander faktore, verskil van gesin tot gesin, en sal beslis op die feit of h gesin as "arm" of nie beskou word, h invloed uitoefen.

Die basis wat geneem word sal dus noodwendig verband moet hou met die faktore in die laaste paragraaf genoem, asook addisionele faktore soos voedsel, klere, mediese koste, ens. Met inagneming van die hoë lewenskoste van die hedendaagse lewe, en ondersoeker se oervinding met hierdie gesinne, kan die volgende basis vir hierdie ondersoek gebruik word:

h Gesin met h inkomste van £5 of minder per lid van die gesin per maand, word as "arm" beskou; h gesin met h inkomste van £5 - £7 per maand per lid van die gesin, se inkomste word as "gemiddeld" beskou, en h gesin met h inkomste van meer as £7 per maand per lid

/van die

van die gesin, se inkomste is "goed". Steeds moet daar in gedagte gehou word dat hierdie verdeling slegs h vae aanduiding is van die ekonomiese status van die huis, en wêre die relatiwiteit van die begrippe "arm", ens.

Ten einde h geheel-beeld te verkry, kan daar eerstens nagegaan word wat die inkomste van die gesinne was:

TABEL XIII.

INKOMSTE VAN DIE GESINNE WAARUIT ONBEHEERBARE KINDERS AFKOMSTIG IS.

GESINSINKOMSTE PER MAAND.	GESINNE VAN SEUNS	GESINNE VAN DOGTERS	TOTAAL
£40 en minder	34.8%	29.9%	32.7%
£41 tot £50	20.2%	20.9%	20.5%
£51 tot £60	9.0%	7.5%	8.3%
£61 tot £70	10.1%	16.4%	12.8%
£71 tot £80	6.7%	7.5%	7.1%
£81 tot £90	4.5%	4.4%	4.5%
£91 tot £99	3.4%	1.5%	2.5%
£100 en meer.	7.9%	4.4%	6.4%
Nie genoteer	3.4%	7.5%	5.2%
<b>TOTAAL</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>

Dit is opmerklik dat meer as die helfte van die gesinne se inkomste minder as £50, of £50 per maand was, en dit is alreeds h aanduiding dat die groter meerderheid van die kinders uit huise van geen besondere ekonomiese peil, afkomstig was. Dit word nog verder duidelik wanneer die gegewens in Tabel XIII verder ont- leed word na aanleiding van die beginsel van "arm", "ge- middeld", ens., soos vroeër uiteengesit, en met inagne- ming van die grootte van die gesinne, soos wat dit in die volgende onder-afdeling behandel sal word.

/TABEL XIV.

TABEL XIV.

DIE EKONOMIESE PEIL VAN DIE OUERHUISE  
VAN ONBEHEERBARE KINDERS.

EKONOMIESE PEIL	OUEHUISE VAN SEUNS.	OUEHUISE VAN DOGTERS.	TOTAAL
Arm	44.9%	32.8%	39.7%
Gemiddeld	19.1%	22.4%	20.5%
Goed	31.5%	37.3%	34.0%
Nie genoteer	4.5%	7.5%	5.8%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Alhoewel dit dus opmerklik is dat bykans 40% van die gesinne as "arm" bestempel kan word, moet dit tog in gedagte gehou word dat daar aan die anderkant 34% van die gevalle was waar die inkomste as "goed" bestempel is. Hierdie feit moet steeds in gedagte gehou word, veral wanneer daar later gelet sal word op die feit of armoede opsigself h oorsaak van jeugwangedrag kan wees.

Hierdie gegewens vergelyk as volg met die gegewens van ander ondersoekers op hierdie terrein:

Burt het gevind dat 14.9% van die gesinne "baie arm" was, terwyl h verdore 37.8% "arm" was. (1)  
Van Rooyen se ondersoek het bykans dieselfde resultaat aan die lig gebring as wat in Tabel XIV hierbo uiteengesit is. Hy het nl. bevind dat 31% van die onbeheerbare kinders se ouers "arm" of "baie arm" was, 26% het redelike inkomstes gehad, en 44% goeie inkomstes. (2)

Willemse het egter in sy ondersoek h besondere hoë persentasie "arm" en "baie arm" gesinne aangeref, nl. 73.4%. (3) In skerpe teenstelling hiermee het

/Healy

- 1) Burt, C. : Op. cit. p.64. Vir h uiteensetting van van hoe die gegewens verkry is, en sy basis van berekening, sien p.68 in dieselfde werk.
- 2) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. p.23.
- 3) Willemse, W.A. : Op. cit. p.20.

Healy, in h ondersoek van 823 delinkwente kinders, gevind dat armoede in h gemiddeld van minder as 8% h oorsaaklike faktor van die gedrag van die kind was. (1) Maud Merrill, wie se indeling gemaak is op grond van die materiele afhanklikheid van die gesin, se bevinding toon egter weer h ietwat groter mate van ooreenkoms met hierdie ondersoek as bv. die laasgenoemde twee. Sy het gevind dat, in h groep van 300 kinders, 22.7% as "afhanklik" beskou kon word, 65.8% was grensgevalle en 11.5% het gemaklik gelewe. "Afhanklik" beskryf sy as volg: "Dependent status means that the family requires support continuously." (2)

Ten spyte van die feit dat daar dus verskillende grondslae gebruik is deur verskillende ondersoekers vir die bepaling van die ekonomiese status van die ouerhuis, en ten spyte van die feit dat daar in enkele gevalle groot verskille in die bevindinge van die ondersoekers voorkom (wat moontlik tot h mate toegeskryf kan word aan die gebruik van verskillende basisse), kan ons stel dat daar oor die algemeen h groot persentasie delinkwente kinders is wat uit huise afkomstig is wat as "arm" beskryf kan word.

Wanneer daar gepoog word om te bepaal hoedanige rol hierdie faktor speel in die gedragsbepaling van die kind, verklaar Gillin dat baie ondersoekers gevind het dat h groot aantal delinkwente kinders uit armoedige huise afkomstig was, en hy stel verder:

There can be no question as to these "facts. The problem is as to the interpretation of their meaning. Do men steal because they are hungry? Do girls enter a life of prostitution because of need? In both cases the question can be answered by both yes and no. Some men steal because they are hungry or because their families are in need. Some girls

- /enter  
1) Healy, W. : The Individual Delinquent, p.134, aangehaal deur Mihanovich, C.S.: Op. cit. p.43.  
2) Merrill, Maud : Op. cit. p.76.

enter a life of prostitution or that course of conduct which may lead to prostitution, by reason of the pressure of necessity. On the other hand, however, some people in the very deepest distress do not commit crime, and some girls in the direst need do not stray from the path of virtue. It is clear, therefore, that in most cases, economic factors act indirectly rather than directly."

(1)

Gillin se standpunt in verband met hierdie aspek is dus baie duidelik; hierdie "indirekte" invloed wat hy noem, sluit verskeie faktore in wat ten nouste saamhang met armoede - faktore soos swak behuising, swak omgewing met sy samehangende swak invloede, ens. Tappan verklaar dan ook dat armoede wel verband hou met delinkwente gedrag, maar slegs in soverre as wat die faktore wat daarmee saamhang, h uifers belangrike bepaling van die kind se gedragswyses vorm, (2) "The juvenile property offender's thefts, at least at the start, are usually 'for fun' and not for gain." (3)

Neumeyer meld agter h ander faktor wat in gedagte gehou behoort te word, en wat miskien nie altoos die nandag verkry wat dit hoort nie. Hy verklaar nl. dat die statistieke wat aandui dat die meeste van die delinkwente kinders uit armoedige huise afkomstig is, nie h ware indikasie van die toestand mag wees nie, aangesien die organisasies wat uitvoering aan die wet moet gee, geneig mag wees om meer toegeeflik op te tree teenoor kinders wie se ouers ekonomies goed of gemaklik daaraan toe is, as teenoor kinders wie se ouers in armoede lewe:

Children in the slums and blighted neighborhoods are considered to be tough and are dealt with accordingly. Even if law-enforcing officers try to be impartial, owing to the poverty and often disorganized condition of the homes of delinquents, they must take some action, often requiring the removal of juveniles from the home for treatment and protective purposes. The administrative

/practice

- 1) Gillin, J.L. : Social Pathology, pp.577 - 578.  
2) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.142.  
3) Ibid. p.143.

practice and the necessity of taking action to meet the situation affect the statistics regarding the extent of poverty as a condition of delinquency."

(1)

Alhoewel toegegee word dat hierdie moontlikheid wel bestaan, bly dit steeds h teoretiese moontlikheid, aangesien daar nie gegewens is om dit te staaf of te verwerp nie - nóg in hierdie ondersoek, nóg in die werk van Neumeyer.

Ten slotte kan daar dus gestel word dat, met enkele uitsonderings soos byvoorbeeld die reeds gekwoteerde gegewens van Healy, ondersoekers oor die algemeen bevind het dat h groot aantal delinkwente kinders uit huise van gemiddelde of swak ekonomiese peil afkomstig is. Dit geld vir jeugmisdadigers, onbeheerbare jeugdiges, sowel as vir delinkwente kinders in die algemeen.

### (ii) Die Grootte van die Gesin:

Wanneer hierdie aspek behandel word, moet daar in gedagte gehou word, dat dit hoofsaaklik vanuit die ekonomiese oogpunt behandel word, met ander woorde h vergelykende bespreking van die gesinsgrootte en die gesinsinkomste. Trouens, na ondersoeker se mening is dit omtrent die enigste verband waarin die grootte van die gesin as h moontlike faktor in jeugwangedrag, beskou kan word. Ander faktore wat wel moontlik ter sprake gebring word, staan as h reël in noue verband met die ekonomiese.

Die feit kan byvoorbeeld nie weggeredeneer word nie, dat h groot gesin, wanneer die ouers finansieel en emosioneel ten volle in staat is om die kinders te

/versorg

1) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.203.

versorg, bepaalde karaktertrekke aan die kind kan besorg wat die kind wat uit h klein gesin afkomstig is, in baie gevalle moet ontbeer. In die daaglikse omgang word daar dikwels gevind dat die kinders wat uit groot huisgesinne afkomstig is en tog die nodige beskerming en versorging verkry het, h besondere groot mate van kameradschap aan die dag lê, terwyl hulle as h reël meer geneë daartoe is om opofferings ten gunste van h medemens te maak. Alhoewel daar in hierdie ondersoek geen gegewens is om die laaste stelling te bewys nie, en dit in elk geval feitlik onmoontlik is om sodanige gegewens te verkry aangesien dit te doen het met h geestesinstelling en geestessamestelling wat uit die aard van die saak nie na numeriese syfers herlei kan word nie, is dit nietemin ondersoeker se persoonlike ondervinding met sodanige kinders.

Uit voorafgaande paragraaf kan dit dus alreeds duidelik word dat h groot gesin opsigself nie as h oorsaak van jeugwangedrag beskou kan word nie, dog dat dit gesien moet word teen die lig van die faktore wat daarmee saamhang, en dan ook veral die ekonomiese, soos alreeds uiteengesit.

Selfs die emosionele aspek, wat hierbo aangeraak is, hang in die meeste gevalle ook saam met die ekonomiese. Wanneer die ouers voortdurend h stryd voer teen ekonomiese ondergang, kan dit langsamerhand lei tot h emosionele afstomping, omdat die materiële feitlik al die ouers se tyd in beslag neem. Aan die anderkant is dit egter moontlik dat dit juis is omdat die ouers emosioneel en geestelik onvolwasse en onbekwaam is, dat hulle hulleself in h posisie laat beland waar die gesin te groot word vir die inkomste wat ontvang word. h Verantwoordelike en emosioneel-volwasse ouer sal besef dat die onbeplande en onbeheerde verwekking van kinders

/ in die



in die kontemporêre samelewing, alleenlik tot die kind se nadeel kan strek. Ook hier dui dit egter in die laaste instansie weer op die ekonomiese.

P.H.Landis verklaar in h artikel, getitel "The Broken Home in Teen-age adjustment":

"Adolescents from large families receive less than normal support in their problems, less able to continue with their education, receiving less aid of any kind from their parents, being less well adjusted..." (1)

Elliott en Merrill konstateer: "In most instances we find that the delinquents are members of families of more than average size.....", en voer vervolgens as bewys aan dat 64.7% van h aantal dogters wat na die Sleighton Farm-inrigting in Amerika gekommitteer is, vanuit gesinne afkomstig was waarin daar vyf of meer kinders was. (2) Laasgenoemde ondersoeksters stel egter bloot die feitlike gegewens, en poog nie om dit in h oorsaaklike verband te stel nie.

Ook Mihanovich stel slegs dat h hele aantal ondersoekers probeer navors het wat die belangrikheid van h groot gesin op die gedrag van die kinders is, en meld die voorbeelde van Reckless en Smith wat "...cautiously note that delinquents seem to come from larger families than non-delinquents", en Slawson wat h "...slight positive association between size of family and juvenile delinquency...." gevind het. (3)

Ralph Banay beweer egter: "Parents harassed by the economical and emotional stresses arising out of a too-numerous family are ill equipped to give their children a sense of security and have no time to provide this necessary guidance in social behaviour." (4)

/Daar

- 1) Artikel in die Washington Agricultural Experiment Station Bulletin, " nr. 542, 1953, p.33.
- 2) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.123.
- 3) Mihanovich, C.S. : Op. cit. pp. 28 - 29.
- 4) Banay, Ralph S. : Op. cit. p.74.

Deur word dus opgemerk dat, alhoewel h aantal ondersoekers die feit meld dat delinkwente kinders oor die algemeen uit groter as die gemiddelde huisgesinne afkomstig is, hulle nie poog om enige verdere verklaring hieraan te heg nie. Waar daar in enkele gevalle tog h verklaring aan geheg word, dui dit feitlik deurgaans in laaste instansie op die ekonomiese. Die gegewens in hierdie ondersoek moet teen die lig hiervan, en die voorafgaande paragrawe gesien word.

Ten einde h geheelbeeld te verkry alvorens die grootte van die gesin met die gesinsinkomste vergelyk word, kan daar gelet word op die hoeveelheid kinders in die huisgesinne waaruit die onbeheerbare kinders gekom het:

**TABEL XV.**  
**DIE AANTAL KINDERS IN GESINNE WAARUIT**  
**ONBEHEERBARE JEUGDIGES AFKOMSTIG IS.**

AANTAL KINDERS IN DIE GESIN.	GESINNE VAN SEUNS.	GESINNE VAN DOGTERS.	TOTAAL.
Dertien	1.1%	-	.6%
Twaalf	-	-	-
Elf	-	4.5%	1.9%
Tien	3.4%	1.5%	2.6%
Nege	9.0%	1.5%	5.8%
Agt	10.2%	11.9%	10.9%
Sewe	21.3%	9.0%	16.0%
Ses	9.0%	19.3%	13.5%
Vyf	6.7%	9.0%	7.7%
Vier	21.3%	17.9%	19.9%
Drie	6.7%	10.4%	8.3%
Twee	5.7%	7.5%	6.4%
Een	4.5%	4.5%	4.5%
Nie genoteer	1.1%	3.0%	1.9%
<b>TOTAAL</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>

Ons merk dus dat h totaal van 59% van die jeugdiges uit gesinne afkomstig was waar daar vyf of meer kinders was. Dit is bykans dieselfde totaal as die van die dogters in die Sleighton Farm-inrigting, soos vroeër aangehaal deur Elliott en Merrill.

In ons hedendaagse samelewing, waar een en twee kinders per gesin aan die orde van die dag is, kan h gesin waarin daar vier kinders is, alreeds as h "groot" gesin beskou word, en wanneer die gevalle waarin daar vier kinders was, by die bogemelde 59% gevalle getel word, blyk dit dat 78.9% van die kinders uit gesinne afkomstig was waarin daar vier of meer kinders was.

Vervolgens kan daar h vergelyking getref word tussen die gesinsgrootte en die gesinsinkomste:

TABEL XVI.

'N VERGELYKING VAN DIE GESINSINKOMSTE EN DIE GESINSGROOTTE IN DIE HUISGESINNE WAARUIT ONBEHEERBARE KINDERS AFKOMSTIG IS.

HUISGESINNE VAN SEUNS.

A a n t a l k i n d e r s .

GESINS-INKOMSTE.	13	12	11	10	9	8	7	6	5	4	3	2	1	nie geno- teer	Totaal
£40 en min- der	-	-	-	1	1	1	8	4	4	6	2	1	2	1	31
£41 - £50	1	-	-	1	4	2	3	1	-	5	-	1	-	-	18
£51 - £60	-	-	-	-	2	-	4	-	-	1	1	-	-	-	8
£61 - £70	-	-	-	-	-	3	1	2	-	2	-	1	-	-	9
£71 - £80	-	-	-	1	-	1	1	-	-	2	1	-	-	-	6
£81 - £90	-	-	-	-	-	-	1	1	-	1	-	1	-	-	4
£91 - £99	-	-	-	-	-	1	-	-	2	-	-	-	-	-	3
£100 plus	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	2	1	2	-	7
Nie geno- teer.	-	-	-	-	1	1	1	-	-	-	-	-	-	-	3
<b>TOTAAL</b>														<b>89</b>	

/TABEL XVI  
(VERVOLG)

TABEL XVI (VERVOLG).

HUISGESINNE VAN DOGTERS.

Aantal kinderen

GESINS- INKOMSTE	13	12	11	10	9	8	7	6	5	4	3	2	1	nie geno- teer	Totaal
£40 en min- der.	-	-	-	-	-	1	1	1	1	3	3	-	1	-	20
£41 - £50	-	-	1	-	1	2	1	3	3	1	-	1	-	-	14
£51 - £60	-	-	1	-	-	1	1	-	1	-	-	-	-	-	5
£61 - £70	-	-	-	1	-	3	2	1	-	1	2	1	-	-	11
£71 - £80	-	-	1	-	-	1	-	-	-	1	-	1	1	-	5
£81 - £90	-	-	-	-	-	-	-	-	-	2	-	1	-	-	3
£91 - £99	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	1
£100 plus	-	-	-	-	-	1	-	-	1	-	1	-	-	-	3
Nie geno- teer.	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	-	2	-	2	5
														TOTAAL	67

TOTAAL.

Aantal kinderen

GESINS- INKOMSTE	13	12	11	10	9	8	7	6	5	4	3	2	1	nie geno- teer.	Totaal
£40 en min- der.	-	-	-	1	1	2	2	4	5	9	5	1	3	1	51
£41 - £50	1	-	1	1	5	3	5	2	3	8	1	1	1	-	32
£51 - £60	-	-	1	-	2	1	5	-	1	2	1	-	-	-	13
£61 - £70	-	-	-	1	-	6	3	3	-	3	2	2	-	-	20
£71 - £80	-	-	1	1	-	2	1	-	-	3	1	1	1	-	11
£81 - £90	-	-	-	-	-	-	1	1	-	3	-	2	-	-	7
£91 - £99	-	-	-	-	-	1	-	-	2	1	-	-	-	-	4
£100 plus	-	-	-	-	-	1	-	-	1	2	3	1	2	-	10
Nie geno- teer.	-	-	-	-	1	1	1	1	-	-	-	2	-	2	8
														TOTAAL	156


/ h Duideliker

h Duideliker beeld van die toestand kan verkry word wanneer die bogemelde gegewens grafies voorgestel word soos in Grafiek I:

GRAFIEK I.

GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEMIDDELDE AANTAL KINDERS PER INKOMSTEGROEP IN DIE GESINNE VAN ONBEHEERBARE JEUGDIGES.

Gemiddelde aantal kinders per gesin.



Hiervolgens blyk dit dan dat die ouers wat materiëel wel daartoe in staat is om groot gesinne te versorg, inderdaad die kleinste gesinne het in hierdie ondersoek. (Gemiddeld 3.4 kinders per gesin waar die inkomste £100 en meer per maand is.) Aan die anderkant het die ouers met h kleiner maandelikse inkomste, groter gesinne gehad, met die hoogste gemiddelde in die inkomstegroep £51 tot £60, nl. 6.8 kinders per gesin.

Die gemiddelde aantal kinders per gesin van die huisgesinne waaruit die kinders afkomstig was, is as volg:

/ TABEL XVII.

TABEL XVII.

DIE GEMIDDELDE AANTAL KINDERS IN DIE  
GESINNE WAARUIT ONBEHEERBARE JEUGDIGES  
AFKOMSTIG IS.

GESINNE VAN SEUNS	GESINNE VAN DOGTERS	TOTAAL
5.75	5.35	5.58

Hierdie 5.58 kinders per gesin, stel ons be-  
slis in staat om te stel dat die onbeheerbare jeugdige  
in hierdie ondersoek, op h gemiddelde basis bereken,  
uit groot gesinne afkomstig was. As in aanmerking geneem  
word dat die gemiddelde inkomste van die totale aantal  
gesinne in hierdie ondersoek, £53.34 per maand was, merk  
ons op dat dit h gemiddelde van £7.04 per maand per lid  
van die gesin beteken (vader, moeder en kinders in elke  
gesin ingereken). Volgens die basis wat in hierdie  
ondersoek gebruik word om die ekonomiese peil van die  
ouerhuis te bepaal (dié basis is reeds vroeër uiteenge-  
sit), beteken dit dat, op h gemiddelde basis bereken,  
die gemiddelde status h bloot "gemiddelde" is.

Wanneer die gegewens in Tabel XVII met dié  
van ander ondersoekers vergelyk word ten einde h ooreen-  
stemming of verskil te bepaal, kan ons die reeds-aange-  
haalde besonderhede omtrent die dogters in die Sleighton  
Farm-inrigting noem. <sup>(1)</sup> J.H. Bagot het bevind dat die  
aantal kinders per gesin van die gewone werkende bevolking  
van Liverpool, 2.97 was, teenoor 7.76 in die gesinne van  
jeugoortreders in h ondersoek wat hy gedoen het. <sup>(2)</sup> Vol-  
gens die statistiese verslag van die "National Board of  
Child Welfare", (1938 - 1940), was 55.7% van die kinders  
wat gedurende 1941 in Kopenhagen van hulle ouerhuise ver-

/-wyder

1) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.123.  
2) Aangehaal deur Hurwitz, Stehan: Op. cit. p.324.

wyder is weens gedragsprobleme, afkomstig uit huise waarin daar drie of meer kinders was, terwyl die ooreenstemmende persentasie in die algemene Deense bevolking, 17.8 was. (1)

Daar kan dus met veiligheid gestel word dat die algemene bevinding van ondersoekers op die terrein van jeugwangedrag, (ook wat hierdie ondersoek betref), is dat sulke kinders in die meeste gevalle uit groot gesinne afkomstig is. Daar moet egter besonder versigtig opgetree word indien daar enige afleiding van hierdie feit gemaak word:

Eerstens beteken dit nie dat h groot gesin opsigself h oorsaak van jeugwangedrag is nie;

tweedens moet in gedagte gehou word dat dié aspek met veral die ekonomiese besonder nou verbind is, en, aangesien laasgenoemde aspek op sy beurt met h hele aantal ander faktore verband hou, verkry die grootte van die gesin slegs betekenis wanneer dit teen die lig van h hele aantal ander aspekte gesien word.

---

(iii) Behuisingsfaktore:

The poverty-stricken home, blessed with "its numerous offspring, is almost certain to be over-crowded. The resultant lack of privacy in itself makes for lack of decency and low moral standards." (2)

Uit hierdie aanhaling kan daar reeds h paar afleidings gemaak word na aanleiding van die bespreking

/van swak

---

1) Aangehaal deur Hurwitz, Stephan: Op. cit. p.324.  
2) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. pp.123 - 124.

van swak behuising en die invloed daarvan op die kind:

1) Swak behuising staan in noue verband met armoede en die groot gesin;

2) oor-bewoning is een van die faktore wat die aard van behuising beïnvloed;

3) dit kan h nadelige invloed uitoefen op die lede van die huisgesin wat in hierdie omstandighede moet lewe.

Eerstens moet daar vasgestel word wanneer die behuisingstoestande van h gesin as "swak" bestempel kan word, wanneer as "redelik" en wanneer as "goed". Dit is duidelik dat aangesien dit relatiewe begrippe is, die interpretasie daarvan mag wissel van ondersoeker tot ondersoeker. Dit is egter ondersoeker se mening dat daar primêr twee faktore is wat die aard van die behuising bepaal: In die eerste plek oor-bewoning, en in die tweede plek onnetheid of slordigheid. Hierdie twee faktore mag alleenstaande of tesaam die aard van die behuising bepaal.

Aldadelik duik daar egter weer ander probleme op, nl. wanneer is h huis onnet, wanneer oor-bewoon, ens. In hierdie verband kan opgemerk word dat, alhoewel die begrip "onnet" ook van ondersoeker tot ondersoeker mag verskil, dit as h reël nie soveel sal verskil as die begrip "oor-bewoon" nie.

Burt het die volgende basis gebruik vir die bepaling van wanneer h woning as oor-bewoon geklassifiseer kan word. Volgens hom is h woning oor-bewoon wanneer daar meer as twee volwassenes per kamer is - twee kinders onder die ouderdom van tien jaar is vir hierdie doel ekwivalent geneem aan een volwassene. (1) Om op die meriete van hierdie klassifikasie op hierdie tydstip in

/te gaan

---

1) Burt, C. : Op. cit. p.87.



te gaan, sou heeltemal onnodig wees, aangesien dit nie in hierdie ondersoek ter sprake gebring kan word nie. Die rede is voor die hand liggend: Indien ondersoeker self al die gevalle tuis kon besoek en die gegewens ingesamel het, sou daar een of ander basis gebruik kon word. Aangesien daar egter hoofsaaklik op die gegewens en gevolgtrekkings van ander ondersoekers staatgemaak moes word, was dit nie moontlik nie. Vir die doel van hierdie ondersoek is h "swak" huis dus bloot geneem as h huis wat deur die persoon wat die betrokke geval ondersoek het, as "swak" bestempel is. Dit is gevolglik moontlik dat daar h mate van wisseling en verskil in die gegewens mag wees: Hierdie verskil sal egter hoofsaaklik by grensgevallen tussen "swak" en "redelik", en "redelik" en "goed" geleë wees. Die moontlikheid dat h proefbeampte wat daagliks met sulke gevalle werk, h "swak" huis as "goed" beskryf, en omgekeerd, is baie skaars.

Hierdie bogemelde moet in gedagte gehou word wanneer enige gevolgtrekkings van die gegewens wat in die volgende tabel uiteengesit word, gemaak word:

TABEL XVIII.

DIE AARD VAN DIE BEHUISINGSOMSTANDIGHEDE  
WAARONDER ONBEHEERBARE JEUGDIGES LEWE.

AARD VAN BEHUISING	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Goed	27.0%	22.4%	25.0%
Redelik	46.0%	44.7%	45.5%
Swak	27.0%	29.9%	28.2%
Nie genoteer	-	3.0%	1.3%
<b>TOTAAL</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>

Van Rooyen se bevinding in hierdie verband toon h groot ooreenkomst met die gegewens soos uiteengesit /in Tabel XVIII

in Tabel XVIII - hy het in sy ondersoek gevind dat 24% van die onbeheerbare kinders uit swak huise afkomstig was. (1) Ook Burt se bevinding wyk nie veel af van die bogemelde gegewens nie - 21% het in swak huislike omstandighede gelewe en opgegroeï. (2)

Ondersoeke deur Shaw en McKay, Sullenger, en andere het aangetoon dat swak behuisingsomstandighede hoofsaaklik in swak omgewings voorkom, (3) en alhoewel die aspek van swak omgewings op 'n latere tydstip volledig behandel sal word, is die invloed daarvan op die gedrag van die kind, algemeen bekend.

Dat swak behuisingsomstandighede geensins tot voordeel van die kind strek nie, word baie sterk deur Burt beklemtoon. Hy verklaar ondermeer:

Where all ages and both sexes are huddled "together within one stifling room, decency is difficult, delicacy impossible, and premature acquaintance with conjugal relations all but unavoidable: under such conditions an early preoccupation with sexual topics develops very readily....." (4)

Dieselfde ondersoeker verklaar dat daar nog 'n ander aspek bestaan wat moontlik minder skokkend vir die toevallige besoeker voorkom, dog baie ernstiger in sy uiteindelijke gevolge is. Hierdie aspek is "the ceaseless friction and recurrent irritations, which, even among families the most patient and forbearing, can hardly be prevented, while a number of individuals, differing widely in wants and in pursuits according to their age and station, are kept jostling, every day and all day long, in the closest personal proximity, within the four narrow walls of an over-packed apartment." (5)

Hierdie aangehaalde gedeelte toon dat oor-

/-bewoning

- 1) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. p.22.
- 2) Burt, C. : Op. cit. p.87.
- 3) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.209.
- 4) Burt, C. : Op. cit. p.88.
- 5) Ibid. p.89.

bewoning geestelik en emosioneel h ontwrigting by beide die ouers en die kinders kan veroorsaak. Hierdie invloed is miskien minder opsigtelik en meer subtiel, dog die gevolge net so ernstig as bv. h meer direkte en duidelike invloed soos die volgende: Om hierdie verwarde en oor-bewoonde behuisingsstoestande en/of slordige huis tydelik te ontvlug, neem die kind sy toevlug na die strate, waar h hele aantal nuwe nadelige faktore hom mag beïnvloed. Hierdie feit dat kinders hulle toevlug na die strate neem om die haglike huislike omstandighede te ontvlug, word gestaaf deur resente ondersoeke van die "New York Crime Commission."<sup>(1)</sup>

Uit die voorafgaande bespreking kan dus afgelei word dat i) swak huislike omstandighede in soverre dit behuising betref, by h redelike persentasie delinkwente kinders aangetref word; ii) hierdie behuisingsomstandighede kan die kind op verskillende maniere nadelig beïnvloed; iii) swak behuising is selde, indien ooit, alleenstaande in hierdie verband - gewoonlik moet dit in verband gebring word met ander faktore wat dit tot gevolg kan hê, bv. emosionele invloede tuis, die uitdrywing van die kind na die straat, ens. Slegs dan verkry dit betekenis as moontlike oorsaaklike faktor in die gedragpatroon van die delinkwente kind, die jeugmisdadiger en die onbeheerbare jeugdige.

---

1) Aangehaal deur Elliott, H.A. en Merrill, F.E. :  
Op. cit. p.124.

(f) ANDER EKONOMIES NA-VERWANTE FAKTORE.

(1) Inleiding:

In die voorafgaande onder-afdeling is enkele ekonomiese faktore en die verband tussen dié faktore en jeugwangedrag behandel. Daar is egter nog h aantal ander faktore wat met die ekonomiese tred hou, en wat tog nie so direk daarmee verbind is soos dié wat in die voorafgaande gedeelte uiteengesit is nie. Hier word gedink aan faktore soos die werkende moeder, die aard van die vader se werk en die vader se werksrekord.

Op die oog af mag die verband tussen laasgenoemde drie faktore en die ekonomiese, presies dieselfde voorkom as die grootte van die gesin en die behuisingsomstandighede. Na ondersoeker se mening bestaan daar egter h graadverskil tussen die twee groepe se verband met die ekonomiese. As voorbeeld ter staving van hierdie stelling, kan die verskil in hierdie konteks tussen die grootte van die gesin en die werkende moeder geneem word: Die grootte van die gesin opsigself is selde indien ooit opsigself h faktor wat wanaanpassing teweeg kan bring; wanneer dit egter in verband met die ekonomiese gebring word, verkry die prentjie glad h ander kleur. Die grootte van die gesin in h ondersoek soos hierdie verkry dus slegs, of in elk geval hoofsaalik, bestaansreg as gevolg van sy verbintenis met die ekonomiese.

Met die werkende moeder is dit egter geheel en al anders gesteld; die blote feit dat die moeder werk buite die huis moet verrig mag h nadelige invloed op die kind uitoefen, of die dryfkrag vir haar besluit om te gaan werk, ekonomies of van watter aard ookal is. Aangesien dit egter in die meeste gevalle ekonomiese redes is wat die moeder dwing om buitenshuise arbeid te verrig, word dit hier onder die hoof behandel soos vroeër gemeld.

(11) Die Werkende Moeder:

Wanneer oorgegaan word tot h bespreking onder hierdie hoof, word dit gedoen met die wete dat dit h probleem opsigself is wat vandag wêreldwye aandag geniet. Nie alleen word talle van ons hedendaagse maatskaplike probleme direk of indirek hieraan toegeskryf nie, dog die voordele en nadele daaraan verbonde is h gewilde keuse vir daaglikse bespreking.

In die ondersoek onder behandeling is die essensiële natuurlik watter invloed die werkende moeder op die onbeheerbaarheid van kinders uitoefen.

Elliott en Merrill beweer dat "mothers who are industrially employed often must neglect their children and deprive them of many of the salutary aspects of family life,"<sup>(1)</sup> en verklaar dan verder dat hierdie verwaarloosde kinders met die gebrek aan toesig, die bron is van h groot gedeelte van die maatskaplik-misplaaste persone wat eventueel aangehoudenes in gevangnisse en Verbeteringskole word.<sup>(2)</sup>

Neumeyer ondersteun hierdie stellings van Elliott en Merrill, en konstateer: "When the mother is away from home all day, not only does the child suffer the lack of the basic functions of the family, but his future is endangered by the high expectancy of his own delinquent conduct."<sup>(3)</sup>

Reckless en Smith is van mening dat die werkende moeder veral h uiters nadelige invloed op die dogters uitoefen,<sup>(4)</sup> terwyl Slawson aan die anderkant beweer het dat die werkende moeder, as dit as h alleenstaande faktor geneem word, baie min, indien enige, verband met jeugwangedrag getoon het.<sup>(5)</sup>

/TABEL XIX.

- 1) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.607
- 2) Ibid. p.608
- 3) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.200.
- 4) Aangehaal deur Mihanovich, C.S. : Op. cit. p.49.
- 5) Ibid. p.49.

TABEL XIX.

DIE PERSENTASIE MOEDERS WAT BUITENSHUISE  
ARBEID VERRIG HET.

	MOEDERS VAN SEUNS.	MOEDERS VAN DOGTERS.	TOTAAL
Moeder gewerk,	16.9%	22.4%	19.2%
Moeder nie gewerk.	80.9%	77.6%	79.5%
Nie genoteer	2.2%	-	1.3%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Bykans h vyfde van die moeders van die kinders wat in hierdie ondersoek opgeneem is, het dus buitens-huise loonarbeid verrig. Dit is h betreklike hoë per-sentasie, dog miskien nie so hoog soos wat apostels van die teorie dat die geëmansipeerde vrou die oorsaak van alle probleme in ons hedendaagse samelewing is, sou ver-wag nie!

Kvaraceus het bevind dat, van 761 gevalle wat deur die New Jersey se Kinderburo gehanteer is, 25% van die blanke kinders se moeders buitenshuise arbeid verrig het. <sup>(1)</sup> h Intensiewe ondersoek na die agtergrond van 144 aangehoudenes in h Duitse Verbeteringskool, het aan-gedui dat in 40% van die gesinne, die moeder loonarbeid verrig het. <sup>(2)</sup>

Sommige navorsers het verklaar dat die feit dat die moeder buitenshuise loonarbeid verrig, h groter invloed op die dogter as die seun uitoefen. Reckless en Smith het hierdie standpunt ondersteun, <sup>(3)</sup> en Neumeyer konstateer dat "...daughters seem to be affected more than sons by working mothers." <sup>(4)</sup> In hierdie ondersoek is hierdie tendens ook waarneembaar - soos in Tabel XIX uiteengesit, het 22.4% van die dogters se moeders gewerk, /teenoor

- 1) Aangehaal deur Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.201.
- 2) Aangehaal deur Banay, Ralph S. : Op. cit. p.73.
- 3) Aangehaal deur Mihanovich, C.S. : Op. cit. p.49.
- 4) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.200.

teenoor 16.9% van die seuns se moeders.

Indien die standpunt aanvaar word dat die afwesigheid van die moeder in alle gevalle vir veral die dogter uiters nadelig is, en die afwesigheid van die vader vir die seun, kan ons verwag dat die moeder wat loonarbeid buite die huis verrig, die dogter tot h groter mate sal tref as vir die seun. Ondersoeker is egter van mening dat die verskil in persentasie tussen die dogters en die seuns eintlik te klein is om enige duidelike tendens aan te dui.

Die feit kan nie weggeredeneer word dat die afwesigheid van die moeder, nadelig op die kinders kan inwerk nie. Wanneer beide vader en moeder bedags weg van die huis af is, beteken dit dat die klein voor-skoolse kinders, vir die hele dag die sorg en opvoeding van die moeder moet ontbeer. Ander persone, (in die meeste gevalle h bantoe-bediende), moet dan die daaglikse opvoeding van hierdie klein kindertjies waarneem, en, alhoewel dit miskien nie altoos dadelik waarneembaar is nie, kan dit tog ernstige nagevolge vir die kind hê. In hierdie uiters belangrike en sensitiewe vormingsjare behels die kind se opvoeding meer as net die voorsiening van kos en klere, aangesien die kind dan alreeds gevorm moet word na die lowensnorme van die ouers. Waar die moeder vanweë haar werk nie in staat is om hierdie opvoeding bedags waar te neem nie, moet die kind noodwendig baie ontbeer. Hierdie invloed is egter hoofsaaklik indirek, en mag eers later duidelik-waarneembare gevolge hê.

Die feit dat die moeder buitenshuise loonarbeid verrig, kan egter h meer direkte invloed op die kind uitoefen, en veral sover dit die beheerbaarheid van die kind betref. Hier word dan gedink aan die kind wat reeds van skoolgaande ouderdom is. Wanneer hierdie kind smiddae van die skool af terugkeer, is daar niemand

/tuis

tuis wat enigsins toesig oor die kind kan uitoefen nie. Hierdie gebrek aan toesig in die middag na skool, kan verskeie repurkussies hê soos bv. huiswerk wat nie gereeld gedoen word nie met h gevolglike verswakking van die skoolprestasies, h doellose rondslentery in die strate en die daarmeegesaarnde ontmoeting van verkeerde maats, ens. Wanneer laasgenoemde toestand reeds ontwikkel het, is dit slegs h hanetrettjie na algehele onbeheerbaarheid.

Ten spyte van laasgenoemde stelling, kan die werkende moeder nie alleen die skuldias vir die jeugprobleem opgelê word, soos dit dikwels gedoen word nie, aangesien daar dan geen verklaring is van waarom i) alle werkende moeders se kinders nie delinkwente neigings vertoon nie, en ii) waarom alle delinkwente kinders se moeders nie werk nie.

Ons gevolgtrekking is dus dat, alhoewel daar in hierdie ondersoek bykans h vyfde van die moeders was wat buitenshuise loonarbeid verrig het (wat tot h redelike mate ooreenstem met die bevindinge van ander ondersoekers op dié gebied), en alhoewel dit beslis nadelig vir die kind kan wees indien die moeder werk, dit nie as die enigste of finale oorsaak van onbeheerbaarheid, delinkwensie in die algemeen of jeugmisdaad in die besonder, beskou kan word nie.

---

(iii) Werksrekord van die Vader:

Wanneer hierdie aspek behandel word, word daar meer in besonder gedink aan die invloed wat h swak werksrekord van die vader (met ander woorde periodieke tydelike werkloosheid of selfs voortdurende werkloosheid)

/op die



op die vorming van die kind kan hê, en in hoeverre dit in verband gebring kan word met die kind se onbeheerbaarheid.

Die toestand met betrekking tot die vader se werksrekord, was in hierdie ondersoek as volg:

TABEL XX.

DIE WERKSREKORD VAN DIE VADERS VAN ONBEHEERBARE KINDERS.

AARD	VADERS VAN SEUNS.	VADERS VAN DOGTERS.	TOTAAL.
Goed.	55.9%	61.2%	57.1%
Redelik	9.0%	14.9%	11.5%
Swak	21.4%	7.5%	15.4%
Nie genoteer	15.7%	16.4%	16.0%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Dit is onmiddellik opmerklik dat, met inagneming van die feit dat die werksrekord van die vader in h betreklike groot persentasie van die gevalle nie genoteer was nie (16.0%), die vaders van die seuns in h baie groter persentasie gevalle as dié van die dogters, h swak werksrekord gehad het (21.4% teenoor 7.5%).

Volgens die bogemelde gegewens blyk dit dus dat die vader in 57.1% van die gevalle, gereelde en soeie werk gelewer het, terwyl hy in 26.9% van die gevalle betreklik gereeld en redelik goed, of swak en ongereeld gewerk het.

Wanneer h vader van die gesin h ongereelde werker is, is die duidelikste en mees direkte gevolg gewoonlik ekonomies van aard, met ander woorde ekonomiese druk en selfs armoede mag die gevolg wees. Aangesien daar reeds h onder-afdeling aan armoede en die moontlike verbintenis daarvan met jeugwangedrag, gewy is, hoef

/daar

daar op hierdie tydstip nie verder op uitgewy te word nie.

Daar bestaan egter h ander gevolg wat, alhoewel minder opsigtelik vir die buitestaander, nietemin h baie vernietigende invloed op die kind kan uitoefen. Dit geld dan ook in hoofsaak vir die seun en nie soseer vir die dogter nie. Willemse verduidelik hierdie faktor as volg:

Modern psycho-analytical theory indicates "that in the normal home the boy both envies and admires his father who impresses him with all the signs of power, knowledge and masculinity; the boy, therefore, has a double feeling towards his male parent. The boy then sees his father as the ideal man he would like to be himself." (1)

Wanneer die vader nou weens onverantwoordelikheid of luiheid dikwels werkloos is, hom dus nie steur aan enige morele of selfs wetlike verpligtinge wat hy ten opsigte van sy gesin het nie, en ons hou die gekwoteerde woorde van Willemse in gedagte, dan is dit inderdaad lig te begryp dat veral die seun sy vader se voorbeeld sal navolg. Na ondersoeker se mening verklaar dit dan ook die feit dat h vader met h swak werksrekord in 21.4% van die seuns se gevalle voorgekom het, teenoor slegs 7.5% by die dogters. Waar die vader dus onverantwoordelik optree deur ongereeld te werk, kan hierdie selfde onverantwoordelikheid by die seun op ander wyses tot uiting kom. Die vader se ignorering van morele en wetlike verpligtinge jeens sy gesin, mag by die seun ook h ignorering van morele en wetlike verpligtinge op ander terreine tot gevolg hê.

Op hierdie manier kan die vader se werkloosheid dus indirek tot die seun se delinkwente gedrag lei.

(iv) Die Aard van die vader se Werk:

Voorop moet gestel word dat die aard van die vader se werk selde, indien ooit, direk in h oorsaaklike verband met delinkwensie gebring kan word. Indirek kan dit egter deur middel van ander faktore, wel h invloed op die kind se gedrag hê. Hier word veral gedink aan h betrekking soos handelsreisiger, wat meebring dat die vader vir lang tydperke weg van die huis moet wees. Laasgenoemde beteken weer die gebrek aan die vader se noodsaaklike tug en dissipline, en dit is laasgenoemde faktor wat moontlik gedragsprobleme by die kind kan te- weegbring. Net so in die geval waar die vader bv. on- geskoolde arbeid verrig - hier kan die beperkte salaris weer tot armoede lei, terwyl laasgenoemde faktor, tesame met sy komponente faktore soos die swak omgewing, tot gedragsprobleme by die kind kan lei. In albei hierdie voorbeelde is dit dus duidelik dat dit nie die vader se werk opsigself is wat die probleme veroorsaak nie, dog faktore wat as gevolg van sy werk tevoorskyn tree.

Waar dus nou h ontleding van die aard van die vader se werk gemaak word, word dit hoofsaaklik volledigheidshalwe gedoen, en moet dit steeds in die lig van die voorafgaande paragraaf gesien word.

Toe daar vroeër h ontleding gemaak is van die gesinsinkomste, en daar gevind is dat h groot persentasie van die gesinne van betreklike klein salarisse afhanklik was, was dit alreeds duidelik dat h groot persentasie van die vaders in laag-besoldigde betrekkings gestaan het.

Navorsers soos Banay en Phelps het ook hierdie feit genoem. Phelps stel bv.: "The father's occupation is usually unskilled or semi-skilled",<sup>(1)</sup> terwyl Banay die

/geval

1) Phelps, H.A. : Op. cit. p.643.

geval aanhaal van die beroepsverspreiding van die ouers van 761 delinkwente kinders in New Jersey. Hierdie gegewens is vergelyk met die beroepe van alle mans en vroue in h geselekteerde gemeenskap in 1940, en daar is gevind dat h groter persentasie van die delinkwente kinders se ouers in ongeskoolde betrekkings geplaas was as die kontrolegroep. "A significantly large proportion of the parents of delinquents were factory operatives, other kinds of laborers, and domestic servants."<sup>(1)</sup>

Die vaders van die kinders in hierdie ondersoek was aan die volgende beroepe verbonde:

TABEL XXI.

DIE AARD VAN DIE WERK VAN DIE VADERS VAN ONBEHEERBARE JEUGDIGES.

AARD VAN WERK	VADERS VAN SEUNS (Aantal gevalle)	VADERS VAN DOGTERS (Aantal gevalle)	TOTAAL (Aantal gevalle)
Spoorwegarbeiders	22	20	42
Padwerkers	1	1	2
Skoonmakers	8	6	14
Vragmotorbestuurders	5	2	7
Hekwagte	1	-	1
Kroegmanne	-	1	1
Motorwerktuigkundiges	4	3	7
Masjiniste	4	2	6
Tekenare	1	-	1
Messelaars	7	3	10
Skrynwerkers	-	2	2
Skilders	1	2	3
Masjienoperateurs	-	2	2
Hysbakbestuurders	3	-	3
Sweisers	1	-	1
Timmermans	1	-	1

/TABEL XXI  
(VERVOLG)

1) Banay, Ralph S. : Op. cit. p.39.

TABEL XXI (VERVOLG)

Seksievoormanne	1	-	1
Mynwerkers	5	1	6
Grofsmede	1	1	2
Stoormanne	-	1	1
Huurmotorbestuurders	-	1	1
Soldate	3	1	4
Boere	1	3	4
Stasiemeesters	-	1	1
Klerke	4	5	9
Rekenmeesters	1	1	2
Boukontrakteurs	2	-	2
Besigheidsmanne	3	-	3
Polisiebeamptes	1	-	1
Nie genoteer nie	8	8	16
<b>TOTAAL</b>	<b>89</b>	<b>67</b>	<b>156</b>

Die grootste enkele groep was dus die arbeiders (42), gevolg deur skoonmakers, nl. 14 - laasgenoemde is eintlik ook maar ongeskoolde arbeiderwerk.

TABEL XXII.

KLASSIFIKASIE VAN DIE BEROEPE VAN DIE VADERS VAN ONBEHEERBARE JEUGDIGES.

BEROEPSKLASSIFIKASIE	VADERS VAN SEUNS	VADERS VAN DOGTERS	TOTAAL
Ongeskoold	41.6%	44.8%	42.9%
Half-geskoold	6.7%	6.0%	6.4%
Geskoolde vakmanne (1)	25.8%	20.9%	23.7%
Ander	16.9%	16.4%	16.7%
Nie genoteer	9.0%	11.9%	10.3%
<b>TOTAAL</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>

/Die

1) "Ander" sluit hier in: Soldate, boere, stasiemeesters, "klerke, rekenmeesters, polisieamptenare, besigheidsmanne en boukontrakteurs.

Die ongeskoolde werkers vorm dus die grootste groep hier (42,9%), gevolg deur die geskoolde vakmanne (23,7%). Alhoewel laagsonnende groep, wat salarisse betref, nie swak daaraan toe is nie, val beide hierdie groepe binne die raamwerk van betreklike lae opvoedkundige peil. Ongelukkig kon in hierdie ondersoek geen besonderhede verkry word omtrent die opvoedkundige standaard wat die ouers behaal het nie, dog die aard van die beroep wat beoefen word is tog 'n indikasie van die opvoedkundige peil bereik, en hiervolgens blyk dit dat die grootste persentasie van die vaders in hierdie groep, oor 'n beperkte opvoedkundige agtergrond beskik het.

Ons hedendaagse gekompliseerde samelewing met sy talle probleme, vereis besonder baie van die ouer, ondermeer ook dat hy/sy in voeling moet bly met moderne opvoedingsmetodes. Waar die grootste persentasie ouers in hierdie ondersoek klaarblyklik hieraan mank gegaan het, kan dit 'n aanduiding wees dat daar 'n behoefte bestaan vir "oueropvoeding" - aangesien hierdie aspek egter op 'n latere tydstip in meer besonderhede behandel word, word dit voorlopig daar gelaat.

Ten slotte kan net gemeld word dat die gegewens van hierdie ondersoek, sover dit die aard van die vader se werk betref, dus ooreenstem met die gegewens en menings van ondersoekers soos Banay en Phelps, wat alreeds vroeër aangehaal is.

---

(g) RELIGIEUSE ASPEKTE.

Efforts have been made to throw light upon the much disputed problems concerning the impact of religious factors on crime..... The weakest point of these investigations is that they can take account only of external, partly unimportant characteristics of religious attitude, such as a particular confession, regular church attendance, etc. but not of inner religious feeling."

(1)

Hierdie aanhaling dien as bewys daarvan dat die invloed van godsdienstige faktore op misdaad en delinkwensie reeds wye belangstelling geniet het, dog dat daar ook bepaalde probleme bestaan by die bepaling van die werklike invloed daarvan. Laasgenoemde probleem lê dan ook veral by die bepaling van hoednig die persoon se godsdienstige gevoel is - is hy h gereelde kerkbesoeker (wat maar slegs die uiterlike vertoon van godsdiens is, dog wat nie noodwendig h weerspiegling is van h werklike diepgaande religieuse gevoel nie) of lewe hy daadwerklik daardie diepgaande godsdienstige beginsels in die algemene omgang uit. Dit kom dus daarop neer dat die verskil tussen die twee is óf uiterlike vertoon (m.a.w. blote kerkbesoek sonder die nodige innerlike diepte) óf die innerlike godsdienstige dryfkrag wat die persoon se lewe rig.

Ondersoekers wat aandag verleen aan die invloed van die godsdiens op jeugwangedrag en - misdaad, is dan ook oor die algemeen besonder versigtig omtrent die afleidings wat gemaak word, en konstateer dan ook die bogemelde verskil. Die aanhaling by die aanvang van hierdie onder-afdeling, weergee Stephan Hurwitz se mening omtrent dié aspek, terwyl Tappan as volg konstateer in hierdie verband:

/ Religious  
" "

-----  
1) Hurwitz, S. : Op. cit. p.233.

Religious data on delinquency usually "provide information either on church affiliation or church attendance..... (and) neither is a meaningful measure of religious effectiveness." (1)

Mihanovich verklaar dat daar ondersoekers is wat "seem to think that religion is a matter of mere emotion, or they assume that religion is the church, and that mere church attendance and membership, with church-made rules and ritual, are the substance of religion..." (2) en volgens hom is hierdie opvatting geheel en al verskillend van die werklike Christelike godsdienssin.

Ondersoeker ondersteun die mening van dié navorsers wat nadruk lê op die feit dat kerkbesoek en kerkverband opsigself feitlik van nul en gener waarde is in oorsaaklike verband van jeugwangedrag. Aangesien dit in h ondersoek soos hierdie onmoontlik is om enige gegewens te verkry in verband met die werklike innerlike godsdiensgevoel van die geval en/of sy ouers, is die gegewens dus van weinig betekenis in soverre dit lig moet werp op die oorsake van onbeheerbaarheid.

Dit moet egter beklemtoon word dat, waar in die hieropvolgende tabelle ondermeer die kerkbesoek van die ouers van die jeugdiges uiteengesit word, daar onder diegene wat gereelde kerkgangers was, tog heelwaarskynlik h groep was wat ook werklik innerlik streng godsdienstig was en ook dit in die praktyk probeer uitlewe het, omdat h persoon wat in hierdie kategorie val, uiteraard gereeld die eredienste van sy kerk sal bywoon. Dit is egter bloot h spekulatiewe mening vir hierdie bepaalde groep gegewens, aangesien daar geen besonderhede is om dit te staaf of verwerp nie.

Bogemelde bespreking moet dus in gedagte gehou word wanneer daar enige gevolgtrekkings gemaak word uit die gegewens van kerkbesoek en kerkverband in die volgende tabelle

- 1) Teppan, Paul W. : Op. cit. p. 516.
- 2) Mihanovich, C.S. : Op. cit. pp. 57 - 58.



tabelle.

TABEL XXIII.

DIE KERKBESOEK VAN DIE OUERS VAN  
ONBEHEERBARE KINDERS.

AARD VAN KERKBESOEK	OUERS VAN SEUNS	OUERS VAN DOGTERS	TOTAAL
Gereeld	20.2%	19.4%	19.9%
Somtyds	36.0%	25.4%	31.4%
Nooit	31.4%	46.2%	37.8%
Verskille (1)	7.9%	-	4.5%
Nie genoteer	4.5%	9.0%	6.4%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

TABEL XXIV.

DIE KERKVERBAND VAN DIE OUERS VAN  
ONBEHEERBARE KINDERS.

KERKVERBAND	OUERS VAN SEUNS	OUERS VAN DOGTERS	TOTAAL
N.G.Kerk	37	30	67
Hervormde Kerk	18	16	34
Gereformeerde Kerk	4	4	8
Apostoliese Geloof- sending.	9	3	12
Church of England	1	2	3
Anglikaanse Kerk	-	2	2
Rooms Katolieke Kerk	3	-	3
Jehova se Getuies	1	1	2
Blourokke	1	-	1
Metodiste Kerk	1	2	3
Wesliaanse Kerk	-	3	3
Volle Evangelie Kerk	1	-	1
Presbiteriaanse Kerk	1	-	1
Verenigde Pinkster Kerk	1	-	1
Gemeente van Chris- tus	1	-	1

/TABEL XXIV (VERVOLG)

1) Gevalle waar die vader nooit die eredienste bygewoon het nie, en die moeder somtyds.

TABEL XXIV (VERVOLG).

Semitiese geloof	1	-	1
N.G./Twaalf Apostels	..	2	2
Metodiste/N.G.	1	-	1
N.G./Rooms	1	-	1
N.G./Apostolies	-	1	1
Rooms/N.G.	3	-	3
Church of England/ Presbiteriaans	1	-	1
Grieks Ortodoks/ Baptiste Kerk	1	-	1
Geen	2	1	3
<b>TOTAAL</b>	<b>39</b>	<b>67</b>	<b>156</b>

(Waar daar twee kerkverbande per gesin aangedui word, word die kerk van die vader eerste genoem, en dié van die moeder tweede.)

Uit bogemelde twee tabelle blyk dit dus dat, sover dit die kerkbesoek aangaan, daar wel 19.9% van die ouers was wat as gereelde kerkgangers bestempel is, dog dit is ontstellend om te vind dat 37.8% van die ouers nooit die kerk besoek het nie. Aangesien kerkbesoek en godsdienstige gevoel nie sinonieme begrippe is nie, soos alreeds aangetoon, sal daar nie enige afleiding gemaak word dat die gegewens impliseer dat 37.8 % van die gevalle geen godsdienstige insig en gesindheid gehad het nie, dog dit is beslis duidelik dat die godsdiens nie sy regmatige aandeel in die lewens van die 37.8% van die ouers gehad het nie, aangesien die kerkbesoek 'n integrale deel van godsdienstige gesindheid is.

Wat die kerkverband betref, is dit opmerklik dat die grootste persentasie (109 gevalle of 69.8%) van die ouers lidmate van een van die drie Afrikaanse Gereformeerde susterskerke was. Dit beteken egter geensins dat lidmaatskap van een van hierdie kerke opsigself delinkwensie tot gevolg het nie, dog moet eerder verklaar word

/in die lig

in die lig van die feit dat die grootste persentasie van die gevalle wat in hierdie ondersoek opgeneem is, Afrikaanssprekend is, soos in 'n latere tabel aangedui sal word.

Die gevolgtrekking wat dus gemaak word omtrent die godsdienslike gesindheid en/of optrede van die ouers in hierdie ondersoek, is as volg: 'n Groot persentasie ouers het nooit die eredienste bygewoon nie, bykans 'n derde was maar betreklike ongereelde kerkgangers, en slegs 'n vyfde kan as gereelde kerkbesoekers bestempel word; verder was die oorgrote meerderheid van die ouers lidmate van een van die drie Afrikaanse susterskerke, met die N.G.Kerk die grootste enkelgroep. Aangesien daar egter 'n groot verskil bestaan tussen oënskynlike godsdienslike gesindheid (m.a.w. blote kerkbesoek soos wat dit vir die buitestaander blyk) en werklike godsdienslike gevoel, wat nie opsigself deur blote kerkbesoek of numeriese syfers bepaal kan word nie, kan ons hier geen afleiding maak omtrent die invloed van werklike godsdienslike gesindheid op onbeheerbare jeugdiges nie. Enige afleiding wat in hierdie verband wel gemaak sal word, sal bloot spekulatief wees en mank gaan aan werklike wetenskaplike fundering.

Wel kan daar veel gesê word omtrent die rol wat die kerk kan speel by die voorkoming van misdad en jeugwangedrag deur byvoorbeeld die organisering van jeugklubs en ander aktiwiteite ten einde die kinders gesonde ontspanning en tydverdryf te waarborg, dog waar dit hier bloot gaan omtrent die ontleding van die gegewens, en daar later aandag geskenk sal word aan moontlike voorkomingsmaatreëls, word hierdie aspek nie hier behandel nie.

---

(h) OUERDOMSASPEKTE VAN DIE GESINSLEWE.

Onder hierdie hoof word nie die ouderdomme van die kinders wat vir hierdie ondersoek gekwalifiseer het, behandel nie, aangesien dit op 'n latere stadium onder persoonlikheidsfaktore van die onbeheerbare aard sal geniet. Hier word egter behandel die ouderdomme van die ouers, die verskil in ouderdom tussen die ouers, en die ouderdomsverskille tussen die ouers en die kinders.

TABEL XXV.

OUERDOMME VAN DIE OUERS VAN DIE KINDERS  
IN HIERDIE ONDERSOEK.

OUERDOM IN JARE.	OUERS VAN SEUNS		OUERS VAN DOGTERS		TOTAAL	
	Vader	Moeder	Vader	Moeder	Vader	Moeder
20 - 29	-	-	-	1.5%	-	.6%
30 - 39	14.6%	22.5%	7.5%	23.9%	11.5%	23.1%
40 - 49	33.7%	52.8%	38.8%	44.7%	35.9%	49.4%
50 - 59	22.5%	18.0%	29.8%	17.9%	25.6%	17.9%
60 - 69	12.4%	3.4%	9.0%	1.5%	10.9%	2.6%
70 - 79	1.1%	1.1%	1.5%	-	1.3%	.6%
80 plus	1.1%	-	1.5%	3.0%	1.3%	1.3%
Nie genoteer.	14.6%	2.2%	11.9%	7.5%	13.5%	4.5%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%	100.0%	100.0%	100.0%

TABEL XXVI.  
DIE GEMIDDELDE OUERDOMME VAN DIE OUERS  
VAN DIE KINDERS IN HIERDIE ONDERSOEK. (1)

OUERS VAN SEUNS		OUERS VAN DOGTERS		TOTAAL	
Vader	Moeder	Vader	Moeder	Vader	Moeder
49.5 jr.	44.9 jr.	50.7 jr.	45.2 jr.	50.0 jr.	45.0 jr.

/TABEL XXVII.

1) Die gevalle wat nie genoteer was nie, is by die berekening van die gemiddelde weggelaat.

TABEL XXVII.

DIE OUDERDOMSVERSKILLE TUSSEN DIE OUERS  
EN KINDERS IN HIERDIE ONDERSOEK.

VERSKIL IN OUDERDOM IN JARE.	OUERS VAN SEUNS.		OUERS VAN DOGTERS		TOTAAL	
	Vader- kind	Moeder- kind	Vader- kind	Moeder- kind	Vader- kind	Moeder- kind
20 en min- der	2.2%	6.7%	3.0%	10.4%	2.6%	8.3%
21 - 25	14.6%	24.8%	7.5%	20.9%	11.5%	23.1%
26 - 30	15.7%	31.5%	25.3%	29.8%	19.8%	30.7%
31 - 35	20.2%	19.1%	14.9%	14.9%	17.9%	17.3%
36 - 40	12.4%	6.7%	22.4%	7.5%	16.7%	7.1%
41 - 45	7.9%	4.5%	4.5%	4.5%	6.4%	4.5%
46 - 50	5.6%	3.4%	3.0%	1.5%	4.5%	2.6%
50 plus	6.8%	1.1%	7.5%	3.0%	7.1%	1.9%
nie geno- teer	14.6%	2.2%	11.9%	7.5%	13.5%	4.5%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%	100.0%	100.0%	100.0%

Uit die voorafgaande drie tabelle blyk dit dan dat 47.4% van die vaders jonger as 50 jaar oud was ten tye van die kind se onbeheerbaarheid, teenoor h ooreenstemmende 73.1% van die moeders. (Die gemiddelde ouderdomme van die vaders en die moeders was onderskeidelik 50 en 45 jaar.) Die moeders was dus oor die algemeen jonger as die vaders - h verwagte toedrag van sake.


Die gegewens soos uiteengesit in Tabel XXVII stel ons ook in staat om die ouderdomme van die ouers ten tye van die kind se geboorte te bepaal, en, grafies voorgestel, sien dit as volg daaruit:

/GRAFIEK II.

GRAFIEK II.

DIE OUDERDOMME VAN DIE OUIERS BY DIE GEBORTE VAN DIE KINDERS.

Persen-  
tasie.



Dit word dus opgemerk dat die grootste persentasie van beide moeders en vaders tussen ses-en-twintig en dertig jaar oud was ten tye van die betrokke kind se geboorte, nl. 30.7% van die moeders, en 19.8% van die vaders. Hiervandaan daal die grafiek vinnig sover dit die moeders betref, tot 7.1% in die ouderdomsgroep 36 - 40 jaar, terwyl dié van die vaders in dieselfde groep 16.7% is.

Na ondersoeker se mening, getuig hierdie besonderhede van h normale toedrag van sake - dit dui trouens op omstandighede wat as wenslik beskou kan word (in die grootste meerderheid van gevalle altans). Wanneer die ouers tussen ses-en-twintig en dertig jaar oud is ten tye van die kind se geboorte, beteken dit dat die /ouers.

ouers tussen veertig en vyf-en-veertig jaar oud is wanneer die kind die puberteitstadium betree. Op hierdie stadium behoort die ouers in normale omstandighede nog sterk en gesond genoeg te wees om ontsag by die kind af te dwing, asook om die nodige dissipline te handhaaf.

Verder is die ouers, relatief gesproke, ook nog van dieselfde tydsvak as die kind en adem hulle tot h groot mate nog dieselfde tydsges. Indien die ouers egter reeds betreklik bejaard is wanneer die kind in die puberteitsjare verkeer, bestaan die moontlikheid dat hulle weens swak gesondheid en kwynende liggaamlike kragte nie so effektief dissipline sal kan uitoefen as wat dit hoort nie, en verder mag hulle deur die jare eng-konserwatief geword het, m.a.w. hulle mag hulle nie aangepas het by h nuwe era sover dit die begrip en opvoeding van die kind aangaan nie. Dit is in sulke gevalle waar die toedrag van sake soms aangetref word dat die ouers poog om die kind op presies dieselfde wyse op te voed, as wat hulle self vyftig jaar of langer vantevore opgevoed is. Hierdie omstandighede kan in sommige gevalle noodlottige gevolge hê, en dit is in sulke gevalle waar die kind die ouer as h reël as "uit die oue doos" bestempel.

Ondersoeker gee geradelik toe dat die laasgenoemde stelling dikwels in omstandighede gebesig word waar die ouers geensins bejaard is nie en telkens wanneer die ouers h remskoen vir die kind se neigings en vermaak is. M.a.w. dit is moontlik dat dit in heeltemal normale gevalle, veral in die puberteitsjare, deur h kind teen die ouer se kop geslinger word wanneer hy/sy nie sy/haar sin kan kry nie. Sulke kinders is natuurlik ook gladnie noodwendig onbeheerbaar nie. Die feit bly egter staan dat dit in uiterste gevalle wel tot h kroniese toestand mag ontwikkel.

Willerse maak ook melding van hierdie faktor

/in sy

in sy werk, en konstateer ondermeer: "The parent who is old or an invalid cannot be an ideal model for the child... (the children) do not really admire and identify themselves with a father forty years their senior." <sup>(1)</sup> Dit is ook wanneer, soos Burgess en Locke dit stel, "...the family... (is) not in vital contact with the problems of youth or the new world in which they are living." <sup>(2)</sup>

Alhoewel hierdie faktor, soos hierbo uiteengesit, dus die moontlikheid inhou om probleme by die kind te kan veroorsaak, verskaf ook dit, net soos die faktore wat alreeds behandel is, opsigself geen finale antwoord op die probleem van jeugwangedrag nie. Indien hierdie faktor opsigself wel die finale antwoord was, sou ons nie kon verklaar het waarom daar talle ander gevalle bestaan waar die ouers ook reeds betreklik bejaard is, en die kinders tog nie gedragsprobleme openbaar nie. Die hele aangeleentheid hang dus hier ten nouste saam met die persoonlikheid van die ouers, en aldadelik is daar dus reeds weer 'n ander faktor wat ook in berekening gebring moet word. Net so mag die ouers se ouderdom weer tot swak dissipline lei, soos vroeër uiteengesit, en hierdie dissipline, of altans die gebrek daaraan, mag gedragsprobleme by die kind teweeg bring. In so 'n geval is die ouers se ouderdom dus weer nie die primêre faktor nie, dog slegs sekondêr, en verkry dit slegs betekenis wanneer dit in samehang voorkom.

Die gevolgtrekking waartoe hier gekom word, is gevolglik dat die ouderdom van die ouers wel die kind nadelig kan tref, dog dit is selde, indien ooit, 'n alleenstaande faktor.

Die laaste aspek wat onder hierdie afdeling aandag geniet, is die ouderdomsverskille tussen die twee huweliksmaats. Voorop moet daar gestel word dat daar /vandag

1) Willemse, W.A. : Op. cit. p.34.

2) Burgess, E.W. en Locke, H.J. : The Family, p.579.



vandag in h groot aantal boeke en tydskrifte aangaande die huwelikslewe, aandag geskenk word aan die vraag van wat die mees geskikte ouderdomsverskil tussen die ouers behoort te wees, en, alhoewel daar aanvaarbare teorieë hieromtrent bestaan; moet ook dit gesien word teen die lig van die persoonlike individuele faktore wat wissel van mens tot mens.

Wanneer daar buitengewone ouderdomsverskille tussen die ouers bestaan, bemoeilik dit dikwels die aanpassing in die huwelik, en h defektiewe gesinsverhouding kan dus die gevolg wees. Ook hang dit egter besonder nou saam met individuele faktore, aangesien daar tog gevalle bestaan waar twee persone wat baie in ouderdom verskil, suksesvolle huweliksaanpassing gemaak het. Wanneer daar h defektiewe verhouding tussen die ouers bestaan, is daar ook weer verskeie ander faktore, behalwe die moontlike groot verskil in ouderdom, wat hierdie verhouding kan veroorsaak, en ook hierdie faktor hou dus nou verband met ander faktore.

Die verskil in ouderdom tussen die ouers van die kinders wat in hierdie ondersoek opgeneem is, word in die volgende tabel uiteengesit:

TABEL XXVIII.

DIE VERSKIL IN OUDERDOM TUSSEN DIE  
OUERS VAN ONBEHEERBARE JEUGDIGES.

VERSKIL IN OUDERDOM.	OUERS VAN SEUNS	OUERS VAN DOGTERS	TOTAAL
Ouers ewe oud.	9	3	12
<u>Vader ouer as moeder:</u>			
Een jaar	8	3	11
Twee jaar	3	5	8
Drie jaar	5	4	9
Vier jaar	8	2	10

/TABEL XXVIII  
(VERVOLG)

TABEL XXVIII (VERVOLG).

Vyf jaar	5	3	8
Ses jaar	10	5	15
Sewe jaar	2	2	4
Agt jaar	2	2	4
Nege jaar	4	-	4
Tien jaar	-	4	4
Elf jaar	3	2	5
Twaalf jaar	5	-	5
Dertien jaar	-	2	2
Veertien jaar	-	2	2
Vyftien jaar	-	1	1
Sestien jaar	-	3	3
Sewentien jaar	-	-	-
Agtien jaar	1	2	3
Negentien jaar	1	-	1
Twintig jaar	2	1	3
<hr/>			
<u>Moeder ouer</u> <u>as vader:</u>			
Een jaar	2	3	5
Twee jaar	3	1	4
Drie jaar	1	2	3
Vier jaar	-	2	2
Vyf jaar	-	1	-
Ses jaar	1	-	1
Sewe jaar	-	-	-
Agt jaar	1	2	3
Twaalf jaar	-	1	1
<hr/>			
Nie genoteer	13	10	23
TOTAAL	89	67	156

Opsommend blyk dit dus dat die ouers in 7.7% gevalle ewe oud was, in 46.8% gevalle was die vader een tot nege jaar ouer as die moeder, in 18.6% gevalle die vader tien jaar en meer ouer as die moeder, in 12.2% gevalle was die moeder ouer as die vader, en in 14.7% gevalle is dit nie genoteer nie (m.e.w. een of albei die ouers se geboortedatums was nie bekend nie.)

Ongelukkig was dit nie moontlik om uit die verskillende verslae duidelikheid te verkry of die verskil in ouderdom meegewerk het tot h swak gesinsverhouding nie, en daar sal dus nie verder op hierdie aspek ingegaan word nie, aangesien die beredenering dan bloot spekulatief sal wees.

Ten slotte kan net gemeld word dat, alhoewel die gegewens omtrent die ouderdomme en ouderdomsverskille van die ouers, insiggewend is, en, algemeen gesproke, dit wel h invloed in die huwelik mag hê, dit nie moontlik was om in hierdie ondersoek vas te stel hoedanig hierdie invloed was nie. Dat hierdie faktore egter opsigself h meewerkende oorsaak van jeugwangedrag kan wees, gebeur selde indien ooit. Waar dit wel in die agtergrond van delinkwente kinders aangetref mag word, sal dit, soos aangedui in die voorafgaande aantal paragrawe, in samehang met ander faktore soos swak dissipline, swak gesinsverhoudinge, ens. voorkom.

---

(j) ADDISIONELE BESONDERHEDE I.V.M. DIE GESINSLEWE.

Die laaste twee aspekte wat in die afdeling "Binne-huislike omgewing" behandel word, is die sosiale bedrywighede van die ouers, en die huistaal van die gesinne waaruit die kinders wat in hierdie ondersoek opgeneem is, afkomstig was.

Vanselfsprekend kan laasgenoemde faktor nooit in oorsaaklike verband met jeugwangedrag gebring word nie - met ander woorde, h kind sal hom nie aan so-danige gedrag skuldig maak bloot omdat hy Afrikaans, Engels of watter taal ookal, besig nie. Die volgende tabel verskaf h aanduiding van die huistaal van die gesinne waaruit die kinders in hierdie ondersoek afkomstig was:

TABEL XXIX.

DIE HUISTAAL VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE KINDERS IN HIERDIE ONDERSOEK AFKOMSTIG WAS.

HUISTAAL	GESINNE VAN SEUNS	GESINNE VAN DOGTERS	TOTAAL
Afrikaans	87.6%	89.6%	88.5%
Engels	12.4%	10.4%	11.5%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Die groot persentasie Afrikaanssprekende gevalle moet verklaar word teen die lig van die feit dat die inwoners van die gebied waaruit die kinders wat in die ondersoek opgeneem is, afkomstig is, tot h groot mate oor die algemeen Afrikaanssprekend is.

Wat die deelname van die ouers aan sosiale bedrywighede betref, word daarna in ons hedendaagse samelewing, baie dikwels verwys as een van die vernaamste

/oorsake

oorsake van jeugprobleme. Dit het h populêre stelling geword om te verklaar dat kinders onbeheerbaar raak omdat die ouers elke aand uitgaan na een of ander partytjie, die moeder in die middae allerlei teepartytjies bywoon, en dit eintlik daarop neerkom dat die ouers maar slegs by die huis slaap en soms eet.

Alhoewel dit nie weggeredeneer kan word dat daar weldeeglik ouers bestaan wie se tyd hoofsaaklik deur sosiale bedrywighede in beslag geneem word nie, en dat hierdie omstandighede beslis nie as heilsaam vir die kind beskou kan word nie, is die verwagting tog dat dit nie in hierdie ondersoek enige noemenswaardige rol sal speel nie.

Die rede hiervoor is as volg: Die beskuldiging van te veel sosiale aktiwiteite word as h reël teen die hoofde van persone van die hoëre inkomstegroepe geslinger. Dit is dan ook algemeen bekend dat dit veral persone in dié inkomstegroepe is wat aktief deelneem aan die sosiale lewe. Uit die vroeëre bespreking omtrent die ekonomiese lewenspeil van die gesinne in hierdie ondersoek, het dit geblyk dat die oorgrote meerderheid van die gesinne in gemiddelde en lae inkomstegroepe geval het. Vandaar die stelling dat die verwagting is dat dit nie in hierdie ondersoek so h belangrike rol sal speel nie.

TABEL XXX.

DIE DEELNAME AAN SOSIALE BEDRYWIGHEDE DEUR  
DIE OERS VAN ONBEHEERBARE JEUGDIGES.

AARD	OERS VAN SEUNS	OERS VAN DOGTES	TOTAAL
Aktiewe deelname	-	4.5%	1.9%
Wisselvallige of gemiddelde deel- name.	18.0%	13.4%	16.0%
Geen deelname.	77.5%	70.2%	74.4%
Nie genoteer	4.5%	11.9%	7.7%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Aangesien ondersoeker nie al die gevalle self ondersoek het nie, kon geen deurlopende norm gebruik word vir die beoordeling van „aktiewe deelname“, „gemiddelde deelname“, ens. nie, en moes hy hom dus verlaat op die oordeel van die proefbeampste wat die geval ondersoek het. Die klassifikasie in Tabel XXX is dus gemaak op grond daarvan of die proefbeampste wat die geval ondersoek het, die ouers se deelname aan sosiale bedrywighede as „gereeld“, „redelik gereeld“, „geen“, ens. beskryf het.

Volgens bogemelde tabel blyk dit dat bykans h driekwart van die totale aantal gevalle, hoegenaamd nie aan sosiale bedrywighede deelgeneem het nie, terwyl daar slegs in h skrale 1.9% van die gevalle, wel aktiewe deelname deur die ouers was. Waer die ouers tog soms aan die sosiale lewe deelneem, dui dit geensins op h sorgwekkende toestand nie, en in hierdie ondersoek het dit dan ook in 16% van die totale aantal gevalle voorgekom.

Die gevolgtrekking waartoe hier gekom word, is dus dat dit, relatief gesproke, geensins tot voordeel van die kind kan strek indien die ouers, weens sosiale verpligtinge, dikwels uithuisig is nie. In hierdie

/ondersoek

ondersoek was die ouers wat in hierdie kategorie val, egter maar 1.9% van die totale aantal gevalle, en hierdie faktor se betekenis in h oorsaaklike verband, was dus hier absoluut minimaal.

---

B. DIE BUIITE-HUISLIKE OMGEWING.

(a) INLEIDING:

In die voorafgaande afdeling is daar volledig ingegaan op die negatiewe faktore in die gesinslewe wat moontlik die kind nadelig kan tref, en moontlik tot onbeheerbaarheid of wangedrag aanleiding gee. Uit die besonderhede wat verkry is, het dit dan ook geblyk dat daar h hele aantal faktore in die binne-huislike omgewing bestaan wat klaarblyklik die kind in verkeerde kanale kan laat beland. Die gegewens het aangetoon dat die negatiewe faktore geensins almal in alle gevalle voorkom nie, dog daar was tog faktore wat h hoë voorkomspersentasie getoon het. Telkens by die bespreking van hierdie faktore, is daar egter nadruk gelê op die feit dat daardie faktore nie as geïsoleerde faktore gesien moet word nie, dog in samehang met h ander faktor of reeks van faktore. Dit is dus duidelik dat die faktore in die binne-huislike omgewing nie geskei kan word van daardie invloede wat van die buite-huislike omgewing uitgaan nie, en dat die twee afdelings inderdaad baie nou met mekaar verband hou. Hier kan maar slegs gedink word aan die ekonomiese lewenspeil van die ouers, en die swak huislike omgewing. Die twee aspekte word onderskeidelik in die binne-huislike en buite-huislike omgewing behandel, en tog kan die twee nooit van mekaar geskei word nie.

Wanneer daar dus in die hieropvolgende onderafdelings verskillende aspekte in die buite-huislike omgewing behandel word, moet die faktore wat reeds in die voorafgaande afdeling bespreek is, voortdurend in gedagte gehou word ten einde die verskillende aspekte in die regte perspektief en in hulle verband met mekaar te kan sien. Indien hierdie feite in gedagte gehou word, sal h geheel-beeld van die gegewens verkry kan word.

---



(b) OMGEWINGSFAKTORE:

"Slums and blighted areas provide breeding places for crime. Experienced criminals find shelter there, often transmitting the techniques of crime to younger people." is die woorde van Neumeyer, (1) en hierdie ondersoeker verklaar dan ook "...delinquency is usually concentrated in slums and blighted areas." (2) Regter N.S. Winnet stel dit baie duidelik as volg: "There is general agreement that in the urban areas slums...breed crime and delinquency...The rate of delinquency in such areas is sometimes ten times above the general average throughout the city." (3) Willemsse haal ook enkele kort voorbeelde aan waar agterbuurt-toestande tot die kind se ondergang gelei het. (4)

Tappan verklaar dat "the concept of the delinquency area, sometimes called 'interstitial' or transition area, is central to the ecological approach developed mainly by Clifford Shaw and his followers." (5) Hierdie ondersoekers se bevindings het aangetoon dat "the highest rates of delinquency and crime occur in certain types of transition zones in the immediate vicinities of the commercial centres of large cities and in the slum areas surrounding or adjacent to large industrial plants." (6)

Kuhlen som die probleem as volg op: "In good neighborhoods conventional values are almost universal. Delinquent areas, on the other hand, possess a minor but nonetheless powerful competing system of values. Children

-----  
/of 'good'

- 1) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.205.
- 2) Ibid. p.205.
- 3) Aangehaal deur Banay, Ralph S. : Op. cit. p.38.
- 4) Willemsse, W.A. : Op. cit. p.20.
- 5) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.77.
- 6) Gillette, J.M. en Reinhardt, J.M. : Problems of a Changing Social Order, p.686.

of 'good' neighborhoods seldom see crime in action; slum-dwelling children see crime all about them." (1)

Die bogemelde ondersoekers stel dit dus baie duidelik dat die swak omgewing of agterbuurt, uiters nadelig is vir die opvoeding van die kind, en dat dit delinkwensie in die hand werk.

Waar daar in die volgende tabel van "goeie", "redelike" en "swak" omgewings gepraat word, is die volgende norme van beoordeling gebruik: h "Goeie" omgewing is h omgewing waarin hoofsaaklik persone met h gemiddelde of goeie inkomste woon, en waar swak invloede tot h absolute minimum beperk is; h "redelike" omgewing is h omgewing waarin oor die algemeen persone met h gemiddelde inkomste woon, waar daar voldoende speel- en ontspanningsgeriewe vir die kinders is, dog waar dit nogtans bekend is dat daar enkele swak invloede in die onmiddellike omgewing is, bv. h delinkwente bande jeugdiges; h "swak" omgewing is die agterbuurt, waar die inwoners feitlik deurgaans in een of ander stadium van armoede verkeer, waar daar h algehele gebrek is aan gesonde ontspanningsgeriewe, en waar dit bekend is dat daar talle nadelige invloede teenwoordig is.

Hierdie ondersoek het die volgende aan die lig gebring in verband met die huislike omgewing waarin die gesinne gewoon het:

TABEL XXXI

DIE OMGEWINGSTOESTANDE WAARIN DIE KINDERS IN HIERDIE ONDERSOEK GELEEF HET.

AARD.	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Goed	19.1%	17.9%	18.6%
Redelik	51.7%	55.2%	53.2%
Swak	29.2%	23.9%	26.9%
Nie genoteer	-	3.0%	1.3%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

1) Kuhlén, R.G. : Op. cit. p.366.

/Dit word

Dit word derhalwe opgemerk dat h totaal van 80,1% van die kinders in redelike of swak omgewings opgegroei het. Van hierdie totaal was 26,9% in swak omgewings, wat as agterbuurtes bestempel word, woonagtig. Die gegewens van hierdie ondersoek kom dus in breë trekke ooreen met dié van ander navorsers wat beweer het dat h groot persentasie delinkwente jeugdige in swak omgewings woonagtig was.

Enkele paragrawe gelede, is kortliks uiteengesit watter norme gebruik is met die beoordeling van die verskillende omgewings, en hier kan nou verder uitgewei word op die "swak" omgewing. In die eerste plek word gedink aan die fisiese omgewing, m.a.w. swak en bouwvallige huise wat swak gerangskik is sonder voldoende speelgeriewe vir die kinders, swak lig en ventilasie, onhigiënies en ongesond, en oor die algemeen nadelig vir die gesondheid, veiligheid, gerief en moraal van die inwoners. "Certainly, it is not a desirable place in which to rear children. Such areas are usually overcrowded, as well as unsanitary and undesirable."<sup>(1)</sup>

Die fisiese omgewing is egter maar een aspek van die agterbuurt - die ander ewe-belangrike kenmerk is dat h agterbuurt "...is not merely a mass of physically deteriorated buildings. It represents a culture pattern, consisting of a way of living and thinking."<sup>(2)</sup> Die gesinne wat hulle om een of ander rede in agterbuurtes vestig, beskik as h reël oor h ander stel lewenswaardes en - norms, gevorm deur sy omgewing, wat bestaan uit swak behuisingsomstandighede en, meer belangrik, bewoon deur persone wat in baie gevalle, uitvaagsels van die konserwatiewe en beter omgewing geword het. "...A large part of the population consists of transients, including hobos, criminals, prostitutes, and the down-and-out."<sup>(3)</sup>

/Kinders

- 1) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.204.
- 2) Shulman, M., aangehaal deur Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.204
- 3) Zorbaugh, H.W., aangehaal deur Neumeyer, M.H. : Ibid. pp.

Kinders wat in hierdie atmosfeer moet opgroei, word dus so gewoon aan dié soort lewenswaardes, dat hulle dit maar as die normale en korrekte aanvaar, en moet dus noodwendig in botsing met die gereg kom wanneer hulle op dieselfde trant voortlewe.

Alhoewel hierdie innerlike invloed van die swak omgewing op die kind, nie so fisies waarneembaar is as byvoorbeeld die swak behuising, swak gesondheid, ens. nie, is die gevolge net so vernietigend, indien nie méér nie. h Swak of bouvallige huis kan altyd gesloop word, h honger kind kan voedsel gegee word, dog om h kind wat met sekere verkeerde lewenswaardes opgegroeï het daarvan te genees, is nie so h eenvoudige oplossing nie. Soos Shulman verklaar het dat, indien h stad wil poog om die agterbuurt uit te skakel, is dit nodig om die geboue te vervang, sowel as "...to deal with the people and their way of living..." en laasgenoemde is fundamenteel h opvoedkundige proses. (1)

Uit die voorafgaande bespreking kan h duidelike beeld gevorm word van hoe vernietigend die swak omgewing vir die gedrag van die kind kan wees. Wanneer die kind nog baie klein is, sal die invloed hoofsaaklik fisies van aard wees, dog wanneer hy opgroei, en veral dan in die puberteitstadium wanneer hy sy eie lewensrigting en lewenswaardes begin bepaal, kan dit fataal vir die kind se gedrag wees. Dat h groot persentasie van die delinkwente, onbeheerbare en misdadige jeugdige dus in swak omgewings aangetref word, is lig te begryp.

Een van die faktore wat in die puberteitstadium die sterkste op die voorgrond tree, is die maats van die kind, wat in die volgende onderafdeling behandel word.

---

1) Shulman, H.M., aangehaal deur Neumeyer, M.H.: Op. cit. p.204.

(c) DIE INVLOED VAN SWAK MAATS OP DIE GEDRAG  
VAN DIE KIND.

Wanneer daar van swak maats gepraat word, word daar hoofsaaklik gedink aan die bendelewe. Dit is geensins vreemd om te vind dat kinders op een of ander tydstip in hulle lewe lid van h bende is nie. Opsigself is daar niks mee verkeerd nie, aangesien die kind daar tot h groot mate bevrediging vir sy groepsinstink verkry. Alle kinderbendes is dan ook gladnie anti-sosiaal georiënteerd nie, en hulle aktiwiteite bestaan uit onskuldige vermaak. Dit is egter ook h bekende feit dat kinders met anti-sosiale neigings, hulle gewoonlik in h bende organiseer en gesamentlik optree. Dit vergemaklik beslis nie die probleem nie, aangesien die teenwoordigheid van maats, daartoe lei dat die jeugdige baie meer waaghalsig word ten einde prestige te verkry of behou onder die groep. Hy doen dan ook dinge wat hy as individu miskien nooit sal doen nie, bloot net om sy posisie as leier of bendelid te handhaaf. Die bravado wat hy verkry as gevolg van die teenwoordigheid van sy maats, maak hom gevaarliker vir die samelewing as wanneer hy as individu op sy eie optree.

In hierdie ondersoek is h "swak maat" geneem as h persoon wat beslis tot die betrokke kind se verleiding of verslegting kon bydra deurdat die persoon self onsedelike-, kriminele- of ander antisosiale neigings geopenbaar het; h "redelike maat" is h persoon wat nog self nie aan een van die kenmerke van die "swak maat" mank gaan nie, dog wie se gedragswyses sodanig is (bv. voortdurende rondslentery in die strate, stokkiesdraaiery, ens.) dat dit ook die betrokke kind op die eerste treë-tjie na onbeheerbaarheid kon gelei het; h "goeie maat" is h persoon wat in alle opsigte h voorbeeldige en sosiaal-goedgekeurde

goedgekeurde leefwyse voer, en wat vir die betrokke kind geen nadele inhou nie.

TABEL XXXII

DIE MAATS VAN ONBEHEERBAARJE JEUGDIGES.

AARD	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Goed	6.7%	3.0%	5.1%
Hedelik	9.0%	9.0%	9.0%
Swak	61.8%	85.0%	71.8%
Nie genoteer	22.5%	3.0%	14.1%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

h oorweldigende persentasie van die kinders het dus maats gehad wat geensins bevorderlik vir goeie gedragswyses is nie. Dit is opmerklik dat h baie groter persentasie dogters as seuns swak maats gehad het, nl. 85% teenoor 61.8%, dog daar moet in aanmerking geneem word dat in h baie groter persentasie seuns as dogters se gevalle, die aard van die maats nie genoteer was nie (22.5% teenoor slegs 3.0%). Enige afleidings wat dus gemaak word van die feit dat die dogters klaarblyklik in meer gevalle swak maats gehad het as seuns, moet noodwendig rekening hou met die hoë persentasie nie genoteerde gevalle.

Wanneer ons hierdie bevinding vergelyk met die van ander navorsers, vind ons soortgelyke menings en gevolgtrekkings. Shaw en McKay het bv. gevind dat 88.2% van die gevalle in die jeughof van Chicago wat hul- le ondersoek het, hulle delinkwente dae in die gesels- skap van andere begaan het. (1) Shaw en Myers het ook gevind dat meer as negentig persent van 6000 diefstal- /-gevalle

1) Aangehaal deur Tappan, Paul W. : Op. cit. p.146.

gevalle begaan is deur groepe van twee of meer, <sup>(1)</sup> terwyl Breckenridge en Abbott verklaar het dat "....there is scarcely a type of delinquent boy who is not associated with others in his wrongdoing." <sup>(2)</sup> "Delinquency is learned behaviour; it therefore requires association and instruction by other delinquents...." is die mening van Cole, <sup>(3)</sup> en Kuhlen beweer dat "...it is thus significant that a substantial proportion of delinquent acts are committed in company of others." <sup>(4)</sup>

Slaughter konstateer dat misdadigers, net soos alle ander mense, nie van hulle vriende kan skei nie, en dat hierdie groepering daartoe neig om antisosiale neigings te vestig en konsolideer, <sup>(5)</sup> terwyl Young stel: "The importance of companionship in delinquent behaviour is well established." <sup>(6)</sup>

Bergel meen dat die bestaan van delinkwente bendes h ernstige bedreiging is, nie alleen vanweë die oortredings wat hulle begaan nie, dog veral omdat hulle h vrugbare teelaarde vir die opleiding van volwasse misdadigers vorm, en dit ook die suksesvolle inpassing in die samelewing van h groot aantal jongmense, moeilik of onmoontlik maak. <sup>(7)</sup> Vir Faris is dit ook baie duidelik dat "....the first delinquency each boy commits is virtually always performed in the company of others, and at their instigation." <sup>(8)</sup> Hermann Mannheim het ondersoek ingestel na jeugwangedrag in h plattelandse dorp in Engeland kort voor die Tweede Wêreldoorlog, en gevind dat 47.7% van die <sup>(9)</sup> delinkwente dade in die geselskap van andere begaan is.

/Regter

- 1) Aangehaal deur Gillette, J.M. en Reinhardt, J.M.: Op.cit. p.687.
- 2) Ibid. p.687.
- 3) Cole, Luella : Op. cit. p.480.
- 4) Kuhlen, R.G. : Op. cit. p.369.
- 5) Slaughter, J.W. : The Adolescent, p.76.
- 6) Young, K. : Personality and Problems of Adjustment, p.612.
- 7) Bergel, E.E. : Urban Sociology, p.395.
- 8) Faris, R.E.L. : Social Disorganization, p.213.
- 9) Mannheim, Hermann : Juvenile Delinquency in an English Middletown, p.39.

Regter J.M.Braude van Chicago verwys in h artikel omtrent jeugwangedrag, na die invloed van "...un-supervised and uncontrolled street gangs..."<sup>(1)</sup> " terwyl Willemse en Rademeyer h meer konserwatiewe skatting maak as sommige ander navorsers en dan verklaar dat minstens h derde van alle manlike misdadigers, veral tussen die ouderdomme van 12 en 18 jaar, een of ander misdadigheds-groep of bendelewe deurgemaak het.<sup>(2)</sup>

Von Hentig beskryf ook die invloed van maats volledig en konstateer dan ondermeer:

It is an odd fact that some youngsters are "unable to commit a theft alone but do not hesitate a moment when with a pal....The main difficulty with juvenile friendships is their composition of one who admires and another who is admired. This admiration pushes the leading partner further than he would otherwise go, in order to justify the ideal picture of himself. Heroes must encounter danger, enemies must be foiled. In our domesticated and pacified world the only dangers available at any time are social risks, through the omnipresent hostile power of the police. So it comes about... (that) the leader commits some offense, and the one led tries to live up to the superiority of his model."<sup>(3)</sup>

Volgens von Hentig is h belangrike aspek van die bendegevaar, die feit dat "...admiration finally breeds following, and followers become new leaders,"<sup>(4)</sup> terwyl Willemse bereken dat twee-derdes manlike jeugmisdadigers hulle eerste oortredings in die geselskap van andere begaan.<sup>(5)</sup> Thrasher, wat, vanweë sy intensiewe navorsing na die bendelewe van jeugoortreders, as een van die grootste gesaghebbendes op hierdie terrein beskou word, het 1313 bendes bestudeer, en gevind dat 530 beslis delinkwent was; tog het hy nie beweer dat die bende h direkte oorsaak van jeugwangedrag is nie, dog het hy dit /slegs

- 1) Braude, J.M. : The 'Why' of bad Boys, artikel in die N.P.A. Jaarboek, 1938, p.197.
- 2) Willemse, W.A. en Rademeyer, C.I. : Op. cit. p.40.
- 3) Hentig, Hans von : The Criminal and his Victim, p.192.
- 4) Ibid. p.195.
- 5) Willemse, W.A. : Op. cit. p.89.



slegs as h meewerkende faktor beskou. (1) Neumeyer ondersteun Thrasher se mening en verklaar dat "...it is more accurate to say that the gang is an important contributing factor that facilitates the commission of offenses." (2)

Dit is dus baie duidelik dat die bende h besonder groot invloed op die gedragsbepaling van die kind kan hê - of die invloed nou ookal as direkte oorsaak van die kind se gedrag beskou word, soos uiteengesit in die beskouing van Cole wat vroeër aangehaal is, of as meewerkende faktor wat die pleeg van oortredings vergemaklik, soos uiteengesit o.m. deur Thrasher en Neumeyer.

Die 71.8% gevalle wat swak maats gehad het in hierdie ondersoek (sien Tabel XXXII), was natuurlik nie noodwendig almal in bendes georganiseer nie - sommige van hulle het bloot die oortredings begaan met swak vriende, sonder dat daar werklik sprake was van h georganiseerde bendelewe. Die invloed van die swak maats bly egter dieselfde, of dit nou in h georganiseerde of ongeorganiseerde bende is.

Alhoewel, volgens von Hentig, "...only males, in general, lean towards forming gangs..." (3), het ons tog met hierdie ondersoek h dogtersbende aangetref wat in hulle optrede geensins vir enige seunsbende hoef terug te gestaan het nie. Die bende het uit ses dogters bestaan wie se ouderdomme gewissel het tussen 16 jaar en 21 jaar. Die leidster van die bende was 17 jaar oud, h droster uit h Nywerheidsskool, en oor die algemeen h gevaarlike mens. Daar is ondermeer vasgestel dat sy nooit sonder h sg. "cut-throat"-skeermes aan haar liggaam versteek, rondge-loop het nie. Sy was dan ook besonder handig met die skeermes en het dit dikwels gebruik tydens straatgevegte. Verder het sy ook daarop geroem dat sy enige mansmens

1) Aangehaal deur Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.146. / onder  
2) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.146.  
3) Hentig, H. von : Op. cit. p. 191.

"onder die tafel kon indrink." Die onderleidster was h stewiggeboude dogter van 16 jaar, wat reeds vroeg in haar lewe gedragsprobleme opgelewer het, later vir enkele jare verbeter het, dog, toe sy onder invloed van die leidster van die bende gekom het, totaal onbeheerbaar geraak het. Na aanleiding van die voorbeeld van die leidster, het sy ook h mes aangeskaf en gedurig by haar gedra. Die bende was h sg. "non-virgin club", en die toelatingsvereistes was geslagsondervinding met die teenoorgestelde geslag. Eienaardig genoeg, was dit egter die enigste plek waar seuns in dié bendelewe enisins ter sprake gekom het, want die bende het gepoog om nooit met enige seuns te meng nie. Hulle aktiwiteite het daaruit bestaan dat hulle elke aand in die middestad van Pretoria bymekaarkom; indien hulle geld het, gaan hulle na bepaalde hotelle waar daar dan vir h rui lank gedrink word, met vodka en brandewyn as die belangrikste dranksoorte. Na die drinkery word daar dan deur die strate gestap en moeilikheid gesoek met persone wat hulle teëkom. Straatgevegte was dikwels die gevolg.

Een aand, na die gebruikelike drinkery, het daar moeilikheid ontstaan met twee mans, en die gevolg was dat albei mans steekwonde opgedoen het - die een ernstige wonde. Die bende is hierna verbreek toe drie van die ses na inrigtings verwys is.

Eogemelde is egter h goeie voorbeeld van hoe h ernstige invloed h bendelewe op die gedrag van die kind kan hê; veral as h kind alreeds geringe gedragsprobleme openbaar, is die aansporing en die invloed van die bendelede voldoende om daardie kind geheel op die verkeerde pad te laat beland.

Die hele aspek van die bendelewe en swak maats, is tot h mate verbind aan die aspek van die swak omgewing omdat, in die woorde van Mihanovich, "...gangs

/reflect

reflect to a large extent the customs and values that prevail in the neighbourhoods from which they spring.. (1)

Net soos in die voorgaande afdelings, waar daar telkens die stelling gemaak is dat een negatiewe faktor opsigself nie as oorsaak van jeugwangedrag of onbeheerbaarheid beskou kan word nie, moet dit ook hier gestel word dat ".....the influence of the gang alone is not enough to explain the resultant delinquency. For its power to hold sway over a boy, he must come under its control, and there must be some mental and behaviour patterns in him that make him susceptible to its influence." (2)

Ten spyte daarvan dat die bendelewe en swak maats dus klaarblyklik h belangrike invloed uitoefen op die jeugmisdadiger, algemeen-delinkwente kind en ook die onbeheerbare kind, soos blyk uit die bevindings van navorsers op die verskillende terreine, (3) verskaf ook hierdie aspek nie vir ons die finale of enigste oorsaak van die probleem nie.

---

1) Mihanovich, C.S. : Op. cit. p.46.

2) Ibid. p.46.

3) Vergelyk bv. die gegewens in Tabel XXXII sover dit onbeheerbare kinders betref, die bevinding van Willemsse vir jeugmisdadigers, en dié van Mannheim vir algemeen-delinkwente kinders.

(d) VRYETYDSBESTEDING EN DIE ONBEHEERBARE KIND.

Hierdie aspek geniet ook baie dikwels die aandag van navorsers op die terrein van jeugwangedrag. Veral word dit sterk beklemtoon as 'n moontlike voorkomingsmaatregel, wat by implikasie beteken dat dit 'n faktor is wat moontlik in oorsaaklike verband ook met die probleem gebesig kan word, omdat dit 'n faktor is wat positief is wanneer die vrye tyd nuttig bestee word, dog klaarblyklik negatief wanneer daar geen produktiewe vryetydsbesteding is nie. Wanneer daar dus van vryetydsbesteding as voorkomingsmaatregel gepraat word, word bedoel dat die positiewe element beklemtoon word, terwyl, wanneer dit in oorsaaklike verband met die probleem gebring word, die negatiewe aandag geniet. Op hierdie tydstip gaan dit in hierdie ondersoek slegs om laasgemelde element, en daar sal dus vasgestel moet word of die onbeheerbare kind wel sy vrye tyd nuttig bestee, of, indien nie, wat die invloed daarvan op sy gedrag is.

Wat hierdie aspek betref, is dan die volgende gegewens gedurende hierdie ondersoek versamel:

TABEL XXXIII.

DIE DEELNAME AAN GESONDE AKTIWITEITE GEDURENDE HUL VRYETID DEUR ONBEHEERBARE JEUGDIGES.

AARD	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Gereeld	4.5%	0.0%	2.6%
Somtyds	3.3%	0.0%	1.9%
Geen	87.7%	85.1%	86.5%
Nie genoteer	4.5%	14.9%	9.0%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Met "gereelde" deelname word hier bedoel dat die betrokke kind aktief ten minste een of twee keer per week aan een of ander vorm van sport of ander klub- /-bedrywighede.

bedrywighede deelneem, of in sy vryetyd feitlik deurgaans besig is met die beoefening van h stokperdjie, soos bv. lees. Wanneer h kind "scmtjds" aan nuttige vryetydsbesteding deelneem, word bedoel dat die aktiwiteit wat hierbo genoem is, tog beoefen word, dog geensins gereeld nie. Met "geen" deelname word bedoel dat die kind in die vryetyd tot sy beskikking doelloos in die strate rondwaal, bioskope besoek, by maats gesels, ens.

Die gegewens in Tabel XXXIII dui dus beslis daarop dat die onbeheerbare kinders se vryetyd nie produktief bestee word nie - van die dogters was daar nie een enkele geval onder die genoteerde gevalle wat gereeld of selfs af en toe aan nuttige vryetydsbesteding deelgeneem het nie, en 86.5% van die totale aantal gevalle het geen produktiewe vryetydsbesteding gehad nie.

"It is generally assumed that wholesome recreation tends to prevent delinquency, whereas unwholesome and harmful amusements lead to misconduct.",<sup>(1)</sup> verklaar Neumeyer en meld dan dat die mees omvattende studie omtrent die verband tussen ontspanning en jeugwangedrag, in Chicago gedoen is. Daar is nl. vier sg. "delinquency areas" geneem en een kontrole omgewing, en daar is vervolgens vasgestel hoedanig die kinders in die omgewings aan gesonde ontspanning tydens hulle vryetyd deelneem. Daar is ondermeer gevind dat die deelnamepersentasie gewissel het vanaf 95.5% in die kontrolegebied, tot 63.2% in die swakste omgewing.<sup>(2)</sup>

H.W. Thurston het 2587 gevalle van delinkwente kinders in Cleveland nagegaan, en gevind dat 75% delinkwent was as gevolg van die misbruik van hulle vryetyd.<sup>(3)</sup> Elliott en Merrill konstateer dan ook: "We cannot over-stress the significance of inadequate provision for

/recreation

1) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.156.

2) Aangehaal deur Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.157.

3) Aangehaal deur Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.141.

recreation to juvenile delinquency, which, from one point of view at least, is primarily a leisure time activity.<sup>(1)</sup>"

Hierdie ondersoekers hou die mening na dat, wanneer kinders gelukkig en volkome besig gehou word deur een of ander vorm van ontspanning gedurende hul vryetyd, hulle weinig geleentheid besit vir gedagtes omtrent, en werklike antisosiale gedragswyses.

Ook Banay gee h lang uiteensetting van die invloed van die gebrek aan gesonde ontspanning en vryetydsbesteding op die gedragswyse van die kind,<sup>(2)</sup> dog verklaar nietemin: "Participation in organized recreation does not, then, eliminate delinquency, but it definitely reduces the incidence of delinquency."<sup>(3)</sup> Elliott en Merrill wys, ten spyte van hulle mening in verband met die belangrikheid van ontspanning vir die kind soos vroeër uiteengesit, daarop dat "...we must not, however, assume that recreational projects alone are the key to delinquency control....."<sup>(4)</sup>

Paul Tappan is egter baie uitgesproke omtrent hierdie aspek, en is van mening dat dit h aspek is wat nie alleen soms óórbekleemtoon word nie, dog dat "...to a great extent the studies in this area, conducted by persons with an interest at stake, have been quite unconvincing in their methods and results."<sup>(5)</sup>

Hy verklaar verder dat baie ondersoekers aantoon dat delinkwente nie aan gesonde vryetydsontspanning deelneem nie, en dat die gebrek aan sodanige ontspanning dus h oorsaak van jeugwangedrag is. Hy erken dat die meeste delinkwente dae gedurende die kind se vryetyd begaan word, "...but this fact reveals nothing in relation either to the real causes of delinquency or to

-----  
/effective  
1) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.141.  
2) Vergelyk Banay, Ralph S. : Op. cit. pp. 61 - 66.  
3) Ibid. p.61.  
4) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.142.  
5) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.148.

effective methods of treatment and prevention," (1)

Dit word dus opgemerk dat daar h besliste verskil bestaan tussen verskillende ondersoekers omtrent die waarde van gesonde ontspanning vir die kind met delinkwente neigings. Tappan is na ons mening miskien té uitgesproke omtrent hierdie aspek, alhoewel daar met hom saamgestem moet word dat nuttige vryetydsbesteding opsigself geensins die probleem van jeugwangedrag sal oplos nie. Die feit dat so h groot persentasie onbeheerbare en delinkwente kinders nie aan gesonde opbouende vryetydsbesteding deelneem nie, dui egter, na ondersoeker se mening, tog daarop dat daar h behoefte aan sodanige ontspanning bestaan by die bekamping van die probleem, veral as erken word dat die meeste delinkwente dae in die vryetyd begaan word, soos ondermeer ook deur Tappan en Elliott en Merrill gekonstateer word. Hoedanig hierdie ontspanning moet wees en deur wie dit georganiseer moet word, is die volgende vraag wat na vore tree, dog kan nie op hierdie stadium bespreek word nie. Op h latere tydstip sal meer daaromtrent gestel word.

Die slotopmerking hier is dus dat ondersoekers oor die algemeen gevind het dat baie min delinkwente kinders oor enige vorm van nuttige vryetydsbesteding beskik het, en dit bevestig die gegewens in hierdie ondersoek sover dit dié aspek aangaan. Alhoewel verskillende ondersoekers verskil in hul menings omtrent die waarde van gesonde en produktiewe ontspanning vir die delinkwente kind, kan eintlik h middelweg gevind word by hulle menings, en kan dan gekonstateer word dat, ten spyte daarvan dat die nuttige besteding van die vryetyd, geensins opsigself die probleem kan en sal oplos nie, dit wel h middel kan wees wat moontlik met h redelike mate van sukses aangewend kan word.

---

1) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.148.

---

HOOFSTUK IV.

DIE PERSOONLIKE AGTERGROND VAN DIE ONBEHEERBARE KIND.

---

(a) INLEIDING:

In hoofstuk III is daar h volledige uiteensetting gegee van die huislike agtergrond van die kind, beide wat betref die binne-huislike omgewing, m.a.w. die gesinslewe as sodanig, en die buite-huislike omgewing, naamlik die omgewingsfaktore, maats en die vryetydsbesteding. Uit die gegewens wat in daardie hoofstuk uiteengesit is, kan h duidelike beeld gevorm word van hoedanig die huislike omstandighede van die onbeheerbare kind is. Telkens is daar op gewys dat genoemde faktore nie as alleenstaande faktore beskou moet word nie, dog dat hulle in samehangende verband gesien moet word, aangesien hulle mekaar oor en weer beïnvloed.

Wanneer daar h bespreking gevoer word omtrent die persoonlike eienskappe van die onbeheerbare kind, moet dit nie alleen gesien word teen die lig van die gesinsagtergrond nie, dog moet die samehangende verband ook hier in gedagte gehou word. So is die kind se I.K. bv. nou verbind met sy gesinsagtergrond, en die I.K. weer met die skoolvordering. Die verband tussen die I.K. en die skoolvordering, wat as persoonlike eienskappe behandel word, en die gesinsagtergrond is dus duidelik.

Soos hierbo gemeld, beskik ons op hierdie stadium reeds oor die gegewens omtrent die huislike agtergrond van die kind, en, wanneer die persoonlike eienskappe hier bygevoeg word, sal dit die leser in staat stel om h volledige beeld te vorm van die onbeheerbare jeugdige.

---




(b) DIE OUERDOMME VAN ONBEHEERBARE JEUGDIGES.

Hierdie aspek word dan eerstens behandel, en, ten einde h duidelike beeld te verkry, word die seuns en dogters se ouerdomme eers apart weergegee, en daarna die totale aantal gevalle. (Die ouerdomme is geneem tydens die opstel van die betrokke verslag omtrent die kind).

GRAFIEK III.

DIE OUERDOMME VAN DIE SEUNS EN DOCTERS RESPEKTIEWELIK IN HIERDIE ONDERSOEK.


Persentasie.



/GRAFIEK IV.

GRAFIEK IV.

DIE OUDERDOMME VAN DIE TOTALE AANTAL  
GEVALLE IN HIERDIE ONDERSOEK.



Volgens die voorafgaande grafieke blyk dit dus dat, sover dit die totale aantal gevalle betref, altesaam 3.8% van die gevalle 12 jaar of jonger was, 2.6% was 13 jaar, en dan is daar 'n vinnige styging na 19.9% in die veertiende jaar en uiteindelik 25% in die vyftiende jaar, wat die hoogtepunt vorm. Hierna is weer 'n geleidelike daling tot by 7.7% in die agtiende jaar.

Wat die besonderhede van die seuns en dogters apart betref, word dit opgemerk dat, alhoewel daar enkele gevalle by die seuns voorkom wat jonger as twaalf jaar is, die vinnige styging by veertien jaar voorkom, en dat daar daarna 'n geleidelike styging tot by sestien jaar as hoogtepunt is. Die daling hierna is nie besonder skerp nie. By die dogters styg dit baie vinnig vanaf 1.5% elk in die groepe twaalf en dertien jaar, tot by 22.4% in die veertiende jaar, en verder tot 31.3% in die vyftiende jaar.

/Hierna

Hierna is daar h skerp afname tot by 3% in die agtiende jaar.

Volgens hierdie gegewens is dit duidelik dat die onbeheerbare seun se ouderdom oor die algemeen h paar maande hoër is as dié van die dogter. Dit moet verwag word, gesien teen die lig van die feit dat die rypwordingsproses by die seun ietwat later voorkom as by die dogter. Dit dien opgemerk te word dat in die gevalle van beide die seuns en die dogters, die verskynsel van onbeheerbaarheid die hoogste is wanneer die puberteitstadium ongeveer verby is. Die seksuele rypwording moet dus as h faktor in onbeheerbaarheid beskou word.

Van Rooyen se bevinding in hierdie verband toon h groot ooreenkoms met die gegewens hierbo uiteengesit, veral wat die dogters betref. <sup>(1)</sup> Volgens sy bevinding wissel die ouderdomme van die dogters tussen 12 en 18 jaar - dit begin met 2% in die twaalfde jaar en styg vinnig na 28% in die vyftiende jaar, daal na 22% in die sestiende jaar en na 13% in die agtiende jaar. (Die ooreenstemmende persentasies in hierdie ondersoek is 1.5%, 31.3%, 22.4% en 3%).

Volgens Charlotte Bühler reageer elke driejaar-oue kind soos h probleemkind, dog die werklike onbeheerbare kind tussen vyf en tien jaar is h uitsondering en gewoonlik neuroties. <sup>(2)</sup> In die lig hiervan het van Rooyen die aantal gevalle in sy ondersoek wat jonger as tien jaar was, nagegaan, en gevind dat hulle in bykans al die gevalle onder die invloed van ouer broers gestaan het. <sup>(3)</sup> In hierdie ondersoek het daar slegs twee gevalle voorgekom van kinders wat jonger as tien jaar was - albei gevalle was seuns. In nie een van die gevalle was daar egter sprake van beïnvloeding deur h ouer broer of suster

/nie;

- 
- 1) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. pp.21 en 24.
  - 2) Bühler, Charlotte : From Birth to Maturity, p.142.
  - 3) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. p.21.

nie; in die een seuntjie se geval is bevind dat hy emosioneel verwaarloos is, en het hy ernstige sielkundige probleme ondervind, terwyl die ander outjie aan die swakste-denkbare huislike omstandighede blootgestel was. Sy vader was h een-en-sestigjarige pensioenaris van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, feitlik swaksinnig en totaal onbekwaam om enige leiding te gee. Hy het ondermeer voor die kinders gemasturbeer, en die seuns gedwing om dit ook te doen. Die moeder, wat twintig jaar jonger as haar eggenoot was, het haar skuldig gemaak aan buite-egtelike seksuele verhoudinge, en het geen belanggestel in die kinders of die huis nie. Daar was agt afhanklike kinders tuis, en dit het haglik gegaan met die gesin. In hierdie hopelose omstandighede is dit lig te begryp dat die betrokke seuntjie totaal onbeheerbaar geword het.

Banay konstateer dat die Kinderburo van die Departement van Arbeid in New York, in 1942 h verklaring uitgereik het dat minder as 5% van alle delinkwente kinders in daardie gebied jonger as 10 jaar was; 25 - 30% van die delinkwente kinders het in die ouderdomsgroep 10 - 13 jaar geval, en 65 - 70% was 14 jaar en ouer. (1) (In hierdie ondersoek was die persentasie vir die ouderdomsgroep 10 - 13 heelwat kleiner).

Die bevinding wat die ouderdom betref, kom ook ooreen met dié van Neumeyer, (2) terwyl Willemse se ondersoek ook aangedui het dat die grootste persentasie jeugmisdadigers in die laat-puberteitstadium verkeer. Laasgenoemde ondersoek het natuurlik te doen met jeugmisdadigers wat na Verbeteringskole verwys is, en h redelike persentasie se ouderdomme val dus buite die bestek van vergelyking met die gegewens van hierdie ondersoek. (3)

Wanneer die ouderdomme van die kinders wat

/reeds

- 
- 1) Banay, Ralph S. : Op. cit. p. 35.
  - 2) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p. 176.
  - 3) Willemse, W.H. : Op. cit. pp. 12 - 13.

reeds in botsing met die gereg was, nagegaan word, tree h verdere interessante, alhoewel nie heeltemal onverwagte nie, verskynsel op die voorgrond. Dit is naamlik die feit dat die kinders wat kriminele neigings openbaar, oor die algemeen ouer is as diegene wat nog nie in botsing met die gereg was nie, soos uit die volgende tabel blyk:

TABEL XXXIV.

DIE VERSKIL IN DIE GEMIDDELDE OUDERDOMME  
VAN DIE KRIMINEEL-GENEIGDE EN DIE NIE-  
KRIMINEEL-GENEIGDE KINDERS.

GESLAG	KRIMINEEL- GENEIGDES.	NIE-KRIMINEEL- GENEIGDES.	TOTAAL
Seuns	16 jr. 9 mde.	15 jr. 2 mde.	15 jr. 11 mde.
Dogters	16 jr. 1 mnd.	15 jr. 9 mde.	15 jr. 10 mde.
TOTAAL	16 jr. 8 mde.	15 jr. 6 mde.	15 jr. 11 mde.

Die gegewens in hierdie tabel versterk die reeds bestaande mening dat h verval in jeugmisdaad vir die onbeheerbare jeugdige byna vanselfsprekend is indien daar nie betyds opgetree word nie, aangesien die krimineel-geneigdes in die gevalle van beide die seuns en die dogters, duidelik ouer was as diegene wat nog nie in botsing met die gereg was nie. Oor die totale aantal gevalle bereken, is die verskil in ouderdom een jaar en twee maande.

Omtrent die ouderdom van onbeheerbare kinders, kan dus opsommend die volgende gestel word:

- 1) Onbeheerbaarheid kom die meeste voor gedurende, en by die afsluiting van die puberteitstadium, en hang dus saam met die probleme wat die jeugdige in sy/haar puberteitsjare ondervind - h tydperk van konflikte met die ouerlike gesag, konflikte met enige ander vorm van gesag en konflikte met homself; inderdaad h tydperk van worsteling. Waar hy in hierdie tydperk sy eie lewenskoers begin soek, is hy besonder vatbaar vir suggestie, en dus waarskynlik meer as op enige ander tydstip in sy lewe, blootgestel aan verleiding.

- ii) Die dogters is oor die algemeen op h ietwat vroeër ouderdom onbeheerbaar, te wyte aan die feit dat die dogter die puberteitstadium ietwat vroeër betree as die seun.
  - iii) Die nie-kriminele onbeheerbare is oor die algemeen jonger as die krimineel-geneigde onbeheerbare. Dit is na ondersoek se mening h aanduiding dat h vervel in misdaad na alle waarskynlikheid die finale stadium van die onbeheerbare se gedrag sal wees indien nie betyds opgetree word nie.
  - iv) In enkele gevalle was die kinders nog in die vóór-puberteitstadium, dog in daardie gevalle was daar telkens heel besondere omstandighede, en verander geensins die algemene gevolgtrekking nie.
-

(c) DIE INTELLIGENSIE VAN DIE ONBEHEERBARE JEUGDIGE.

Wanneer oorgegaan word tot h bespreking van die intelligensie- of verstandsvermoë van die onbeheerbare jeugdige, is daar verskeie faktore wat in aanmerking geneem moet word. Eerstens moet in gedagte gehou word dat daar h verskil bestaan tussen die verstandsvermoë en verstandsprestasie van h kind. Die verstandsvermoë is h psigiese hoedanigheid wat in die persoonlikheid verborge lê en wat tot uiting kom in die verstandsprestasie. Dit is laasgenoemde faktor wat by mense gemeet kan word, en daar moet nie uit die oog verloor word nie dat daar faktore bestaan wat aanleiding daartoe mag gee dat die verstandsprestasie nie so hoog is as wat kragtens die verstandsvermoë moontlik is nie.

Die volgende faktore mag ondermeer h invloed uitoefen:

i) Die liggaamlike gesteldheid - h swak liggaamlike gesondheid mag remmend op die verstandsprestasie inwerk;

ii) die geestelike gesteldheid - emosioneel ongebalanseerde persone sal heel waarskynlik swakker presteer as die goed-gebalanseerde persoon;

iii) die maatskaplike omgewing - die kind van die swak omgewing met sy swak invloede, se verstandsprestasie sal hoogs waarskynlik swakker wees as die kind van die goeie omgewing. Banay toon tereg aan: "...it has come to be accepted that an intelligent child may become progressively less intelligent because of a poor environment, where as an environment that encourages intellectual development will increase the intelligence of a normally unintelligent child."<sup>(1)</sup>

Hierdie aspek van die invloed van die verstandelike gesteldheid op die gedrag van die jeug- en volwasse misdadiger, is reeds by talle geleenthede deur /sosioloog

1) Banay, Ralph S. : Op. cit. p.111.

sosioloog, kriminoloog en sielkundiges bespreek, en dit blyk dat daar weinig ooreenstemming in dié verband bestaan.

So gee Phelps h algemene omskrywing van die kind met gedragsprobleme, en verklaar: "He is mentally inferior; the median intelligence quotient of the problem boy is 75." (1) Johnson konstateer dat daar onder h aantal dogters wat as gevolg van wangedrag na inrigtings in New Jersey gekommitteer is, 66% was wat van onder-normale intelligensie was. (2)

In Engeland beweert dr. Goring dat "the one vital mental constitutional factor in the etiology of crime is defective intelligence," (3) en in Chicago verklaar Healy dat van die persoonlike karakter-eienskappe van die oortreder, "mental deficiency forms the largest single cause of delinquency." (4)

Volgens Goddard is minstens 50% van alle oortreders intellektueel minderwaardig, (5) en dr. Olga Bridgeman het gevind dat 89% van die meisies in die Geneva Inrigting, Illinois, van minderwaardige intellek was. (6) h Sielkundige van New York het verder beweert dat waarskynlik 80% van die kinders in die Jeughowe in Manhattan en Bronx verstandelik minderwaardig is, (7) en in Suid-Afrika kom Willems tot die gevolgtrekking dat jong prostitues intellektueel minderwaardig is. (8)

Talle ander navorsers het tot soortgelyke gevolgtrekkings gekom, (9) maar bogemelde aangehaalde onder-

/-soekers

- 1) Phelps, H.A. : Op. cit. p.642.
- 2) Johnson, K.B. : Meeting the Training needs of the Delinquent Girl, aangehaal deur Banay, Ralph S. : Op. cit. p.113
- 3) Goring: The English Convict, p.184, aangehaal deur Burt, C. : Op. cit. p.296.
- 4) Aangehaal deur Burt, C. : Op. cit. p.297.
- 5) Goddard, H.H. : Feeble Mindedness, Its Causes and Consequences, p.9
- 6) Aangehaal deur Goddard, H.H. : Op. cit. pp.8 - 9.
- 7) Aangehaal deur Burt, C. Op. cit. p.297.
- 8) Willems, W.A. : Op. cit. p.43.
- 9) Burt (op. cit. p.297) meld ondermeer die volgende navorsers: W.J.Hickson, Renz, Pyle, Hickman, Kohs, Gifford, Morrow, en andere.



soekers se menings behoort dit reeds duidelik te maak dat verstandelike minderwaardigheid deur verskeie outoriteite as h belangrike eienskap van die delinkwente kind beskou is. Dit is egter opmerklik dat meer resente navorsing dikwels op die teenoorgestelde dui.

Burt verklaar dat, alhoewel sommige navorsers nog beweer dat intellektuele minderwaardigheid by tussen h derde en die helfte van delinkwente kinders voorkom, sy eie ondervinding hom noop om van hierdie ondersoekers te verskil. (1) Hy het bv. gevind dat van die delinkwente kinders wat hy met die Binet-Simon-toets moes toets met die oog op h moontlike sertifisering na h spesiale skool, slegs 8% (2) intellektueel minderwaardig was.

Tappan konstateer: "More recent and careful studies have tended to show that only a small proportion of the feeble-minded are delinquent, that the average intelligence of adjudicated, and even of committed offenders, is not far below normal." (3) Ook van Rooyen het in sy ondersoek gevind dat onsedelike dogters nie intellektueel minderwaardig is nie. (4)

In hierdie ondersoek is gevind dat die kinders se intelligensie bepaal is deur middel van drie verskillende toetse, nl. die Indiwiduele Skaal, die Ou Suid-Afrikaanse Groeptoets, en die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets. Soos later verduidelik sal word, bemoelik dit die gevolgtrekkings omtrent die kinders se I.K.'s. Die verskillende I.K.'s is deur die betrokke proefbeampte van die skool verkry tydens die ondersoek van die geval, en nadat dit deur h sielkundige van die Transvaalse Onderwysdepartement vasgestel is.

/TABEL XXXV

- 1) Burt, G. : Op. cit. pp.297 - 298.
- 2) Ibid. p.300.
- 3) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.121.
- 4) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. p.24.

TABEL XXXV.

DIE INTELLIGENSIE VAN DIE JEUGDIGES  
IN HIERDIE ONDERSOEK.

I.K.	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
60 - 69	2.2%	3.0%	2.6%
70 - 79	6.7%	3.0%	5.1%
80 - 89	14.6%	13.4%	14.1%
90 - 99	20.2%	22.4%	21.2%
100 - 109	12.4%	14.9%	13.5%
110 - 119	6.7%	7.5%	7.1%
120 - 129	-	-	-
130 plus	-	1.5%	.6%
Slegs "normaal" genoteer	12.4%	4.5%	9.0%
Slegs "onder-normaal" genoteer	4.5%	-	2.5%
Nog nie geneem nie.	3.4%	-	1.9%
Nie genoteer	16.9%	29.8%	22.4%
<b>TOTAAL</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>

Uit hierdie tabel is dit eerstens duidelik dat daar weinig verskil is tussen die dogters en seuns se intelligensie sover dit hierdie ondersoek aangaan. Verder word opgemerk dat daar oor die algemeen h geleidelike styging voorkom vanaf 2.6% in die groep 60 - 69, tot die hoogtepunt van 21.2% in die groep 90 - 99. Hierna is daar h feitlike eweredige daling tot net .6% in die groep 130 plus. (Een dogter het h I.K. van 132 gehad.)

As die volgende basiese indeling gebruik word,

- nl.
- I.K. van 0 - 20 Idiote,
  - I.K. van 20 - 40 Imbesiele,
  - I.K. van 40 - 60 Morone,
  - I.K. van 60 - 80 Subnormaal,
  - I.K. van 80 - 90 Donnormaal,
  - I.K. van 90 - 110 Normaal,
  - I.K. van 110 - 120 Superieur,
  - I.K. van 120 - 140 Ekstra Superieur,
  - I.K. van 140 plus Geniaal

en die groep waar geen I.K. vermeld is nie,

/dog wat

dog wat as "normaal" of "onder-normaal" bestempel is, onderskeidelik onder "normaal" en "onder-normaal" geklassifiseer word, kan die volgende indeling gemaak word:

TABEL XXXVI.

DIE INTELLIGENSIEGESTELDHEID OP 'N NORMAAL/  
ONDER-NORMAAL BASIS BEREKEN.

	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Normaal (I.K. 90 plus)	51.7%	50.8%	51.4%
Onder-normaal (I.K. 89 minus)	28.0%	19.4%	24.3%
Nog nie geneem nie.	3.4%	-	1.9%
Nie genoteer	16.9%	29.8%	22.4%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Ons merk dus dat die grootste persentasie van die kinders se intelligensie sodanig is dat hulle as "normaal" bestempel kan word. Daar is egter h faktor wat hier die bevinding baie kan beïnvloed, en dit is die feit dat die I.K.'s, of selfs h aanduiding van die intelligensie, in 22.4% van die gevalle nie genoteer is nie. Aangesien hierdie aantal gevalle wel die finale gevolgtrekking in hierdie verband kan beïnvloed, en ten einde hierdie moontlikheid dus uit die weg te ruim, kan gestel word dat, van die gevalle waar daar wel aanduidings van die kind se intelligensie gegee is, 67.8% I.K.'s van 90 en meer gehad het, of as "normaal" beskryf is, terwyl 32.2% se I.K. minder as 90 was, of as "onder-normaal" beskryf is. Hieruit blyk dit dus dat, alhoewel die grootste groep van normale intelligensie was, daar h sterk minderheidsgroep was wat as intellektueel minderwaardig beskou kan word.

Ook hier is daar egter nou h faktor wat die aandag moet geniet, en dit is dat daar van verskillende soorte toetse gebruik gemaak is om die I.K. te bepaal,

soos voorheen gemeld. In h aantal gevalle is die naam van die toets nie gemeld nie, dog die name van die volgende toetse is in die verslae aangetref: Die Indiwiduele Skaal, die Ou Suid-Afrikaanse Groeptoets, en die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets. In Tabel XXXV is bloot die I.K. gestel soos dit gevind is, en is die verskillende toetse nie gemeld of die bevinding na een toets herlei om sodoende die toetse op dieselfde basis te kry nie. By veral grensgevalle kan hierdie verskillende toetse wel h verskil gemaak het, en die gegewens is dus nie volkome betroubaar nie. Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat die grootste persentasie van die kinders waarskynlik van normale intelligensie is.

Ten spyte van laasgenoemde stelling, asook dié van meer resente ondersoekers wat soortgelyke bevindings gemaak het en wat reeds aangehaal is, kan die feit nie weggeredeneer word nie dat intellektuele minderwaardigheid wel h rol kan speel by jouwangedrag. Soos Tappan opmerk: "...this (mental defect) is never the cause of misbehaviour, but like other deviations it imposes on the individual some handicaps to social adjustment." (1)

Burt lewer ook kommentaar hierop en verklaar dat intellektuele minderwaardigheid die kind in al sy stadia kortwiek: As jong kind mag hy bloot h instrument in die hande van ouer en soms gewetenslose persone wees; wanneer hy ouer word, meng hy, vanweë sy lae intelligensie hoofsaaklik met jonger kinders, en dit mag laasgenoemde groep nadelig beïnvloed, omrede "...the defective is not always the harmless creature he is sometimes thought." (2) Wanneer hy in sy adolesensiejare verkeer, is hy h volwassene tussen kinders, en h kind tussen volwassenes, met die gevolg dat hy met niemand op gelyke voet kan meng nie.

/Die gevolg

1) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.121.

2) Burt, C. : Op. cit. p.307.

Die gevolg is dat hy as h reel h eensame en geïsoleerde persoonlikheid is, en, met niks wat hom aan die samelewing bind nie, is dit nie vreemd om te vind dat sulke gevalle soms in antisosiale gedragswyses verval nie.

Ter illustrasie van die woorde "...the feeble-minded delinquent is easily captured. He is the foredoomed scapegoat,"<sup>(1)</sup> kan die volgende voorbeeld gemeld word wat tydens hierdie ondersoek teëgekomp is:

P. was die leier van h klein delinkwente eendstertbende in Pretoria. (Hyself is gekommitteer voor 1 Maart 1957 en val dus nie binne die bestek van hierdie ondersoek nie, dog sy bendelede is later na inrigtings verwys, en is wel in die ondersoek opgeneem ). Hy was geensins h sterk seun sover as wat dit die fisiese betref nie; trouens, sy een been was ietwat korter as die ander een as gevolg van h motor-ongeluk. Fisies was sy bendelede feitlik sonder uitsondering groter en sterker as hy, en dit het dan ook vreemd voorgekom dat hy in h mensegroep waar vertoon van fisiese krag h belangrike attribute is, daarin kon slaag om homself te laat geld en trouens nog die bende as leier ook voorgegaan het. Toe hy by geleentheid vir die soveelste keer voor die hof verskyn het op h kriminele klag, is hy na h Inrigting verwys op aanbeveling van die proefbeampte. Laasgenoemde se ondersoek het aan die lig gebring dat die seun h I.K. van 132 gehad het, terwyl sy adjudant se I.K. 113 was, en die twee ander lede 98 en 77 onderskeidelik. Dit het geblyk dat hy die argitek van die groep se wandade was, terwyl die ander lede hoofsaaklik die "vuilwerk" moes doen. Hierdie is dus h geval waar die intellektuele minderwaardige h maklike prooi vir die intellektueel-meerderwaardige geword het.

Ter afsluiting van hierdie onder-afdeling kan

/gestel

1) Banay, Ralph S. : Op. cit. p.114.

gestel word dat, alhoewel die gegewens aantoon dat die meerderheid van kinders van normale intelligensie is, daar in gedagte gehou moet word: i) dat die I.K.'s in h groot aantal gevalle nie genoteer is nie; ii) dat die betrokke proefbeampte tog in h aantal gevalle h onskrywende aanduiding van die kind se verstandsvermoë gegee het sonder om werklik h toets te neem - hierdie onskrywing van die proefbeampte mag in baie gevalle nie heeltenal korrek wees nie, in iedere geval nie vir die klassifikasie in h ondersoek soos die onderhawige nie; iii) dat selfs waar die I.K. vermeld is, die naam van die toets nie altyd geneld is nie, en daar in iedere geval van drie verskillende soorte toetse gebruik gemaak is om die I.K.'s te bepaal.

Hierdie drie faktore veroorsaak dat die gegewens sover dit die aspek van intelligensievermoë van die onbeheerbare jeugdige in hierdie ondersoek aangaan, nie besonder betroubaar is nie, en dat geen verdere gevolgtrokkings derhalwo gemaak word nie.

---

(d) SKOLASTIESE PEIL EN SKOOLBESOEK:

h Ander aspek wat aandag geniet het tydens hierdie ondersoek, is die skolastiese peil wat die kinders bereik het. Dit hang nou saam met die voorafgaande gedeelte omtrent die intelligensievermoë van die kinders, omdat minderwaardige intellektuele vermoë die skolastiese vordering mag vertraag en selfs probleme in die skool veroorsaak indien daar nie versigtig deur die betrokke owerhede opgetree word nie. h Kind wat weens intellektuele onvermoë nie daarin kan slaag om homself op die skoolbanke te laat geld nie, mag maklik belangstelling in sy skoolwerk verloor. Dit kan nie alleen lei tot stokkiesdraaiery nie, maar ook tot gevolghê dat, in plaas daarvan dat daar smiddae tyd bestee word aan huiswerk, daar doelloos in die strate rondgedrentel word, of die tyd in bioskope verwyd word. Dadelik moet daar natuurlik bygevoeg word dat intellektuele minderwaardigheid nie as enigste rede vir stokkiesdraaiery of wanaanpassings in die skool beskou kan word nie, alhoewel dit nie weggeredeneer kan word dat dit wel h invloed daarop kan uitoefen nie.

Wat die skolastiese peil van die kinders in hierdie ondersoek betref, is die volgende gegewens ingesamel:

TABEL XXXVII.

DIE SKOLASTIESE PEIL VAN DIE JEUGDIGES IN  
HIERDIE ONDERSOEK.

KLAS	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Reeds gewerk	36.0%	22.4%	30.2%
St. 9	1.1%	-	.6%
St. 8	2.2%	4.5%	3.2%
St. 7	16.9%	29.8%	22.4%
St. 6	14.7%	17.9%	16.0%
St. 5	5.6%	3.0%	4.5%
St. 4	2.2%	-	1.3%
Laer as st. 4 (1)	4.5%	-	2.6%
Spesiale klas	5.6%	1.5%	3.8%
Wil nie skoolgaan nie en werk nie.	2.2%	4.5%	3.2%
Nie genoteer	9.0%	16.4%	12.2%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

TABEL XXXVIII.

DIE VERSKIL IN SKOLASTIESE PEIL VAN DIE KRI-  
MINEEL - EN NIE-KRIMINEEL-GENEIGDE KINDERS.

KLASSE	KRIMINEEL- GENEIGDES	NIE-KRIMINEEL GENEIGDES	TOTAAL
Reeds gewerk	49.0%	21.5%	30.2%
St. 9	2.0%	-	.6%
St. 8	-	4.7%	3.2%
St. 7	20.5%	23.3%	22.4%
St. 6	10.2%	18.7%	16.0%
St. 5	2.0%	5.6%	4.5%
St. 4	-	1.9%	1.3%
Laer as st. 4 (1)	-	3.7%	2.6%
Spesiale klas	2.0%	4.7%	3.8%
Wil nie skoolgaan en werk nie	4.1%	2.8%	3.2%
Nie genoteer	10.2%	13.1%	12.2%
- TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

1) In hierdie gevalle is daar nie in die verslag gemeld watter peil in ooreenstemming met die gewone klasse, bereik is nie.



Volgens hierdie gegewens blyk dit dat h groter persentasie seuns as dogters reeds gewerk het (36.0% teenoor 22.4%), en dat in beide die seuns en die dogters se gevalle, die grootste persentasie in standerd ses of sewe was. By die vergelyking van die gegewens betreffende die jeugmisdadige groep en die nie-krimineel-geneigdes, het h baie groter persentasie van eersgenoemde groep reeds gewerk as laasgenoemde groep. Die toedrag van sake kan verwag word, aangesien, soos vroeër uiteengesit is, die krimineel-geneigde groep oor die algemeen ouer was as die nie-krimineel-geneigde groep.

Daar is weinig vergelykende gegewens beskikbaar omtrent die skolastiese peil van delinkwente kinders, omdat dit opsigsself selde, indien ooit, h oorsaak van wangedrag is. Faktore wat baie nou saamhang met die skolastiese peil, soos intelligensie, ouderdom en tot h mindere mate stokkiesdraaiery, is reeds behandel of sal nog aandag geniet, en hierdie faktore mag wel h invloed uitoefen op die kind se gedrag.

Dit is dus duidelik dat die skolastiese peil as sodanig van weinig betekenis in h oorsaaklike verband van jeugwangedrag, is, en dat dit die samehangende faktore is, wat reeds genoem is, wat hier van belang is. Die skolastiese peil word hier derhalwe slegs volledigheidsonthalwe genoem.

h Faktor wat ook van betekenis hier kon gewees het, is die aanpassing in hulle werk van diegene wat nie meer op skool was nie, dog ongelukkige is die verslae, op enkele uitsonderings na, baie onvolledig wat dit betref, en kan dit dus beswaarlik wetenskaplik geklassifiseer word sonder om moontlike wanbegrippe te skep.

Wanneer oorgegaan word tot die bespreking van die kinders wat nog op skool was, se skoolbywoning, m.a.w. die invloed van stokkiesdraaiery, word die volgende bevind:

TABEL XXXIX.

DIE SKOOLBYWONING VAN DIE JEUGDIGES  
WAT IN DIE ONDERSOEK OPGENEEM IS.

AARD	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Gereeld	13.6%	17.9%	15.4%
Redelik gereeld	9.0%	13.4%	10.9%
Ongereeld	36.0%	32.8%	34.6%
Nie meer op skool	38.2%	26.9%	33.3%
Nie genoteer	3.4%	9.0%	5.8%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

h Kind wat "ongereeld" die skool bygewoon het, is geneem as h kind wat dikwels afwesig was, sonder dat h aanvaarbare rede soos bv. siekte, aangevoer kon word; die skool is "redelik gereeld" bygewoon wanneer dit af en toe, dog nie gereeld, gebeur het dat die kind sonder voldoende rede afwesig was nie. Diene wat die skool dus "ongereeld" bygewoon het, was stökkiesdraaiers.

Die gegewens in bogenoemde tabel dui dus aan dat 34.6% van die kinders gereelde stökkiesdraaiers was, 10.9% het af en toe stökkies gedraai en 15.4% het gereeld die skool bygewoon. Aangesien een-derde van die kinders nie meer op skool was nie, kan ons h duideliker beeld kry van die persentasie stökkiesdraaiers wanneer dié kinders wat nie meer op skool was nie, buite rekening gelaat word by hierdie berekening. Wanneer dit gedoen word blyk dit dat 51.9% gereelde stökkiesdraaiers was, 16.3% het af en toe stökkies gedraai, 23.1% het gereeld skool bygewoon, en 8.7% is nie genoteer nie. Dat slegs 23.1% van dié kinders gereeld die skool bygewoon het, dui op h ontstellende toedrag van sake en op besliste wanaanpassing in die skool.

Van Rooyen het bevind dat 50% van die 261

/onbeheerbare

onbeheerbare seuns wat vir sy ondersoek gekwalifiseer het, gereelde stokkiesdraaiers was. <sup>(1)</sup> Kvaraceus toon aan dat 54% van h delinkwente groep van 761 kinders, stokkiesdraaiers was, <sup>(2)</sup> terwyl Healy bevind het dat van 32 tot 43% van die verskillende delinkwente groepe wat hy ontleed het, hulle loopbane as stokkiesdraaiers begin het. <sup>(3)</sup>

Burt konstateer in h geklassifiseerde lys van jeugoortredings dat 17.1% seuns en 4.1% dogters kroniese stokkiesdraaiers was. <sup>(4)</sup>

Die persentasie stokkiesdraaiers onder jeugdiges van twyfelagtige gedragswyse, soos dit uit bykans elke ondersoek op hierdie terrein aan die lig kom, is voldoende bewys dat daar h sterk verband bestaan tussen stokkiesdraaiery en jeugwangedrag. Stokkiesdraaiers is dan ookal genoem "...the foster-parent of delinquency and crime," <sup>(5)</sup> "the kindergarten of crime," <sup>(6)</sup> en daar is opgemerk: "Next to theft, truancy is the commonest of all juvenile offences." <sup>(7)</sup>

In wese is stokkiesdraaiery die eerste treë-tjie op die pad na misdaad. Wanneer h kind stokkiesdraai, is hy verplig om reg van die begin af doekies om te draai en leuens te vertel. Wanneer dit die eerste keer gedoen word, mag dit miskien moeilik gaan, dog, na mate hy langer volhard in sy optrede, word dit steeds makliker om onwaarhede te vertel aangaande die feit dat hy nie by die skool was nie.

Wanneer daar na die redes vir stokkiesdraaiery gesoek word, is daar h hele aantal faktore wat betrekking het. Burt is van mening dat stokkiesdraaiery die jag-instink as basis het. <sup>(8)</sup> Die instink wat ooreenstem met

/die emosie

- 1) Van Rooyen, I.J.J. : Op. cit. p.21.
- 2) Aangehaal deur Banay, Ralph S. : Op. cit. p.50.
- 3) Aangehaal deur Phelps, H.A. : Op. cit. p. 643.
- 4) Burt, C. : Op. cit. pp. 15 - 16.
- 5) Phelps, H.A. : Op. cit. p.48.
- 6) Ibid. p.643.
- 7) Burt, C. : Op. cit. p.455.
- 8) Ibid. p.454

die emosie van vrees, is die drang om te ontsnap; volgens McDougall bestaan daar dan twee afsonderlike neigings -- om te vlug, en om weg te kruip. Eersgenoemde (die drang om te vlug) is dikwels die primêre motief vir stokkiesdraaiery.<sup>(1)</sup> "The apparent wanderer is, in fact, a fugitive."<sup>(2)</sup>

Burt meld egter nog h hele aantal faktore wat stokkiesdraaiery kan veroorsaak, naamlik swak maats, swak ouerlike dissipline, h begeerte om geld te verdien, die aantrekkingskrag van die straat, h hekel aan h bepaalde vak of les, of die feit dat die kind nie van die onderwyser hou nie. Soms gebeur dit dat daar die eerste keer bloot op die ingewing van die oomblik of weens h skielike versoeking, stokkies gedraai word, en geen diep-gewortelde motiewe is aanwesig nie. Dit kan egter ook gebeur dat die kind laat kom vir skool, en, omdat hy bevrees is vir h pak slaai draai hy stokkies. Wanneer hy eers op hierdie gevaarlike pad beweeg en daar word nie gou en dringend aan die geval aandag gegee nie, word dit h gewoonte, en die "plesier" van rondloop, maak hom gou h geharde "droster".<sup>(3)</sup>

Die voorafgaande bespreking dui ongetwyfeld daarop dat stokkiesdraaiery h hoë voorkomspersentasie vertoon by die jeugmisdadiger, die algemeen-delinkwente kind, asook die onbeheerbare kind, soos blyk uit die aangehaalde besonderhede en menings van ander ondersoekers op dié terreine, asook die gegewens in hierdie ondersoek. Verder is dit ook duidelik dat dit dikwels die eerste sigbare tekens is van delinkwensie, en die skool se rol in die voorkoming van hierdie probleem is dus dadelik sterk onderstreep.

Hierdie onder-afdeling kan afgesluit word met die woorde van Hurwitz:

1) McDougall, W. : An Introduction to Social Psychology, pp. 43 - 47. /The School

2) Burt, C. : Op. cit. p.477.

3) Ibid. p.457.

The School is the first social experiment in the "life of the child, its first controlled environment in community with large groups and so also the place where the first danger signals for its future development may be observed. Adequate measures in the case of children suffering from school maladjustments are of direct importance for the prevention of crime."

(1)

---

1) Hurwitz, S. : Op. cit. p.331.

(e) DIE AARD VAN DIE WANGEDRAG EN OORTREDINGS:

Geen bespreking omtrent die onbeheerbare jeugdige sou volledig wees sonder h verwysing na die aard van sy wangedrag en/of oortredings nie. Dit verleen onskatbare hulp by die verkryging van h geheel-beeld van die probleem.

In hierdie onder-afdeling is daar weereens onderskei tussen die krimineel-geneigde en nie-krimineel-geneigde groepe ten einde te let op welke terrein daar verskille voorkom in hulle gedragswyses. (Die persentasie wat hulle slegs aan stökkiesdraaiery skuldig gemaak het, is hier nie weer bygereken nie, aangesien dit volledig in die voorafgaande hoofstuk behandel is.)

1) Die Krimineel-geneigde groep:

TABEL XL.

DIE AARD VAN DIE WANGEDRAG VAN DIE  
KRIMINEEL-GENEIGDE GROEP.

AARD	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Diefstal	83.3%	28.6%	75.5%
Drankmisbruik	31.0%	71.4%	36.7%
Daggarokery	31.0%	-	26.5%
Sedeloosheid	4.8%	85.7%	16.3%
Homoseksualiteit	7.1%	-	6.1%
Leeglôery	7.1%	-	6.1%

( Daar moet in aanmerking geneem word dat daar slegs 7 krimineel-geneigde dogters binne die grense van hierdie ondersoek geval het.)

Met "sedeloosheid" word in hierdie onderafdeling deurgaans bedoel dat die betrokke persoon hom/haar skuldig gemaak het aan seksuele oortredings met die teenoorgestelde geslag, m.a.w. voor-huwelike geslagsomgang

Volgens die gegewens in Tabel XL uiteengesit,

/blyk dit

blyk dit dat, alhoewel sedeloosheid in 85.7% van die dogters se gevalle voorgekom het, die ooreenstemmende syfer by die seuns slegs 4.8% was. Drankmisbruik toon h hoe persentasie in beide die seuns en dogters se gevalle, terwyl daggarokery slegs by die seuns voorgekom het. Ook homoseksualiteit het slegs by die seuns voorgekom.

Bogenoemde is natuurlik die algemene aard van die wangedrag wat by die krimineel-geneigde groep gevind is. Wanneer daar slegs gelet word op die aard van die oortredings waarop die betrokke kinders in die Jeughof skuldig bevind is, word gevind dat 83.3% van die seuns hulle aan diefstaloortredings skuldig gemaak het, 19.0% aan oortredings onder die Drankwet, terwyl 14.0% skuldig bevind is op klagtes van daggarokery en/of -besit.

Wanneer die klagtes waarop die dogters skuldig bevind is, nagegaan word, blyk dit dat twee van die sewe dogters hulle aan diefstal skuldig gemaak het, een aan roof, een aan aanranding, een aan dronkenskap en een aan die verskaffing van h vals naam en adres aan h drankwinkel.

Die prentjie omtrent hierdie dogters is beslis nie mooi nie - die mees tragiese is miskien die geval van M. Sy is die tweede jongste van agt kinders, en, aangesien die vader maar slegs £45 per maand verdien het, het die gesin dit gladnie breed gehad nie. Om sake te vererger het die vader in h ernstige mate van drank misbruik gemaak, en godsdiens het hoegenaamd geen rol in die gesinslewe gespeel nie. Verder het die vader deur h té streng dissipline die orde probeer handhaaf, terwyl die moeder weer geen dissipline uitgeoefen het nie - die gevolg was h uiters oneffektiewe dissipline tuis. In hierdie huislike omstandighede moes die dogter dan opgroei. Dat sy spoedig geheel en al onbeheerbaar geword het, en in swak geselskap verval het, is lig te begryp. Sy het

/dan ook

dan ook onder die sandag van die proefbeampte gekom toe sy een oggend in die middestad van Pretoria deur die polisie gearresteer is terwyl sy hopeloos onder die invloed van drank was.

(ii) Die nie-krimineel-geneigde groep:

Hierdie groep het hulle aan die volgende vorme van wangedrag skuldig gemaak:

TABEL XII.

DIE AARD VAN DIE WANGEDRAG VAN DIE NIE-KRIMINEEL-GENEIGDE GROEP KINDERS.

AARD	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Sedeloosheid (vasgestel)	10.6%	76.7%	47.5%
Sedeloosheid (vermoedelik)	-	11.7%	6.5%
Drankmisbruik	10.6%	16.7%	14.0%
Daggarakery	8.5%	1.7%	4.7%
Homoseksualiteit	2.1%	-	.9%
Leeglêery (1)	17.0%	5.0%	10.3%
Klein diefstalle	19.1%	1.7%	9.3%

Opmerklik van hierdie gegewens is dat daar h sekerheid of h vermoede van onsedelikheid, bestaan het in altesaam 88.4% van die dogters se gevalle. Daar kan dus gekonstateer word dat onbeheerbaarheid by dogters, gewoonlik gepaardgaan met onsedelikheid. Sommige navorsers gaan dan ook so ver dat "onbeheerbaarheid" by seuns, en "onsedelikheid" by dogters in dieselfde asem gebesig word (2) asof dit aspekte is wat slegs by die twee geslagte voorkom.

- /Verdere
- 1) Sg. "petty thefts" - gevalle wat nie by die polisie aangehangig gemaak is nie, en die betrokke kind dus nie by die krimineel-geneigde groep laat klassifiseer nie, volgens die omskrywing van hierdie begrip in die Inleidende Hoofstuk.
  - 2) Vergelyk bv. die aangehaalde werk van van Rooyen - hy behandel die onsedelike dogters en die onbeheerbare seuns deurgaans apart. Ondersoeker verskil egter hier, aangesien daar, indien dit korrek sou wees, geen plek sou wees om die dogters wat onbeheerbaar was, dog nie onsedelik nie, te klassifiseer nie.




Verdere afleidings uit die voorafgaande tabel, is dat h redelike persentasie (16.7%) van die dogters hulle aan drankmisbruik skuldig gemaak het. By die seuns was klein diefstalle, leegleery, drank en sedeloosheid die vernaamste afwykings, alhoewel nie een so oorheersend was as die onsedelikheid by die dogters nie.

Alhoewel die faktor van stokkiesdraaiery nie by hierdie gegewens gemeld is nie, soos voorheen reeds gestel, word dit in die volgende grafiese voorstelling van die aard van die wangedrag by die totale aantal gevalle, volledigheidshalwe bygevoeg:

GRAFIEK V.

VERGELYKING VAN DIE AARD VAN DIE WANGEDRAG VAN DIE SEUNS EN DOGTERS IN HIERDIE ONDERSOEK.



Uit hierdie gegewens blyk dit dat: i) sover as dit die dogters betref, sedeloosheid, stokkiesdraaiery en drankmisbruik die mees algemene vorme van wangedrag is; ii) in die geval van die seuns stokkiesdraaiery, diefstal, drankmisbruik en daggarokery (in hierdie volgorde) die mees algemene afwykings is.

Wat die bevindings en menings van ander ondersoekers op die terrein van jeugmisdaad en delinkwensie betref, kan die volgende vermeld word:

Venter verskaf ondermeer die volgende gegewens in verband met die mees algemene vorme van jeugmisdaad in die Unie van Suid-Afrika in die jaar 1954: (1)

i) <u>In die groep: Seuns 17 - 20 jaar:</u>	
Cortredings van Motorvoertuigordonnansie:	40.0%
Ekonomiese misdrywe:	11.3%
Aggressiewe misdade:	6.1%
	(Persentasie van alle misdade).

ii) <u>In die groep: Seuns 7 - 16 jaar:</u>	
Oortreding van Motorvoertuigordonnansie:	31.4%
Ekonomiese misdrywe:	27.9%
Voertuigdiefstal:	4.9%
	(Persentasie van alle misdade).

iii) <u>In die groep: Dogters 17 - 20 jaar:</u>	
Oortreding van Motorvoertuigordonnansie:	35.8%
Ekonomiese misdrywe:	8.7%
Dronkenskap, drank, verdowingsmiddels:	3.0%
	(Persentasie van alle misdade).

iv) <u>In die groep: Dogters 7 - 16 jaar:</u>	
Oortreding van Motorvoertuigordonnansie:	25.7%
Ekonomiese misdrywe:	13.8%
Aggressiewe misdade:	4.8%
	(Persentasie van alle misdade).

(Die kwessie van onsedelikheid kom hier gladnie voor nie - hoofsaaklik omdat kinders selde indien ooit in h kriminele hof op so h aanklag verskyn, terwyl die bostaande gegewens alleenlik betrekking het op jeugdiges wat in h kriminele hof op die gemelde klagtes skuldig bevind is.) Die gegewens verskil ook verder van dié in die onderhawige ondersoek in soverre oortredings van die

-----  
1) Venter, J.D. : Die Omvang van Jeugmisdaad in Suid-Afrika. h Ontleding van die vraagstuk aan die hand van beskikbare gegewens, hoofstuk VI, Tabel 51, p.66. /motorvoertuig-

Motorvoertuigordonnansie in al vier die ouderdomsgroepe die hoogste voorkomspersentasie vertoon, terwyl dit by die onbeheerbares in hierdie ondersoek gladnie voorgekom het nie.

Burt se bevinding in hierdie verband is soos

(1)  
volg:

SOORT WANGEDRAG	PERSENTASIE SEUNS	PERSENTASIE DOGTERS
Geslagtelike wangedrag	24.4	49.6
Liggaamlike geweldpleging teen persone	19.5	8.4
Kwaadwillige reaksies sonder geweld	11.2	26.7
Eiendomsbeskadiging	10.6	1.4
Diefstal	78.9	43.3
Inbraak	3.3	-
Bedelary	7.3	2.7
Swendelary en vervalsing	2.4	-
Stokkiesdraaiery en drostery vanaf ouerhuis	39.9	19.8
Selmoordpoginge en dreigemente daartoe	-	4.1
Leuenagtigheid	4.9	13.6

Alhoewel hierdie gegewens baie meer volledig is as dié in hierdie ondersoek, is dit tog opmerklik dat by die dogters geslagtelike wangedrag by h groot persentasie voorkom, en h groot persentasie diefstalgevalle by die seuns. Wat dit betref, toon dit dus besliste ooreenkoms met die gegewens uiteengesit in Tabelle XL en XLI.

Elliott en Merrill haal gegewens aan wat aantoon dat, in die geval van seuns, diefstal by verre na die hoogste voorkomspersentasie vertoon (53%), terwyl by die dogters onbeheerbaarheid en geslagtelike wangedrag die meeste voorkom. (2)

Die ondersoeksters gee egter toe dat "most cases of incorribility among girls, however,

/are really

1) Burt, C. : Op. cit. pp. 15 - 16.

2) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. pp. 105 - 106.

are really instances of sex irregularity." <sup>(1)</sup> Dit bring dus mee dat die voorkonspersentasie van geslagtelike wangedrag by die dogters eintlik hoër is as die 19% wat deur die navorsers aangegee word.

Faris verklaar: "About 80% of the delinquents are boys and most of these are brought to the court for stealing and destructiveness. The majority of girls are involved in ungovernability, running away and sex offences...." <sup>(2)</sup> terwyl Bergel beweer dat "the two serious offences most frequently committed by juveniles are theft (boys) and sex offences (girls)" <sup>(3)</sup>

Volgens die voorgaande bespreking blyk dit dat die gegewens van hierdie ondersoek feitlik geheel en al ooreenstem met dié van ander navorsers op die terrein van jeugwangedrag sover dit die aard van die wangedrag betref. Deurgaans vorm diefstal in die geval van die seuns, en onsedelikheid in die geval van die dogters, die mees algemene faktore.

Alhoewel onsedelikheid h hoër persentasie by die dogters vertoon en h betreklike lae persentasie by die seuns, is dit vir ondersoeker gladnie h uitgemaakte saak dat daar in werklikheid nie meer seuns is wat hulle wel aan sodanige gedrag skuldig maak nie. Die rede vir hierdie stelling is dat, netsoos in prostitusie-sake, die meisie dadelik as "onsedelik" bestempel word terwyl die seun of man wat die daad saam met haar gepleeg het en dus ewe skuldig is, enige publisiteit vryspring en sonder die brandmerk van "onsedelikheid" rondstap. Dit is natuurlik waar dat van die dogters in hierdie ondersoek met volwasse mans seksuele oortredings kon gepleeg het, en nie noodwendig met seuns van hulle eie ouderdom nie, dog dit is ondersoeker se mening dat h groot aantal van hulle wel

/met seuns

1) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.105.

2) Faris, R.E.L. : Op. cit. p.198.

3) Bergel, E.E. : Op. cit. p.394.

met seuns van hulle eie ouderdom geslagsverkeer hou, en dié seuns verkry nie altyd die "onsedelik"-uithangbord nie. Aangesien dit egter bloot h spekulatiewe mening is, moet volstaan word met die bevinding soos vroeër uiteengesit, dog die bogemelde feit kan tog in gedagte gehou word by die interpretasie van die gegewens.

Uit die gegewens in Tabel XL en Tabel XLI word dit opgemerk dat daar h betreklike hoë persentasie seuns en dogters is wat hulle aan drankmisbruik en daggarokery skuldig gemaak het, nl. i) sover dit drankmisbruik aangaan, 31.0% en 71.4% by die krimineel-geneigde seuns en dogters onderskeidelik, en 10.6% en 16.7% in die onderskeie groepe by die nie-krimineel-geneigde kinders, en ii) wat daggarokery betref, 31.0% en 0% by die krimineel-geneigde groep en 8.5% en 1.7% by die nie-krimineel-geneigde groep. Alhoewel nie een van hierdie twee vorme van wangedrag ho aan die lys van algemene vorme voorkom nie, vertoon dit tog telkens h betreklike hoë persentasie.

Die demoraliserende invloed van alkohol en h verdowingsmiddel soos dagga, is welbekend. Dit verswak ongetwyfeld die selfbeheer van die mens (en nog meer so van die kind), in h tydvak waarin selfbeheer absoluut noodsaaklik is in die komplekse lewe wat ons lei. Selfbeheer is die basis van morele ontwikkeling - daarsonder is morele beginsels geneig om te verdwyn. Vir die jeugdige is dit dus van akute belang, omdat "the more a man drinks, the less self-control he has.... It is pathetic to see girls and young women, in particular, lose their self-control under the influence of a couple of drinks." (1)

Die misbruik van alkohol verswak nie net die morele weerstand van die mens nie, dog open ook die deur tot die verborge innerlike drange en verwyder tot h groot mate enige verbod op of kontrole van daardie drange. Dit

-----  
1) Rickey, Henry A. : Youth and Alcohol, p.13. /verswak

verswak dus die mens se vermoë om versoeking te weerstaan.

Nou moet dit duidelik gestel word dat drank-  
misbruik nie noodwendig tot oortredings lei nie, maar,  
soos Rickey dit stel: "Getting drunk may not lead to  
crime, but it may stimulate the appetites and needs and  
remove the control and thus make crime more apt to result."<sup>(1)</sup>

Die kwessie van daggarokery kom eintlik op  
dieselfde neer as wat hierbo van drankmisbruik gestel is -  
dit veroorsaak ook h gevoel van bedwelmdheid, roekeloos-  
heid en brutaliteit, wat ongetwyfeld tot uiterste nadele  
van die roker kan strek. "These cigarettes...have  
been responsible for starting many of our adolescents  
on the road to crime."<sup>(2)</sup>

---

1) Rickey, Henry A. : Op. cit. p.14.  
2) Braude, J.M. : Op. cit. p.195.

(f) DIE GEBOORTEPOSISIE VAN DIE ONBEHEERBARE KIND.

Die geboorteposisies van die jeugdiges wat in hierdie ondersoek opgeneem is, was as volg:

TABEL XLII.DIE GEBOORTEPOSISIES VAN DIE JEUGDIGES  
IN HIERDIE ONDERSOEK.

GEBOORTEPOSISIE	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Oudste	23.6%	22.4%	23.1%
Middel	58.4%	55.2%	57.1%
Jongste	13.5%	14.9%	14.1%
Enigste	3.4%	4.5%	3.8%
Nie genoteer	1.1%	3.0%	1.9%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

Dit word dus opgemerk dat die grootste persentasie van die kinders middelgeborenes was, terwyl ongeveer h vyfde oudste kinders was, 14.1% jongste kinders en 3.8% die enigste kind.

Volgens Folsom is daar reeds talle ondersoekte gedoen om te bepaal of die posisie van geboorte van die kind van enige belang is by die bepaling van wangedrag. Bogemelde ondersoeker stel dit dan ook dat kindersielkundiges voor 1900 geteoretiseer het dat die enigste kind nadelig beïnvloed word in die ouerhuis. In 1898 het Bohannon h studie hiervan gemaak, dog daar is vasgestel dat sy metodes verkeerd en sy bevindings nie wetenskaplik was nie. Verskeie navorsers het daarna pogings aangewend om die probleem te ontleed, bv. Goodenough en Leahy, asook Levy. Die gevolgtrekkings was dat daar wel sekere psigiese verskille in kinders te bespeur is wat verskillende geboorteposisies inneem.

/So het

So het Maller in 1931 gevind dat enigste kinders uitblink in intelligensie, morele kennis, eerlikheid en kulturele agtergrond. Rosenow het alreeds in 1930 verklaar dat daar h groter moontlikheid bestaan dat die oudste kind h kliniese geval kan word, as die kinders in ander geboorteposisies. Studies deur Stuart (1926) en Wile en Noezel (1931) het gefaal om aan te toon dat daar enige besliste verband bestaan tussen wanaanpassing en die geboorteposisie van die betrokke kind. (1)

Tappan gee ook kortliks aandag aan hierdie aspek van die delinkwente jeugdige, nl. die verband tussen die geboorteposisie en wanaanpassing, dog verklaar:

"If any such relationship exists, it is not very significant." (2)

Willemse het weer 152 gevalle van jeugmisdadigers ondervra, en vasgestel dat 6 enigste kinders was, 38 was oudste kinders en 28 jongste kinders - h totaal dus van 72 of ongeveer 50% van die totale aantal gevalle. (3) Dit stem tot h groot mate ooreen met die gegewens in hierdie ondersoek.

Burt verklaar in hierdie verband:

Finally, it is surprising to notice how, "again and again, the delinquent is the only child in his family. Often, if not actually the only one at the time of the inquiry, he has been so during his earlier years: he is the eldest, and his brothers and sisters are late additions and still tiny. Or again, he himself may be the only child in another sense: he is the youngest of the family and all the other offspring of his parents are grown up and so no longer children." (4)

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dus dat daar groot verskille tussen navorsers bestaan omtrent die werklike invloed van die geboorteposisie van

- /die kind
- 1) Hierdie navorsers word aangehaal deur Folsom, J.K. : The Family and Democratic Society, pp. 330 - 331.
  - 2) Tappan, Paul W. : Op. cit. p.140 (voetnota).
  - 3) Willemse, W.A. : Op. cit. p.19.
  - 4) Burt, C. : Op. cit. p.95.



die kind op sy gedrag. Die bevinding van Burt, Willemse en hierdie ondersoek dui egter daarop dat, sover dit jeugmisdadigers, delinkwente kinders in die algemeen en onbeheerbare kinders betref, h betreklike groot persentasie oudste, jongste of enigste kinders was, dog dit los nog nie die vraag op of dit wel van betekenis is vir die gedragswyse van die kind nie.

Von Hentig verklaar dat daar h paar redes aangevoer kan word waarom die oudste kind moontlik nadelig beïnvloed kan word, nl. die feit dat die ouers nog onervare is sover dit die opvoeding van die kind betref, die feit dat hulle die kind mag bederf, of ook dat die oudste kind as h reël swakker gesondheid geniet as die (1) ander kinders, soos bewys deur Karl Pearson in 1914. Cole haal die navorser Schmidt aan wat verklaar het dat die jongste kind onbevoeg voel om met die ouer kinders te (2) kompeteer, en die oudste verwaarloos voel.

Wat die enigste kind betref, verklaar von Hentig dat hierdie kind moontlik óórbeskerm kan word, (3) wat moontlik reperkussies in die kind se gedrag kan hê, terwyl Cole o.m. beweer dat die enigste kind outomaties beroof word van konstante kontak met ander kinders, en voortdurend in volwasse teenwoordigheid en geselskap verkeer. Verder is die neiging altyd by die ouers aanwesig om die enigste kind te bederf en te óórbeskerm. Dit kan weer tot probleme lei. "The only child who is over-protected is sure to have difficulties in school, since neither his teacher nor his age-mates are going to give him the treatment he receives at home." (4)

Bogemelde navorsers het dus gepoog om te bewys dat sommige geboorteposisies wel h nadelige invloed op die kind se gedragswyses kan uitoefen, dog in die /oorgrote

- 1) Hentig, H. von : Op. cit. pp. 27 - 29.
- 2) Cole, Luella : Op. cit. p.441.
- 3) Hentig, H. Von : Op. cit. p.27.
- 4) Cole, Luella : Op. cit. p.442.

oorgrote meerderheid van die gevalle oortuig hierdie menings, na ondersoeker se mening, gladnie. Dit mag bv. in enkele gevalle waar wees dat die ouers, weens gebrek aan ondervinding, h oudste kind nie volledig toegereus die lewe instuur nie - uit die voorafgaande hoofstukke kan egter h duidelike beeld verkry word omtrent die stadium in die kind se lewe wanneer delinkwensie die meeste voorkom, nl. die puberteitstadium, en dit is beswaarlik moontlik dat die ouer na bv. vyftien jaar nog nie genoeg ondervinding opgedoen het om die kind na behore op te voed nie, as dit dan die enigste faktor is wat wel ter sake sou gewees het. (Ons het reeds gesien dat dit nie die geval is nie, m.a.w. daar is altyd meer as net een faktor wat betrokking het.)

Dieselfde is waar in die geval waar verklaar word dat die enigste kind óórbeskerm word, en dit tot probleme kan lei - dit word toegegee dat óórbeskerming gladnie die gewenste toedrag van sake is nie, en dat enigste kinders moontlik in h meer geskikte posisie verkeer om daardeur getref te word. Dit laat egter dan nog h aantal ander vrae onbeantwoord, nl. dat óórbeskerming nie noodwendig beperk is tot die enigste kind nie, dog dat dit ewe-maklik by die middelgeborene groep kan voorkom, dat alle enigste kinders nie óórbeskerm word nie, ens. Dit is dus baie duidelik dat, waar die kind in h bepaalde posisie in die gesin gebore word en hy wangedrag oplewer, dit oenskynlik moontlik aan die geboorteposisie toegeskryf kan word, dog dat daar beslis ander faktore ook aanwesig moet wees.

Neumeyer se verklaring is vir ons dus meer aanneemlik:

/ " The explanation

The explanation of the differences in "delinquency ratios for children in various sibling positions may lie in the roles that children play in family life. The order of birth and the relation to other siblings may have significance, but one must reckon with other factors. The younger children may not be old enough to commit delinquencies. The condition of the home may change, because of the death of a parent, a change in economic status, changing habits of parents, a difference in affection given the various children, and many other factors." (1)

Die slotopmerking wat hier gemaak kan word, is dus dat daar weinig, indien enige, gedragsbepalende moontlikhede in die geboorteposisie van die kind as sodanig bestaan, en die volgende mening van Folsom word dus heelhartig onderskryf:

When one tries to correlate 'oldest child' with 'aggressiveness', one is trying to relate two concepts, each of which includes a great many different things, hence it is not surprising that results should be contradictory." (2)

- 
- 1) Neumeyer, M.H. : Op. cit. pp.129 - 130.
  - 2) Folsom, J.K. : Op. cit. p.331.

(g) DIE GESONDHEID VAN DIE ONBEHEERBARE KIND.

When the Lombrosian doctrine was still a "reputable theory, considerable importance was attached to physical defects as causal factors in delinquent conduct. Evidence still indicates that physical handicaps occur more frequently among delinquents than among non-delinquents."

(1)

Hierdie woorde van Elliott en Merrill maak dit reeds duidelik dat die gesondheid of fisiese defekte van die kind, deur sommige navorsers in oorsaaklike verband gebring word met die gedrag van die kind. Dat die gesondheid van die kind wel tot h mate verband kan hou met sy gedrag, is h feit wat nie lig oor die hoof gesien kan word nie. So beweer Neumeyer dat vroeë seksuele wangedrag by dogters toegeskryf kan word aan fisiese óórontwikkeling, terwyl kinders wat onderontwikkeld is, hulle weer aan wangedrag mag skuldig maak as kompensasie vir hulle fisiese swakheid. Kinders wat bv. h spraak-, gesigs-, of gehoorgebrek het, of wie se uiterlike deur onaansienlike snye en merke bederf word, kan hulle ook tot delinkwente gedrag wend as kompensasie vir h klaarblyklik onuithoudelike toestand. Ook is dit bekend dat h toestand van ongebalanseerdheid van die hormone, nou verband hou met die individuele gedragswyses.

Dat hierdie bogemelde siektes en defekte wel tot h mate verband kan hou met delinkwensie, sal nie sondermeer verwerp word nie, dog ondersoeker is van mening dat daar baie meer faktore as net die bloot fisiese op die spel is, en kan dus nie aanvaar dat fisiese defekte of siekte as sodanig, delinkwensie tot gevolg kan hê nie.

Alhoewel Elliott en Merrill die feit konstateer dat daar klaarblyklik h groter persentasie delinkwente jeugdige is wat gebuk gaan onder fisiese defekte as nie-

- 1) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. pp. 125 - 126.  
2) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.67.  
3) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.126.  
4) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.68.

delinkwente kinders, verklaar hulle verder: "There is no reason to suppose that the delinquency is caused by these defects. We are much safer in inferring that both the delinquency and the physical handicaps are the products of poverty, neglect, and generally undesirable home situations." (1) Hierdie stelling word heelhartig deur Neumeyer onderskryf. (2)

Dit word dus opgemerk dat daar, sover as wat dit delinkwente jeugdiges in die algemeen betref, klaarblyklik h redelike persentasie is wat fisies nie heeltemal normaal is nie. Die volgende tabel gee h aanduiding van hoedanig die toedrag van sake met betrekking tot die onbeheerbare kind in hierdie ondersoek was: ("Goeie" gesondheid word bedoel as sou die kind geen fisiese gebreke hê nie, en liggaamlik baie gesond is; met h "redelike" gesondheid word bedoel dat daar in die betrokke gevallestudieverslag gestel is "die kind het soms las van asma," of "sy ondervind soms las van haar bene", ens., dus nie h permanente fisiese defek nie; wanneer van "swak" gesondheid gepraat word, word bedoel dat die kind een of ander permanente liggaamlike gebrek het, of voortdurend las van sy/haar gesondheid ondervind):

TABEL XLIII.

DIE GESONDHEIDSTOESTAND VAN DIE JEUGDIGES  
IN HIERDIE ONDERSOEK.

GESONDHEIDSTOESTAND	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Goed	87.7%	77.6%	83.3%
Redelik	6.8%	3.0%	5.1%
Swak	2.2%	6.0%	3.9%
Nie genoteer	3.3%	13.4%	7.7%
TOTAAL	100.0%	100.0%	100.0%

/Slegs

1) Elliott, M.A. en Merrill, F.E. : Op. cit. p.126.  
2) Neumeyer, M.H. : Op. cit. pp.68 - 69.

Slegs 9% van die totale aantal gevalle waar die gesondheidstoestand genoteer is, het dus tot h mindere of meerdere mate gesondheidsprobleme ondervind. Dit toon h baie groot verskil met die bevinding van h ondersoeker soos Burt. Laasgenoemde het in sy ondersoek gevind dat bykans 70% van die delinkwente kinders een of ander fisiese defek gehad het, en bykans 50% het dringende mediese behandeling nodig gehad.<sup>(1)</sup>

Nou moet dit duidelik gestel word dat Burt h besondere deeglike studie van die kind se gesondheidstoestand gemaak het, en toestande van bv. akute tandpyn, mangelontsteking, e.s.m. ook by die lys van fisiese defekte ingesluit het.<sup>(2)</sup> Oor die algemeen was die verslae, waaruit die gegewens vir hierdie ondersoek verkry is, nie só volledig omtrent die kind se gesondheid nie (alhoewel ernstiger siektes tog genoem is), en dit mag tot h mate die groot verskil in die bevindinge verklaar. Die verskil is egter te groot dat dit die hele gaping kan vul.

Die gevolgtrekking waartoe hier gekom word is dus dat die gesondheidstoestand van die kind, wat hierdie ondersoek in elk geval betref, nie h besondere belangrike rol gespeel het by die onbeheerbaarheid van die kind nie, aangesien slegs h klein persentasie nie in goeie gesondheid verkeer het nie. Ook moet daar steeds in gedagte gehou word dat die gesondheid van die kind nie opsigself as h oorsaak van sy delinkwente gedrag gesien moet word nie, soos Neumeyer ook in die volgende aanhaling stel:

One must be careful to differentiate between "the effects of ill-health or physical handicap per se and other factors, as low economic status, that may be associated with it."<sup>(3)</sup>

---

1) Burt, G. : Op. cit. p.249.  
2) Ibid. p.250.  
3) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.70.

---

HOOFSTUK V.

SLOTOPMERKINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

---

Uit die voorafgaande uiteensetting van die bevindinge van die ondersoek kan h betreklike duidelike beeld gevorm word van die verskillende kenmerke van die onbeheerbare jeugdige, wat sowel sy persoonlike as huislike agtergrond betref. In Hoofstuk II is ook aangetoon watter historiese faktore aanleiding gegee het tot die groot mate van verbroekeling van die gesinsbande in ons kontemporêre samelewingstruktuur, wat die hele probleem in h duideliker lig stel.

Die volgende belangrike gevolgtrekkings kan gemaak word.

(a) DIE OORSAKE VAN MISDAAD EN JEUGWANGEDRAG:

Sonder om uit te wei oor die verskillende (veral historiese) teorieë omtrent die veroorsaking van misdaad en jeugwangedrag, wys ons daarop dat ons in hierdie ondersoek sterk bevestiging vind van die teorie van Menigvuldige Oorsaaklikheid. ("Multiple Causation").

Hierdie teorie, wat onderskryf word deur die bevindinge van talle navorsers op die terrein van delinkwensie, dien as vernaamste teenvoeter vir die sg. Enkel Teorieë wat misdaad en delinkwensie aan een enkele faktor wil toeskryf. Soos Sheldon Glueck dit stel:

At the outset it must be recognised that we "are faced with a hierarchy of causal influences..... There is a natural urge among thinkers to find one beautifully simple explanation for a multiplicity of complex factors and forces. They seek intellectual security and aesthetic symmetry, they search for a philosopher's stone. But while this attitude may have resulted in the brilliant theories of Newton and Einstein, I doubt whether this

search for the very highest abstraction in a hierarchy of causal factors will produce much of value in the study of crime, or indeed in the study of any important social phenomenon involving the behaviour of human beings."

(1)

Mihanovich verklaar: "More and more it is becoming an accepted conclusion in the study of delinquency, that the causes or factors conducive to misbehaviour are multiple, complex, and interactive," (2) terwyl Healy en

Bronner beweer dat "delinquency is the result of an interplay and a sequence of causes even in the individual case...." (3)

Volgens Burt is "crime....assignable to no single universal source, nor yet two or three: it springs from a wide variety, and usually from a multiplicity, of alternative and converging influences." (4) Willemse ver-

klaar ook dat "causal conditions are usually complex..." en dat daar dus van "multiple determination" gepraat moet word. (5)

Dieselfde mening word ook gehuldig deur Roucek en Warren, (6) Tappan, (7) Gillette en Reinhardt, (8) e.a.

Dit is dus duidelik dat, wat jeugwangedrag in die algemeen en jeugmisdaad betref, navorsers tot die gevolgtrekking gekom het dat daar telkens 'n aantal faktore is wat in ag geneem moet word, en wat 'n belangrike rol speel wanneer daar met sulke jeugdiges in aanraking gekom word.

Uit die voorafgaande hoofstukke het ons gesien dat daar, met 'n enkele uitsondering hier en daar (bv. die kind se gesondheid), groot ooreenkoms te bespeur is tussen die gegewens van hierdie ondersoek en ander ondersoekers.

1) Glueck, Sheldon : Crime Causation. (Artikel in die National Probation and Parole Association, Yearbook, 1941, pp.88 - 89. /Onbeheerbaarheid)

2) Mihanovich, C.S. : Op. cit. p.35.

3) Aangehaal deur Mihanovich, C.S. : Op. cit. p.35.

4) Burt, G. : Op. cit. p.599.

5) Willemse, W.A. : Op. cit. p.108.

6) Roucek, J.S. en Warren, R.L. : Sociology, p.137.

7) Tappan, Paul W. : Op. cit. pp.75 - 76.

8) Gillette, J.M. en Reinhardt, J.M. : Op. cit. p.665.



Onbeheerbaarheid, delinkwensie in die algemeen en jeugmisdaad word dus hoofsaaklik gekarakteriseer deur agtergrondsfaktore wat h groot ooreenkoms vertoon. Inderdaad kan die stelling dus gemaak word dat die onbeheerbare jeugdige, die algemeen delinkwente jeugdige en die jeugmisdadiger dus voëls van enersere vere is, as't ware slegs h verskillende variasie op dieselfde tema. Dit is dus nie slegs persoonlike faktore wat veroorsaak dat h kind nie deur sy ouers beheer kan word nie (soos somtyds beweerd word nie), dog net soos in die geval van die delinkwente kind en die jeugmisdadiger, is daar h hele aantal faktore wat saamwerk tot die toestand van onbeheerbaarheid. Die toestand word duideliker wanneer die negatiewe faktore wat in die gesins- en persoonlike agtergrond van die onbeheerbare kind aange-tref is, saam getabuleer word.

TABEL XLIV.

NEGATIEWE FAKTORE WAT IN DIE AGTERGROND  
VAN DIE ONBEHEERBARE JEUGDIGES IN HIER-  
DIE ONDERSOEK AANGETREF IS.

FAKTOR	SEUNS	DOGTERS	TOTAAL
Geen gesonde vryetyds- besteding nie.	87.7%	85.1%	86.5%
Swak maats	61.8%	85.0%	71.8%
Swak ouerlike dissi- pline.	57.3%	61.2%	59.0%
Onvolledige huisgesin	39.3%	46.3%	42.2%
Armoede	44.9%	32.8%	39.7%
Kerkloosheid	31.4%	46.2%	37.8%
Swak gesinsverhouding	31.5%	26.9%	29.5%
Swak behuising	27.0%	29.9%	28.2%
Drankmisbruik (ouers)	24.7%	31.3%	27.5%
Swak omgewing	29.2%	23.9%	26.9%
Werkende moeder	16.9%	22.4%	19.2%
Werksku vader	21.4%	7.5%	15.4%
Immoraliteit (ouers)	13.4%	13.5%	13.4%
Kriminaliteit (ouers)	5.6%	7.5%	6.4%

By hierdie voorafgaande tabel is sekere persoonlike en huislike faktore wat nie direk in oorsaaklike verband met onbeheerbaarheid gebring kan word nie, wegge- laat - faktore soos die aard van die vader se werk, die gesin se kerkverband, die aard van die kind se wangedrag, ens. Ook faktore waar daar twyfel bestaan het omtrent die betroubaarheid van die gegewens wat gedurende die on- dersoek verkry is, soos die kind se I.K., is weggelaat.

Dit is dus duidelik dat daar h hele aantal fak- tore is wat in wisselende persentasies in die agtergrond van die onbeheerbare kind gevind is. Daar kan dus nie sprake van wees dat een enkele faktor die oorsaak van on- beheerbaarheid is nie, en ook hier moet daar dus gepraat word van Menigvuldige Oorsaaklikheid. En wanneer hierdie stelling gemaak word, word beide persoonlike en huislike faktore in gedagte gehou. Tog was dit opmerklik dat daar slegs een seun en een dogter tydens die ondersoek teëge- kom is waar daar geen negatiewe faktore hoegenaamd in die huislike agtergrond aangetref is nie, m.a.w. in slegs twee van die gevalle was daar slegs persoonlike faktore wat tot die kind se onbeheerbaarheid aanleiding gegee het, en in beide gevalle was daar sterk psigiese afwykinge aangetref. Dit dien as verdere bewys dat daar wisselwerkende faktore bestaan wat onbeheerbaarheid by die kind tot gevolg het.

Dit is egter nie slegs die koue statistieke wat bewys daarvan lewer dat onbeheerbaarheid en ons jeugpro- bleem in die algemeen nie deur een faktor teweeggebring word nie - wanneer die toestand teoreties beskou word, is dit baie duidelik dat daar altoos meer as een faktor teen- woordig moet wees. Hierdie stelling kan kortliks as volg meer volledig toegelig word:

Wanneer daar gepraat word van die "jeugprobleem" word daar bedoel dat die optrede van h bepaalde gedeelte van die jeug sodanig is dat dit h sosiale of maatskaplike /probleem

probleem geword het. h Maatskaplike probleem kan weer gedefinieer word as h "...condition of social disorganization that affects a substantial number of persons adversely, which condition is recognized by at least the competent observers in the group..."<sup>(1)</sup>

Wanneer van sosiale desorganisasie gepraat word, soos in die laasgemelde aanhaling, moet daar in gedagte gehou word dat sosiale desorganisasie nie bloot h wanaangepaste toestand in die samelewing is nie, dog dat dit hoofsaaklik h sosiale proses is; dus nie h statische toestand nie, dog h dinamiese proses. As sodanig verteenwoordig dit dus h reeks voorvalle en gebeurlikhede wat daartoe neig om die normale funksionering van persone en groepe omver te werp. "As a process of characteristic recurrent changes, it is made up of a number of individual and specific social processes, chiefly competition, conflict, social differentiation, and social mobility. These processes involve elements that work against each other and upset routine and constructive activities. The series of events often culminate in antisocial acts on the part of individuals and a breakdown of group consensus and unity. Hence, such problems as juvenile delinquency and adult crime are the outgrowth of the general process of disorganization."<sup>(2)</sup>

Samevattend kan dus gestel word i) dat jeugwangedrag h maatskaplike probleem is; ii) dat h maatskaplike probleem h toestand van sosiale desorganisasie is wat h redelike aantal persone aangaan en erken word deur bepaalde lede van die groep as h probleem; iii) dat sosiale desorganisasie nie h statiese toestand is nie, dog h dinamiese proses, en dus die gevolg is van h reeks voorvalle en gebeurlikhede; iv) dat h toestand van sosiale

-----  
/desorganisasie

1) Neumeyer, M.H. : Op. cit. p.5.

2) Ibid. p.5.

desorganisasie dus nie deur een faktor teweeggebring word nie, en gevolglik nie aan een oorsaak toegeskryf kan word nie; v) dat h sosiale probleem dus nooit deur een oorsaak verklaar kan word nie, dog dat daar van Menigvuldige Oorsaaklikheid gepraat moet word.

Dit is dus duidelik dat die jeugprobleem, (en derhalwe ook onbeheerbaarheid as h verdere fase van dié probleem, soos alreeds gestel) nooit deur slegs een faktor veroorsaak word nie. Dit is teoreties bewys, en ook fakties deur die gegewens wat in hierdie ondersoek versamel is.

(b) VERDERE GEVOLGTREKKINGS:

1. As gevolg van bepaalde faktore kom daar h groot mate van verbrokkeling van die gesinsbande in die moderne samelewing voor. Die belangrikste onder hierdie faktore is die veranderende ekonomiese en industriële toestande, die individualisasieproses, die hedendaagse huweliks- en egskeidingreëlings, die algemene verswakking van religieuse sanksies, en die ineenstorting van die primêre sosiale kontrole.

2. Hierdie toestand van verbrokkeling het noodwendig h uitwerking op die jeug en die omstandighede waarin die kinders opgroei, en moet dus in gedagte gehou word by enige bespreking en ontleding van jeuggedragstendense, ook van onbeheerbaarheid.

3. Dit kan die kind nadelig tref as die ouerhuis waarin hy moet opgroei, weens een of ander rede nie volledig is nie, m.a.w. as een of albei die ouers nie teenwoordig is nie of daar h stiefouer is. In hierdie ondersoek het 42.2% van die kinders bv. uit sulke onvolledige huise gekom, en die hoë persentasie dui beslis daarop dat dit ook die beheerbaarheid van die kind kan beïnvloed.

/ 4. Wanneer

4. Wanneer h kind in h huis moet opgroei waar die ouers voortdurend in onmin lewe, strem dit noodwendig die normale ontwikkeling van die kind en bemoeilik dit ongetwyfeld die opvoedingsproses. Wanneer die kind sien dat sy ouers voortdurend verskil, verloor hy maklik sy geloof in die voorskrifte en norms van sy ouers, en kan dit gou tot onbeheerbaarheid lei. h Totaal van 29.5% van die kinders in hierdie ondersoek was afkomstig uit huise waar daar ongunstige gesinsverhoudinge geheers het.

5. Effektiewe ouerlike dissipline is h noodsaaklike voorvereiste vir die suksesvolle opvoeding van die kind, en waar die ouerlike dissipline defektief is, is dit voor diehand liggend dat die kind kwalik deur die ouers beheer sal kan word. Die besondere hoë persentasie kinders wat in hierdie ondersoek opgeneem is en aan swak ouerlike dissipline blootgestel was (59.0%) onderskryf hierdie stelling.

6. Defektiewe dissipline beteken nie slegs dat die ouers geen dissipline uitoefen nie, dog h té streng, té swak of inkonsekwente dissipline word geklassifiseer onder defektiewe dissipline. In hierdie ondersoek was 8.2%, 86.6% en 5.2% van die kinders wat aan defektiewe dissipline onderworpe was, onderskeidelik blootgestel aan te streng, te swak en inkonsekwente ouerlike dissipline.

7. Dit is essensieel dat die ouer ook die regte voorbeeld aan die kind moet stel in die opvoedingsproses. Waar daar bv. drankmisbruik, onsedelikheid of kriminaliteit by die ouers aangetref word, verloor die kind tot h groot mate sy agting vir sy ouers, en wanneer dit eers gebeur is dit slegs h hanetreetjie na algehele onbeheerbaarheid. In hierdie ondersoek het 27.5% van die ouers periodiek of gereeld van drank misbruik gemark, in 13.4% gevalle was een of albei ouers immoreel, en in 6.4% van die gevalle het die ouers kriminele neigings gehad.

gehad.

8. Daar is ook gevind dat in 45% van die gevalle waar die ouers immoreel was, die kinders hulle ook aan onsedelike gedrag skuldig gemaak het, wat duidelik aandui dat die voorbeeld van die ouer nie slegs demoraliserend op die kind se algemeen-sedelike karakter kan inwerk nie, dog dat dit selfs daartoe kan lei dat die kind direk die ouer se voorbeeld navolg.

9. Drankmisbruik, immoraliteit en kriminaliteit aan die kant van die ouers, het in hierdie ondersoek in 79.7% van die gevalle waar dit wel aangetref is, alleenstaande voorgekom, terwyl dit in 20.3% gevalle in een of ander kombinasie aangetref is. (Die persentasie van die totale aantal gevalle waar een of meer van hierdie drie faktore aangetref is, was 41.0%).

10. h Totaal van 39.7% van die kinders in hierdie ondersoek was afkomstig uit huise waar armoede geheers het. Wanneer die ouers nie in staat is om in die primêre fisiese behoeftes van die kind te voorsien nie, moet hy noodwendig sekere voorregte soos bv. gevorderde skolastiese opleiding ontbeer. Hy moet die lewe dus onvolledig toegerus betree, en, veral as daar verdere negatiewe faktore ook teenwoordig is, kan onbeheerbaarheid h maklike gevolg wees.

11. 75.7% van die kinders in hierdie ondersoek was afkomstig uit huisgesinne waar daar vier of meer kinders was. Die oorgrote persentasie was dus produkte van groot huisgesinne. Indien die ouers nie psigies en materieel in staat is om h groot gesin te versorg nie, is dit lig te begryp dat die kind onbeheerbaar kan raak.

12. h Totaal van 28.2% van die kinders het in huise opgegroeï wat as "swak" bestempel is. Om in h huis op te groei wat slordig, onnet of oorbewoon is, en waarop die omgewing neersien, kan veroorsaak dat die kind

/h minderwaardigheids-

h minderwaardigheidskompleks kan ontwikkel ten opsigte van die omstandighede waarin hy leef, en dit kan lei tot allerlei gedragsprobleme, ondermeer ook onbeheerbaarheid.

13. Indien die moeder in die huisgesin buitenshuise arbeid verrig, kan dit ook allerlei probleme teweegbring aangesien dit nie slegs beteken dat die klein kinders sonder haar sorg moet klaarkom nie, dog dit beteken ook dat die groter kinders wat reeds in die skool is, smiddae sonder enige toesig tuis is. Dit vergemaklik die weg van ander negatiewe faktore om die kind nadelig te tref, en, die feit dat 19.2% van die moeders van die kinders in hierdie ondersoek buitenshuise arbeid verrig het, toon ook aan dat dit h invloed kan uitoefen op die feit of die ouers die kind kan beheer of nie.

14. Indien die vader werksku is, bring dit mee dat sy gesin sommige noodsaaklike lewensbehoefte moet ontbeer, en dit is beslis nie bevorderlik vir gesinstabiliteit nie. In hierdie ondersoek het 15.4% van die vaders h swak werksrekord gehad.

15. 42.9% van die vaders in hierdie ondersoek was ongeskoolde arbeiders, en 23.7% was vaklui. Die grootste persentasie van die vaders van die onbeheerbare jeugdige was dus persone wat geen noemenswaardige skoolstudiese opleiding geniet het nie, en, in die komplekse moderne samelewing, is dit h feit wat tog in gedagte gehou moet word wanneer daar van die opvoeding van die kind gepraat word.

16. Die godsdiens het maar h geringe rol gespeel in die huise waaruit die kinders in hierdie ondersoek gekom het, soos gedeeltelik bewys deur die feit dat 31.4% van die ouers slegs af en toe die kerk besoek het, en 37.8% nooit.

17. Die grootste aantal van die gesinne was lidmate van die N.G.Kerk, Hervormde Kerk, Gereformeerde /Kerk

Kerk en Apostoliese Geloofsending. Dit beteken nie dat lidmaatskap van hierdie kerke beteken dat die kinders makliker onbeheerbaar raak nie, dog dit kan verklaar word uit die feit dat die meeste gesinne in hierdie ondersoek Afrikaanssprekend was.

18. 88.5% van die gesinne het Afrikaans as huistaal gehad, en 11.5% Engels.

19. Die gemiddelde ouderdomme van die vaders en moeders was 50 jaar en 45 jaar onderskeidelik.

20 Indien die ouers te veel in ouderdom verskil met die kind, kan dit meebring dat die ouers nie meer in werklike kontak is met die moderne samelewing en sy eise nie, en dit kan probleme by die kind teweegbring. Ondermeer kan dit ook lei tot die feit dat die ouers as gevolg van hulle ouderdom, nie effektiewe dissipline kan uitoefen nie. In 9% van die gevalle het die moeder, en in 18% van die gevalle die vader, meer as veertig jaar van die kind verskil.

21. Slegs 1.9% van die ouers het aktief aan die sosiale lewe deelgeneem.

22. h Totaal van 26.9% van die kinders het in omgewings opgegroeï wat as "swak" bestempel is, en hierdie omgewings het baie invloed wat nadelig op die kind kan inwerk en eventueel daartoe kan lei dat hy die ouerlike gesag verwerp.

23. Een faktor wat besonder maklik kan veroorsaak dat die kind sy ouers se gesag nie meer wil erken nie en dus onbeheerbaar word, is swak maats. As bewys vir hierdie stelling is in hierdie ondersoek gevind dat 71.8% van die kinders swak maats gehad het.

24. Dit is ook noodsaaklik dat die kind deelneem aan gesonde en opbouwende vryetydsbesteding, aangesien dit ook deel uitmaak van die proses van karaktervorming. Dit is insiggewend dat 86.5% van die kinders geensins  
/deelgeneem



deelgeneem het aan enige sodanige vorme van vryetydsbesteding nie.

25. Die gegewens in hierdie ondersoek dui aan dat onbeheerbaarheid die meeste voorkom gedurende, en by die afsluiting van die puberteitstadium. Die dogters se gemiddelde ouderdom is ietwat laer as dié van die seuns, wat toegeskryf kan word aan die feit dat die dogter die puberteitstadium ietwat vroeër betree as die seun.

26. Die nie-krimineel-geneigde onbeheerbare is oor die algemeen jonger as die krimineel-geneigde. Dit is na ondersoeker se mening h aanduiding dat h verval in misdaad na alle waarskynlikheid die finale stadium van die onbeheerbare se gedrag sal wees indien nie betyds opgetree word nie.

27. Alhoewel die gegewens aandui dat die meerderheid van die jeugdiges van normale intelligensie was, is die gegewens, soos in die betrokke onderafdeling verduidelik, nie baie betroubaar nie, en sal daar nie enige afleidings gemaak word sover dit hierdie aspek aangaan nie.

28. 30.2% van die jeugdiges het alreeds gewerk, en die grootste persentasie van diegene wat nog op skool was, was in standerd ses en sewe (16.0% en 22.4% onderskeidelik).

29. Slegs 23.1% van die kinders wat nog op skool was het die skool gereeld bygewoon. Dit dui ongegetwyfeld daarop dat onbeheerbaarheid by die ouerhuis ook in die skoolgedrag en -aanpassing h uitwerking het.

30. By die krimineel-geneigde groep was diefstal, drankmisbruik en daggerokery (in hierdie volgorde) die mees algemene vorme van wangedrag, terwyl sedeloosheid en drankmisbruik die mees algemene by die krimineel-geneigde dogters was. By die nie-krimineel-geneigde seuns, het klein diefstalle (nie aan polisie gerapporteer), leeglêery, /sedeloosheid

sedeloosheid en drankmisbruik mees algemeen voorgekom, terwyl sedeloosheid die grootste voorkomspersentasie by die nie-krimineel-geneigde dogters getoon het.

31. 23.1% van die kinders in hierdie ondersoek was oudste kinders en 14.1% jongste kinders. In Verdere 3.8% was enigste kinders. Die gevolgtrekking waartoe gekom is sover dit hierdie aspek aangaan, is dat daar weinig, indien enige, gedragsbepalende moontlikhede in die geboorteposisie van die kind as sodanig bestaan.

32. 83.3% van die kinders het in goeie gesondheid verkeer, wat h aanduiding gee dat die gesondheidstoestand van die kind, in elk geval wat die jeugdiges in hierdie ondersoek betref, weinig invloed gehad het op die beheerbaarheid van die kind.

33. Sosiaal-teoreties geredeneer, kan enige vorm van jeugwangedrag, nooit veroorsack word deur een enkele faktor nie. Onbeheerbaarheid val ook binne hierdie kategorie soos dit ook deur die gegewens wat tydens die ondersoek versamel is, bewys word. Enige hervormings- of voorkomingsmaatreels wat toegepas word, moet steeds met hierdie feit gedagte hou indien enige resultate verwag word.

---

/(c) AANBEVELINGS:

(c) AANBEVELINGS:

Voorop moet daar gestel word dat hier geen poging aangewend sal word om enigsins aanbevelings te maak in verband met die rehabilitasie en behandelingsmetodes ten opsigte van die onbeheerbare jeugdige nie. Eerstens sou dit meebring dat h bespreking gevoer moet word omtrent die verskillende inrigtings waar sulke kinders in opgeneem kan word, en dit val na ons mening buite die begrensde gebied van hierdie ondersoek. Wanneer daar verder ook h bespreking gevoer sou word omtrent die inrigtingsbehandeling van sodanige jeugdiges, beteken dit dat die werklike kern van die probleem nie aangeraak is nie. Die kern van die probleem lê by die huislike agtergrond van die onbeheerbare kind waar daar, soos uit die gegewens van hierdie ondersoek blyk, h hele aantal negatiewe faktore aanwesig is by bykans elke geval. Wanneer daar slegs gekonsentreer word op korrektiewe maatreëls soos inrigtingsbehandeling, sal die probleem kwalik beheer kan word, en nooit opgelos kan word nie.

Vanweë die komplekse geaardheid van die probleem en sy oorsake, is dit voor die hand liggend dat daar op groot en intensiewe skaal tewerk gegaan sal moet word indien enige resultate verwag moet word. En die pogings sal, met die oog op die toekoms, hoofsaaklik op voorkomende maatreëls gevestig moet word. "...Preventiewe, en nie korrektiewe maatreëls nie, (sal) op die duur die beste resultate oplewer."<sup>(1)</sup>

Die volgende aspekte moet na ondersoeker se mening, aandag geniet by sodanige preventiewe maatreëls:

(i) OUEROPVOEDING:

Hierdie is geensins h nuwe of oorspronklike gedagte nie, en dit is al dikwels deur outoriteite gemeld.

-----  
1) Venter, H.J. : Ducktails as Swerwers in Niemandland, /Soos Mens en Gemeenskap, April 1960, p.25.

Soos Cummings dit stel: "When it becomes clear that parents, teachers, and citizens do not know as much about child behaviour as they should, the first reaction is to suggest an adult-education program for them."<sup>(1)</sup> Hierdie ondersoeker verklaar verder dat dit die logiese oplossing blyk te wees, totdat die probleem verder ontleed word, wanneer daar verskeie probleme in verband hiermee ontstaan - die eerste is dat daar blykbaar geen effektiewe middel bestaan om te verseker dat alle ouers die klasse bywoon nie, en verder dat "...to wait until they get into difficulty with children, is rather late to begin an education in the understanding of human behaviour."<sup>(2)</sup>

Mannheim sien ook die grootste probleem daarin geleë dat "...it is just the type of parent who would need it most that is the least likely to attend educational classes voluntarily, and no useful purpose would be gained by making attendance compulsory."<sup>(3)</sup>

Dit blyk dus dat die bogemelde ondersoekers die waarde van oueropvoeding terdeë besef, dog dat die probleem vir hulle daarin bestaan hoe om te verseker dat die ouers, wat hierdie opvoeding werklik nodig het, wel sodanige klasse bywoon. Na ondersoeker se mening is die probleem dan hoe om oueropvoeding toe te pas sonder amp-telike klasse, en hier word die volgende aan die hand gedoen:

1. Opvoeding deur middel van die radio en die pers: Dit kan nie ontken word nie dat die grootste persentasie van die blanke bevolking vandag wel gereeld in kontak met landsprobleme verkeer deur middel van die radio en die pers, en hierdie twee kommunikasiemiddels kan dus met vrug aangewend word in hierdie proses van oueropvoeding. Daar kan verskeie redes aangevoer word

-----  
1) Cummings, H.H. : Improving Human Relations, (National Council for the Social Studies, Washington, Bulletin 25, November 1949, p.73.) /waarom

2) Ibid.

3) Mannheim, Hermann: Op. cit. p.113.

waarom ook hierdie metode nie baie suksesvol sal wees nie, ondermeer die feit dat, alhoewel sodanige artikels geplaas word, dit nog gladnie by implikasie beteken dat die ouers wel die berigte of artikels lees nie. Verder ook dat daar alreeds vandag verskeie tydskrifte is wat wel gereelde artikels plaas omtrent die opvoeding van die kind.

Feit is egter dat daar ook vandag verskeie artikels geplaas word wat die ouer eerder verwar as tot hulp kom. Artikels waar een enkele faktor as die oorsaak van jeugwangedrag aangevoer word (waarvan h voorbeeld reeds in die Inleidende hoofstuk gemeld is), kan by die ouers, wat nie daardie een bepaalde aspek by die ouerhuis of die kind merk nie, h valse gerustheid skep. Die pers (en in hierdie verband dan ook die radio) kan na ondersoeker se mening egter baie meer produktief gebruik word in die bekamping van die probleem, deur bv. h reeks of reekse artikels (of praatjies in die geval van die radio) te lewer waarin op wetenskaplike wyse eerstens die oorsake van die probleem uiteengesit word (daar is werklik al genoeg ondersoeke op hierdie terrein gedoen sodat aanvaar kan word dat dit h kwessie van Menigvuldige Oorsaaklikheid is), en dan die metodes waardeur dit bekamp kan word, aan die ouers verduidelik word. Hiervoor sal natuurlik die algehele samewerking van die betrokke instansies verkry moet word, en dit sal meebring dat die sensasiebelaaide artikels soos met die strekking van die "geëmansipeerde vrou wat die enigste oorsaak van jeugwangedrag is", in die ban gedoen word. Die samewerking van alle koerante en tydskrifte sal ook in hierdie verband verkry moet word, ten einde te verseker dat die artikel(s) ter insae is van die hele bevolking.

Geredelikerwys word erken dat hierdie indirekte metode geensins vanselfsprekend sal meebring dat die persone vir wie die artikel eintlik bedoel is, dit wel sal /lees

lees nie. Vir diegene wat dit wel lees, kan dit egter h baie duideliker begrip van die probleem meebring; en dit is besonder belangrik, aangesien dit beslis nie die gewenste resultate sal lewer wanneer slegs gestel word hoe die probleem bekamp kan word nie (soos baie tydskrifte vandag doen nie) indien die ouers nie bewus is van die wetenskaplik-vasgestelde oorsake van die probleem nie.

Daar bestaan egter h direkte metode waardeur hierdie opvoedingsbeginsels aan die ouers duidelik gemak kan word sonder offisiële klasse, naamlik

2. Opvoeding deur middel van die skool:

Dit is alreeds gestel dat in baie gevalle, die eerste tekens van delinkwensie reeds in die wanaanpassing by die skool bespeur kan word, en die skool is dus die aangewese instansie om te help in verband met die bekamping van die probleem.

In die gebied waaruit die onbeheerbare jeugdiges wat in hierdie ondersoek opgeneem is, gekom het, bestaan daar tans die Sielkundige- en Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement, wat hulp verleen in verband met die wanaanpassing van leerlinge in skole. In stede soos Pretoria en Johannesburg is daar egter slegs drie personeellede elk wat sielkundige dienste moet lewer aan al die skoolkinders in die betrokke gebied. In die hele Transvaal is daar trouens slegs elf personeellede wat die probleme van 210,000 laerskool- en 94,000 hoërskoolleerlinge op hulle hande het. <sup>(1)</sup> Dit is voor die hand liggend dat hierdie paar persone nie eens by benadering die rol van oueropvoeding sal kan waarneem soos deur ondersoeker in vooruitsig gestel word nie. h Verdere probleem is dat hierdie Sielkundige diens uit die

-----  
1) Besonderhede verstrek deur mej. E.C.Snyman van die Sielkundige- en Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement, in h toespraak gehou voor die Noord-Transvaalse tak van die Maatskaplike Werkersvereniging, op 26 Februarie 1960. /aard van

aard van die saak slegs diegene wat reeds probleme oplewer, tot hulp kan kom, en dit is dus inderwaarheid nie h voorkomingsdiens nie. Die aard van die kinders se probleme is by verre na ook nie altyd van sielkundige aard nie, dog te wyte aan maatskaplike oorsake, en h sosioloog behoort dus van groot nut te wees.

Die aanbeveling wat hier gemaak word, is dan dat daar by elke skool ten minste een sosioloog op die personeel aangestel word. Hierdie persoon se pligte sal dan wees om die huislike agtergrond van al die kinders te bepaal deur die ouers tuis te besoek. Alhoewel dit wil voorkom asof dit h onbegonne taak sal wees om gevallestudie-dienste te lewer aan elke ouerhuis van bv. 700 leerlinge op skool, sal dit nie baie lank so wees nie, aangesien die sosioloog al gou sal kan vasstel welke ouers sy dienste benodig. Hierdie persoon sal ten nouste kan saamwerk met die Sielkundige- en Voorligtingsdiens van die Onderwysdepartement in verband met die intelligensie van die kind, asook in verband met sielkundige behandeling waar dit nodig blyk te wees. Hy/sy sal ook die aangewese persoon wees om die oueropvoeding waar te neem op h direkte wyse van daardie ouers wat dit nodig het, soos dit bepaal kan word uit sy ondersoeke van die kind self, sy vordering op skool wat hy ter insae sal hê, sy intelligensie wat van die Sielkundige Diens verkry kan word, en sy huislike omstandighede en opvoeding deur die ouers, wat met die ondersoek duidelik sal word.

Hierdie persoon sal ten nouste met enige welsynsorganisasie wat reeds met h betrokke gesin te doen het, moet saamwerk in verband met die probleem.

Uit die aard van die saak sal h gewone onderwyser wat miskien gedeeltelik vir hierdie taak afgesonder word, by verre na nie die taak volledig kan onderneem nie, en sal ook hy hom moet beperk tot leerlinge wat reeds /probleme

probleme oplewer. Alhoewel dit sal gebeur dat h sosio-  
loog, indien so h persoon wel by h skool aangestel word,  
ook met dié kinders sal moet werk wat alreeds sigbare  
tekens van wanaanpassing lewer, sal hy ook die groep kan  
bereik waar daar op die oog af nog geen afwykings te be-  
speur is nie, en dit is presies die basis wat vir die suk-  
sesvolle deurvoering van oueropvoeding so belangrik is.

Finansieel sal dit miskien van owerheidswee  
tegestaan word, dog, indien dit so verkies word, sal dit  
geensins kwaad doen indien daar by wyse van proefneming  
by slegs h paar skole aanvanklik sosioloë aangestel word.  
Na ondersoeker se mening sal die waarde van so h stap  
homself baie gou toon. En in iedere geval behoort daar  
nou besef te word dat mooi toesprake en sensasionele be-  
rigte, by verre na nie die probleem sal oplos nie, en dat  
sosiale aksie, met noodwendige groter uitgawes, aangewend  
sal moet word.

Die ruimte ontbreek hier om alle aspekte te  
meld wat aandag behoort te geniet by die oueropvoeding,  
en daar sal net baie kortliks op drie van die belangrikste  
gelet word, nl. dissipline, leesstof, en seksvoorligting.

(i) Dissipline: Soos in die onder-afdeling  
omtrent swak dissipline uiteengesit is, was hierdie h  
faktor wat h besondere hoe voorkomspersentasie by die  
onbeheerbare jeugdige vertoon het. Daar moet dus daad-  
werklik te werk gegaan word om hierdie aspek by die ouers  
tuis te bring. Hulle moet duidelik gemaak word dat ef-  
fektiewe dissipline h dinamiese voorligting en leiding  
aan die kant van die ouers beteken, en dat hulle dissipli-  
nêre maatreëls positief-georiënteerd moet wees. Die  
tugmaatreëls moet dus gekarakteriseer word deur gelykma-  
tige, ferm, eerlike en simpatieke begrip deur die ouers,  
die afwesigheid van persoonlike verbittering en humeurig-

-----  
1) Vgl. in hierdie verband Tappan, Paul W. : Op. cit. p.138. /-heid by



heid by die toepassing van straf, die aanwesigheid en erkenning van bepaalde onderliggende beginsels van gedrag wat die ouers se goedkeuring wegdra en h poging om dieselfde rasionele goedkeuring by die kind teweeg te bring, en voldoende vryheid vir die kind se eie inisiatief. (1)

Negatiewe elemente soos té streng, té swak of inkonsekwente dissipline, wat reeds by die gemelde onderafdeling bespreek is, sal ook aandag moet geniet en onder die ouers se aandag gebring word.

(ii) Leesstof: Hierdie aspek is ook al dikwels in die verlede deur verskillende skrywers gemeld. So verklaar Luella Cole ondermeer:

From newspapers the children learn also of "the inconsistent moral values of adults, of sexual misconduct, of business dishonesty, of fraudulent tax returns, of bribery, of abortions, of fee splitting, of bootlegging, of black markets and of political corruption..... Since the sensational press wastes no space on the ordinary citizen who behaves himself, it is not surprising that children get extremely warped ideas about adult morality from their newspaper reading. This conflict of attitudes is very unsettling, especially to adolescents."

(2)

Verkeerde leesstof kan dus, volgens bogemelde navorser, by die kind diepliggende strominge van verwarring skep wat in antisosiale gedragswyses mag kristalliseer. Cronjé is baie beslissend in hierdie opsig wanneer hy verklaar dat "dit...vandag as h houdbare wetenskaplike bevinding aanvaar (kan) word dat sekere soorte ongewenste publikasies misdaad, veral onder die jeug, in die hand werk, of ten minstens h meewerkende faktor in die veroorsaking van dié verskynsel is." (3)

Die sensasionele leesstof wat vandag so gretig deur h groot persentasie jeugdige verslind word, neig ook daartoe om baie wanbegrippe ten opsigte van die

- 1) Brooks, Fowler D : The Psychology of Adolescence, p.599. /huwelik  
2) Cole, Luella : Op. cit. p.481.  
3) Cronjé, G. : Die Invloed van die Geskrewe Woord, (Mens en Gemeenskap, September 1960, p.151.)

huwelik en gesin by die jeugdiges te laat ontstaan.

Soos Keyter konstateer:

Die nuwerwetse en losse opvattinge oor die "huwelik en gesin vat vinnig pos onder die jonger generasies onder invloed van die bioskoop en die talryke sg. moderne wetenskaplike propaganda-pamflette en ander geskrifte wat veral onder die stedelike bevolking versprei word. Van hierdie beskuldiging is selfs baie van ons nasionale Afrikaanse nuusblaaie en tydskrifte hoegenaamd nie vry te spreek nie."

(1)

Wanopvattinge omtrent die huwelik by die kind, kan h ontredde huwelik tot gevolg hê wanneer die kind self eendag in die huwelik tree, en, aangesien h ontredde huwelik so h ernstige merk nalaat op die kind wat uit daardie huwelik gebore is, soos gedurende hierdie ondersoek aangedui, merk ons dat die kringloop dan voltooi is, en die weg oopgelaat vir h nuwe geslag met gedragsprobleme.

Hierdie kort bespreking behoort voldoende te wees om aan te dui dat die ouers ook op hierdie terrein voorligting sal moet ontvang.

(iii) Seksvoorligting: Omtrent hierdie onderwerp word daar in ons moderne samelewing so baie geskryf dat daar beswaarlik verder hierop uitgebrei kan word. Voldoende as daar gestel word dat dit beslis h probleem is, soos bewys uit die geweldige persentasie kinders, en dan veral dogters, wat in hierdie ondersoek hulle aan seksuele wangedrag skuldig gemaak het. Hier word geensins bedoel dat die persoon wat die oueropvoeding waarneem ook die seksvoorligting moet waarneem nie - die mening word steeds nagehou dat die ouers die persone is wat hier daadwerklik leiding moet gee, en hulle sal derhalwe deur die oueropvoeding ook op hierdie terrein leiding moet verkry indien dit nodig blyk te wees.

11) KONSTRUKTIEWE

1.) Keyter, J. de W. : Die Huwelik en Gesin, pp.138 - 139.

(ii) KONSTRUKTIEWE GESINSORG:

Hierdie onderafdeling sluit nou aan by die vooraangaande, aangesien dit nie in die vooruitsig gestel word om hier h bespreking te voer oor die algemene voordele van konstruktiewe gesinsorg nie, dog daar slegs op gewys wil word as voorkomende maatreël in samewerking met die sosioloog wat by die skool aangestel word, soos vooraf uiteengesit.

Ons het reeds gesien dat bepaalde negatiewe faktore (soos bv. armoede) ook eventueel gedragsprobleme by die kind tot gevolg kan hê. Oueropvoeding sal uit die aard van die saak in so h geval nie alleen voldoende wees om die toestand te verlig nie, en gesinsorg kan dus hier tot hulp kom. Alhoewel welsynsorganisasies na die beste van hulle vermoë gesinsorg toepas, kry hulle uit die aard van die saak slegs te doen met gevalle waar die toestand alreeds h akute stadium bereik het. Die sosioloog wat by die skool aangestel is, sal egter vroegtydig enige sodanige probleme kan merk, en as voorkomingsmaatreël kan konstruktiewe gesinsorg toegepas word. Samewerking met ander welsynsorganisasies is natuurlik hier van groot belang.

(iii) REGTE VRYETYDSBESTEDING:

In die betrokke onderafdeling is daar reeds gestel dat die gebrek aan gesonde vryetydsbesteding opsigself nooit die oorsaak van onbeheerbaarheid en jeugwangedrag kan wees nie. Tog is daar ook gestel dat die meeste wetlike en morele oortredings deur jeugdige in hul vryetyd begaan word, en die korrekte besteding van vryetyd sal h belangrike hulpmiddel in die bekamping van die probleem vorm. (Die feit dat h totaal van 86.5% van die jeugdige in hierdie ondersoek geen deel gehad het in opbouwende en karaktervormende vryetydsbesteding nie, dui op die belangrikheid daarvan.)

/Hier kan

Hier kan die skool weereens h belangrike rol vervul, deur bv. na-uurs daaglikse verpligte sport en/of ander karaktervormende maniere van vryetydsbesteding te doseer. Die objeksie dat onderwysers nie voldoende tyd hiervoor sal vind om daaglikse nog van bv. 2-uur tot 5-uur ook by die skool te moet wees nie, word verwerp - daar is reeds gestel dat, om die probleem aan sy wortel te bekamp, daar GROOT gedink en GROOT opgetree sal moet word. Daar kan noodwendig een of ander vasgestelde program uitgewerk word waarvolgens onderwysers hierdie aspek van hul werk behandel ten einde die individuele las te verlig, of, indien dit nodig blyk te wees (en daar word nie gehuiwer om dit te sê nie) moet die personeel uitgebrei word.

Wat die kind se vryetyd saans betref, sal weereens gepoog moet word om deur middel van oueropvoeding (en veral voorligting in verband met effektiewe dissipline, wat reeds behandel is), die ouers te korreer om hier strenger op te tree. Daar is al deur persone aangevoer dat enige kind wat saans na h bepaalde uur op straat verskyn, h brief van sy/haar ouer moet kan toon dat hy/sy die toestemming het om daar te wees, en dat, indien nodig, hierdie reëling wetlike sanksie moet verkry. Dit lyk egter nie of hierdie idee prakties uitvoerbaar is nie, en veral die moontlikheid van vervalste toestemmingsbriewe kan nie uit die weg geruim word nie. Daadwerklike hulp van die kant van die ouer sal hier nodig moet wees - hulp wat, indien nodig, deur middel van oueropvoeding verkry kan word.

#### (iv) VERDERE NAVORSING:

Die laaste aanbeveling wat hier gemaak wil word, is dat daar steeds intensiewe navorsing moet wees. Hier word nie slegs gedink aan individuele poginge nie, dog aan h volkskalse navorsing met die hulp van die instansies wat direk met hierdie jeugdige werk. Proefbeemptes en ander maatskaplike werkers (-sters) kan bv. /van vraelyste

van vraelyste voorsien word wat met elke ondersoek na die agtergrond van delinkwente jeugdige, voltooi moet word. Dit sal weinig addisionele werk meebring, aangesien die meeste van die besonderhede wat verlang sal word, in iedere geval vir die opstel van die gewone verslag nodig sal wees. Die vraelyste sal egter verseker dat uniforme gegewens verkry word en daar nie, soos bv. in hierdie ondersoek die geval was, "nie genoteerde" gevalle voorkom nie. Die voltooiing van hierdie vraelyste by elke ondersoek van hierdie aard, kan, indien nodig, departementele beleid, en dus verpligtend, gemaak word. Ons huldig die oortuigde mening dat dit sal meebring dat daar voortdurend resente gegewens omtrent die probleem beskikbaar sal wees. (Die gegewens kan bv. aan die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing of die Navorsingsafdeling van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene verstrek word vir bewaring en verwerking.)

Ondersoeker wil geensins daarop aanspraak maak dat die bogemelde gegewens die probleem sal oplos nie, of dat "oueropvoeding" bv. die towerslag is waarmee die hele probleem uitgewis sal word nie. Daarvoor is die probleem, soos reeds by herhaling gestel is, veels te gekompliseerd. Ook word daar nie gesuggereer dat verantwoordelike instansies nie bewus is van die akutheid van die probleem nie, of nie groot pogings aanwend om dit te bekamp nie. (Die nuwe Kinderwet <sup>(1)</sup>, waar besonder baie klem gelê word op die ouer se verantwoordelikheid ten opsigte van sy kind met delinkwente neigings, is 'n goeie voorbeeld hiervan en beslis 'n progressiewe stap). Feit is egter dat bogemelde voorstelle die klem laat val op voorkomings-dienste, en dit is na ons mening die enigste basis waarvan die probleem werklik beveg kan word.

Ten slotte kan gestel word dat daar steeds

-----  
1) Die Kinderwet, 1960. (Wet nr. 33 van 1960). /ernstige

ernstige aandag aan die probleem geskenk moet word - nie omdat h numeriese getal wat die toename in jeugwangedrag, delinkwensie en onbeheerbaarheid aantoon, die leser met afskrikking vervul nie, maar omdat daar enigsins mense-materiaal verlore gaan, al is die statistieke ook gladnie so sorgbarend nie. Want in die huidige wêreldtoestand wat aan die ontwikkel is, kan nie bekostig word om een enkele mannekrag verlore te laat gaan sonder dat daar daadwerklik aandag aan die probleem geskenk word nie.

---

BIBLIOGRAFIE.

- BANAY, Ralph S : Youth in Despair. (Coward-McGann, Inc. New York, 1948).
- BARNES, H.E. en TEETERS, N.K. : New Horizons in Criminology. (Prentice-Hall Inc. New York, 1944.)
- BERGEL, E.E. : Urban Sociology. (McGraw-Hill Book Co. Inc. New York, Toronto, London, 1955.)
- BOGARDUS, E.S. : Contemporary Sociology. (University of Southern California Press, Los Angeles, 1932)
- BOSSARD, J.H.S. en BOLL, E.S. : The Sociology of Child Development. (Harper and Brothers, New York, 1960.)
- BRAUDE, J.M. : The 'Why' of bad boys. (National Probation and Parole Association, New York, Year Book, 1938.)
- BROOKS, Fowler D. : The Psychology of Adolescence. (Houghton Mifflin Co., Cambridge-Massachusetts, 1929).
- BUHLER, CHARLOTTE : From Birth to Maturity. (Kegan Paul, Trench, Trubner and Co. Ltd., London, 1945.)
- BURGESS, E.W. en LOCKE, H.J. : The Family. (American Book Company, 1945).
- BURT, C. : The Young Delinquent. (University of London Press Ltd., hersiens 4de druk, 1957.)
- GILLIERS, S.P. : Gesonde Gesinsbou. (Universiteitsuitgewers en - Boekhandelaars Edms. Bpk., Stellenbosch, 1960.)
- COLE, Luella : Psychology of Adolescence. (George Allen and Unwin Ltd. London, 1959.)
- GRONJE, G. : Die Invloed van die Geskrewe Woord. (Mens en Gemeenskap, Pretoria, September 1960.)
- CUMMINGS, H.H. : Improving Human Relations. (National Council for the Social Studies, Washington, Bulletin no. 25, November 1949.)
- DUNGEN, M. van den : De Jeugdige Mens en de Machteloosheid der Volwassenen. (Mens en Medemens-reeks, Uitgeverij Het Spectrum, Utrecht/Antwerpen, 1958.)
- EISSLER, K.R. : Searchlights on Delinquency. (International Universities Press, Inc. New York, 1949.)
- ELLIOTT, M.A. en MERRILL, F.E. : Social Disorganization. (Harper and Brothers Publishers, New York - London, 1941.)

- FARIS, R.E.L. : Social Disorganization. (The Ronald Press Co., New York, 1955.)
- FLEMING, C.M. : Adolescence. (Routledge and Kegan Paul Ltd. London, 1948.)
- FOLSOM, J.K. : The Family and Democratic Society. (John Wiley and Sons Inc. New York, 1945.)
- GEFFEN, I.A. : Delinquency and Domestic Court Problems in the United States of America and South Africa. (The Carnegie Corporation Visitors' Grants Committee, Pretoria, 1935.)
- GILLETTE, J.M. en REINHARDT, J.M. : Problems of a Changing Social Order. (American Book Co., 1942.)
- GILLIN, J.L. : Social Pathology. (D.Appleton Century Co. New York and London, 1946.)
- GLUECK, Sheldon : Crime Causation. (National Probation and Parole Association, New York, Year Book, 1941.)
- GODDARD, H.H. : Feeble Mindedness. Its Causes and Consequences. (The McMillan Co., New York, 1920.)
- GOODSELL, W. : Problems of the Family. (D.Appleton-Century Co. Inc. New York - London, 1936.)
- HENTIG, Hans von : The Criminal and his Victim. (Yale University Press, New Haven, 1948.)
- HORTON, P.B. en LESLIE, G.R. : The Sociology of Social Problems. (Appleton-Century-Crofts Inc. New York, 1955.)
- HUNTER, W.F. : Delinquent Corners. (The Exposition Press, New York, 1949.)
- HURWITZ, Stephan : Criminology. (George Allen and Unwin Ltd. London, 1952.)
- JOHNSON, K.B. : Meeting the Training Needs of the Delinquent Girl. (The Training School Bulletin, 1941.)
- KAWIN, Irene : Family Dissension as a Factor in Delinquency. (National Probation and Parole Association, New York, Year Book, 1946.)
- KEYTER, J. de W. : Die Huwelik en Gesin. (Die Tweede Trek-Reeks, nr.VII, Nasionale Pers Bpk. 1940.)
- KUHLLEN, R.G. : The Psychology of Adolescent Development. (Harper and Brothers Publishers, New York, 1952.)



- LANDIS, P.H. : The Broken Home in Teen-age Adjustment.  
(Washington Agricultural Experiment  
Station Bulletin no. 542, 1953.)
- LEMERT, E.M. : Social Pathology. (McGraw-Hill Book Co.  
Inc. 1951).
- MCDUGALL, W. : An Introduction to Social Psychology.  
(Methuen and Co. Ltd. London, 1950.)
- McKAY, H.D. : The Neighborhood and Child Conduct.  
(Annals of the American Academy of Political  
and Social Science, 1949.)
- MANNHEIM, Hermann : Juvenile Delinquency in an English  
Middletown. (Kegan Paul, Trench, Trubner  
and Co., London, 1947.)
- MERRILL, Maud A : Problems of Child Delinquency. (Houghton  
Mifflin Co., Cambridge-Massachusetts, 1947).
- MIHANOVICH, C.S. : Principles of Juvenile Delinquency.  
(The Bruce Publishing Co., Milwaukee, 1950).
- NEUMEYER, M.H. : Juvenile Delinquency in Modern Society.  
(D. von Nostrand Co. Inc. New York, London  
and Toronto, 1949.)
- NORDSKOG, J.E., McDONAGH, E.C. en VINCENT, M.J. : Analyzing  
Social Problems. (The Drysden Press, New  
York, 1950.)
- PHELPS, H.A. : Contemporary Social Problems. (Prentice-  
Hall Inc., New York, 1947.)
- QUINN, J.A. : Urban Sociology. (American Book Co., 1955).
- RICKEY, H.A. : Youth and Alcohol. (Abingdon-Cokesbury  
Press, New York-Nashville.)
- ROSE, A.M. : Sociology. The Study of Human Relations.  
(Alfred A. Knopf, New York, 1957.)
- ROUCEK, J.S. en WARREN, R.L. : Sociology. (Littlefield,  
Adams and Co., New Jersey, 1959.)
- SCHERMERHORN, C.M. : Delinquent Boys in Foster Homes.  
(National Probation and Parole Association,  
New York, Year Book, 1938.)
- SHULMAN, H.M. : The Family and Juvenile Delinquency.  
(Annals of the American Academy of Political  
and Social Science, 1949.)

- SLAUGHTER, J.W. : The Adolescent. (George Allen and Unwin Ltd., London, 1925.)
- TAPPAN, Paul W. : Juvenile Delinquency. (McGraw-Hill Book Co. Inc., New York, London, Toronto, 1949.)
- : Delinquent Girls in Court. (Columbia University Press, New York, 1947.)
- VAN DER WALT, J.A. : h Historiese Sosiologiese Onderzoek van die Ontwikkeling van die Beleidsrigting ten opsigte van Kinderbeskerming en Kinderontwikkeling in die Unie van Suid-Afrika vanaf 1910 tot 1950. (Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein, 1955.)
- VAN DER WALT, P.J. : Die Suid-Afrikaanse Misdaadstatistiek. (Pro Regepers, Potchefstroom, 1954.)
- VENTER, H.J. : Die Jeug - Waarheen? (H.A.U.M., Kaapstad-Pretoria, 1958.)
- : Ducktails as Swerwers in Niemandland. (Mens en Gemeenskap, Pretoria, April 1960.)
- VENTER, J.D. : Die Omvang van Jeugmisdaad in Suid-Afrika. h Ontleding van die Vraagstuk aan die hand van beskikbare gegewens. (Verslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks nr. 2).
- WILLEMSE, W.A. : The Road to the Reformatory. (S.A. Council for Educational and Social Research Series, Pretoria, 1938.)
- : Die Sorg vir ons Kinders en Jeugdiges. (Die Tweede Trek-reeks, nr.IV., nasionale Pers Bpk. 1941.)
- WILLEMSE, W.A. en RADEMEYER, C.I. : Kriminologie. (Uitgewer: Maj. J.J.Coetzee, Afdelings Kriminele Onderzoek Offisier, Transvaal Afdeling. Gedruk deur Afrikaanse Pers, Bpk., Pretoria, 1933.)
- YOUNG, Kimball : Personality and Problems of Adjustment. (Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1952.)

VERSLAE, WETTE, JAARBOEKE, ENS.:

DIE KINDERWET, 1937. (WET nr. 31 van 1937).

DIE STRAFPROSESWET, 1955. (WET nr. 56 van 1955).

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN OMSENBRIEF 57 van 1955.

DIE HUISGENOOT, 18 MAART 1960.

INTERNATIONAL SURVEY OF PROGRAMMES OF SOCIAL DEVELOPMENT -  
Prepared by the Bureau of Social Affairs, United Nations  
Secretariat, United Nations, New York, 1959.

NATIONAL PROBATION AND PAROLE ASSOCIATION, NEW YORK,

JAARBOEKE:

- i) 1931.
- ii) 1938 - The Offender in the Community.
- iii) 1939 - Trends in Crime Treatment.
- iv) 1941 - Probation and Parole Progress.
- v) 1942 - Social Defences against crime.
- vi) 1945 - Social Correctives for Delinquency.
- vii) 1946 - Society's Stake in the Offender.
- viii) 1947 - Redirecting the Delinquent.
- ix) 1948 - Bulworks against Crime.

MENS EN GEMEENSKAP, JAARGANG 1, NR. 1, APRIL 1960.

MENS EN GEMEENSKAP, JAARGANG 1, NR. 3, SEPTEMBER 1960.

TOESPRAAK GELEWER DEUR MEJ. E.C.SNYMAN VOOR DIE NOORD-  
TRANSVAALSE TAK VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKERSVERENIGING  
OP 26 FEBRUARIE 1960.



